# Hoofstuk VII.

## 'n Regverdige Oplossing vir die Probleem.

### 1. VOORVEREISTES VIR 'N OPLOSSING.

#### a. Erkenning van 'n Selfstandige Afrikaanse Volksdeel in Rhodesië.

#### i. Die Afrikaanse Volk in Suid-Afrika.

In die vorige hoofstukke is aangetoon dat die N.G.Kerk in Rhodesië nie die onderwys van sy dooplidmaat aan sy lot kan oorlaat nie, en dat dit hoofsaaklik by die enigste gesaghebbende en van staatsweë erkende inrigting, die N.G.Kerk self, berus om 'n oplossing vir die onbevredigende stelsel aan te bied. Immers moet dit ook duidelik wees dat die Kerk geen ander oplossing sal kan voorlê as wat reeds uit die kerkskole en die C.N.O.-beginsels van die twintiger-jare spreek nie.

Die eerste groot saak wat nou na byna sestig jaar van kolonisering in Rhodesië onomwonde uitgemaak en as 'n feit deur die owerheid en die Engelssprekende publiek erken moet word, is dat die Afrikaanse Volk 'n Volk is met 'n eie selfstandige bestaan, met 'n eie verlede, 'n eie godsdiens en lewensbeskouing, eie tradisies, geskiedenis, agtergrond - en 'n eie taal, almal wat behoue gebly het en behoue sal bly. Eers wanneer in Rhodesië deur Boer en Brit gesê kan word. „Ja, ons glo uit ons hart"[1] aan die kultuur, die Roeping, die voortbestaan van die Afrikanernasie, sal die moeilikhede wat nog op opvoedkundige gebied bestaan, verdwyn.

So'n erkenning is nie eenvoudig nie, want daarmee sal eerstens toegegee moet word dat die groot imperiale strewe van verengelsing van die Boere-volk misluk het, en tweedens dat per implikasie , in 'n verengelsingsbeleid van die toekoms ook die kieme van mislukking opgesluit lê. Dit is vir die Engelssprekende owerheid moeilik omdat die Engelse net by uitsondering 'n fout erken - 'n uitsondering wat nie dikwels herhaal word nie,[2] en ook omdat dit vir hulle maklik is „to drift into the habit of

1) C.M.v.d.Heever: Die Afrikaanse Gedagte, 129.
2) Froude: Oceana, 60.

thinking that everything must be good per se which is good for us."[1] Dit is moeilik juis omdat die enigste beleid wat die Rhodesiese owerheid gehad het om volgens te werk, dié was wat gepoog het om die Kaap te verengels en wat selfs die kerk by daardie verengelsingsbeleid as 'n hulpmiddel wou gebruik. Dit is moeilik omdat uit juis daardie pogings die Engelse idee, geskoei op die Engelse aprioristiese en laissez-faire houding,[2] van 'n Engels-Hollandse verhouding vir hulle gekristalliseer het, en hulle dié nog, trots die mislukkings en gevare, as die enigste gangbare verhouding beskou.

Tog is in die afgelope 20 - 30 jaar die gronde wat so'n erkenning regverdig, baie duidelik omskryf. Hulle het veral gekristalliseer om die Volk se Gereformeerde geloofsbelydenis en lewensopvatting, en die Volk se histories-christelike Roeping.

Daar is twee beskouinge wat oor die wese van 'n volk gehuldig kan word; die eerste is dat dit „geword" is, gebore is (natio: uit nasco) en gegroei het tot waar dit is volgens die Bestel van God, of tweedens dat dit 'n „losse sameraapsel van losse indiwidue, .... 'n kunsmatige sameflansing van verskillende seksies, groepe of sogenaamde volksdele is,"[3] wat net in regsverband deur die owerheid saamgebind word.

Uit die geskiedenis van die Afrikaanse volk is dit nie moeilik om te bepaal watter van die twee dié volk se besondere beskouing is nie. Hy is die produk van die nasies van Wes-Europa wat die Protestantse Christendom gemaak het wat dit is. Hy is gebore uit die stryd om die behoud van die lewensbelangrike godsdienstige beginsels van die groot kerkhervorming van die 15$^{e}$ en 16$^{e}$ eeu toe, onder meer, die Nederlanders die Tagtigjarige Oorlog teen die magtige Spanje gevoer het, en die geestelike leiers soos Martin Luther, in Duitsland, Johannes Calvyn in Frankryk, Ulrich Zwingli in Switzerland en

1) Alston: White Man's Work in Asia and Africa, 36.
2) Van Wyk: Invloed van Engelse Skoolwese, 9-12.
3) Wapenskou: April 1943, 42.

John Knox in Skotland die gereformeerde geloofsoortuigings as die fondamente van die Christendom vasgelê het.

Uit hierdie gereformeerde adel en agtergrond het die volksplanting in Suid-Afrika 'n aanvang geneem. Daarom dan ook dat die Afrikaanse Volk kragtens sy gereformeerde belydenis die hand van God sien en erken in alles wat gebeur, en as Calviniste maar een suiwer grondslag vir alle dinge en een regverdiging van sy bestaan in die suidhoek van Afrika erken, naamlik die wil en welbehae van die God wat die nasies skep. Hoe vanselfsprekend daar nog altyd aangeneem kon word dat die verhouding tussen God en hulleself 'n Verbondsverhouding was, spreek baie duidelik uit die gebed van Jan van Riebeeck op 6 April 1652 toe hy die nuwe volk in Afrika „geplant" het. Hy het onder 'n ernstige roepingsbesef verkeer, nie alleen ten opsigte van die diens wat hy en sy manne die Oos-Indiese Kompanjie verskuldig was nie, maar ook ten opsigte van die taak wat God hulle opgedra het in verband met die handhawing van die Christelike godsdiens wat reeds 16 eeue in Europa deurleef het, en die verspreiding vir seker nie 'n korter tydperk as 16 eeu nie, van die „Gereformeerde religie", die „gereformeerde Christelijke leere" onder die barbaarse stamme in Afrika. Dit was geen toeval dat uit die vervolgde Hugenote 'n aantal na Suid-Afrika gekom het om die gereformeerde godsdiens te versterk en die nuwe volkie met die allerbeste van die Hervorming, op ekonomiese en kulturele sowel as op geestelike en godsdienstige gebied uit te brei nie. Geen toeval dat uit die Nederlandse, die Franse en die Duitse groepe in die besondere lands- en tydsomstandighede 'n aparte volk, die boerevolk, met eie geestelike struktuur en lewensinstelling, eie taal, eie taak, eie nood en eie hoop gebore is nie. Vir die gereformeerde dus, vir die N.G.Kerk ook in Rhodesië, is die bestaan van afsonderlike volke, die volkse beginsel, in ooreenstemming met Gods geopenbaarde Wil, en daarom sal die Afrikaanse volk met sy Godgegewe doelstelling, aard en roe-

ping as aparte volk moet bly voortbestaan, aangesien die Skrif nêrens die volkse veroordeel, nêrens die opheffing van die verskille nie, maar alleen 'n geestelike oorbrugging daarvan deur 'n eenheid in Christus verkondig.

Die leidende figure wat opgetree het gedurende die tydperk waarin die koloniste die binnelande van Kaapland dieper en dieper ingedring het, het hulle dan ook almal gestel op die standpunt waarop van Riebeeck hom gestel het - „draers van die ware gereformeerde Christelijke leere." Nie alleen hul lewenswyse het getoon dat die Afrikaanse volk 'n volk van gelowiges met 'n eie bestemming in 'n eie vaderland is nie: Die hele volkse geskiedenis verskaf 'n beeld van die Verbond wat God tussen nasies en Homself oprig.

As landbouers moes hulle self die grond bewerk en nie teer op gewetenlose uitbuiting van die inboorlinge soos in soveel ander dele van die wêreld die geval was nie. Stadig maar seker het die volk noordwaarts geweeg. Na elke terugslag was daar sterker lewe by die volk wat die hand van God in die gedurige weeropstanding van daardie volk gesien het, na die onderdrukking van W. A. van der Stel, na die pokkies-epidemies 1713-1755, na die depressie en armoede 1780-1800, na die Engelse oorheersing en die uittog van die Trekkers uit die kolonie, na die moord op Retief, die slagting van Bloukrans, die inlywing van Natal, die droogtes van 1862-1864, die inlywing van Transvaal 1877, na die uiteindelike goud-oorlog van 1899-1902, die wapenopstand en sy gevolge van 1914, die volksverdeeldheid wat aan die begin van die Tweede wêreld-oorlog sy hoogtepunt bereik het. „So sal die toekomstige geskiedskrywer telkemale vasstel dat die handjievol Afrikaners in hierdie Suiderland met skynbaar onvermydelike uitdelging bedreig word. Maar nog meer as deur hierdie skouspel van dreigende vernietiging sal hy getref word deur die onverwagte redding uit die nood wat daar opgedaag het elke slag as ons......volkie die laagtepunt van sy bestaan bereik het, - na elke nag 'n nuwe

môre, na elke terugslag 'n nuwe oplewing, na elke nederwerping 'n wederopstanding, 'n verjonging, 'n renaissance."[1)]

Na 300 jaar kan niemand blind wees vir die waarheid van 'n Afrikaanse geestehouding, 'n Afrikaanse geskiedenis, 'n Afrikaanse roeping en bestemming nie. „Daar is soiets as 'n „Boerevolk," anders as al die volke. Daar is derhalwe so iets soos die roeping van die Boerevolk wat daardie volk alleen kan en moet vervul. En hierdie Boerevolk is 'n organiese eenheid, wat gebore is in gehoorsaamheid, aan die ordonnansies van God."[2)]

Die roeping van hierdie Boerevolk bly in sy wese nog dieselfde as 300 jaar gelede, naamlik om die Christelike beskawing in Afrika te laat seëvier. Die volk is nog die enigste blanke Christelike ras in die hele vasteland wat hier wortel geskiet het, en hom as blanke bly bewaar het, juis omdat hy geglo het in sy nasieskap kragtens sy gereformeerde geloof. Daarom het hy nie met die barbaarse stamme gemeng nie, want die wetenskap bewys dit en die geskiedenis bevestig dit, dat waar 'n hoër beskawing met 'n barbaarse ras meng, daar verdwyn die hoër ras altyd. Dit het byvoorbeeld geskied met die vroeëre nedersettings in Afrika, soos met die Foenisiërs, Grieke, Romeine, en Portugese. Die geskiedenis het net een uitsondering sover gelewer, en dit is die Boere-nedersetting in die Suidhoek van Afrika.[3)]

Vandag hou Suid-Afrika nie alleen die sleutel tot die oplossing van die rasse-probleme in Afrika self nie, maar hy is ook die land van die Afrikanerdom, „wat aangelê is om in beide groot wêreld-vraagstukke, nl. dié van die sosialisme en van ras en kleur, reg te kies en dus ook reg te lei, omdat sowel sy besondere geskiedenis hom daartoe voorbeskik het en sy lewensbeskouing deur daardie geskiedenis dié bepaalde Christelike stempel verkry het wat die betekenis van die Christendom

1) Prof. J.Burger in Inspan: Februarie 1943.
2) Wapenskou, April 1943, 14.
3) Vgl. Strydom: Die Rassevraagstuk, 16, 17.

vir die teenwoordige lewe tot sy volle reg laat kom..... altans in beginsel, nl. die Calvinisme in sy Afrikaanse vorm, soos dit gestempel is deur sy Hollands-Duitse, Franse en Britse oorsprong. Meer bepaald het die Afrikanerdom in sy ruimere sin dit dus tot taak om Afrika te won vir die Westerse Christelike beskawing, en om aan daardie beskawing in sy hoofvraagstukke prinsipiële leiding te gee, en eindelik om also grotendeels die komende botsing te help beslis ten gunste van die Weste en die blankedom, nie uit eie krag nie maar uit krag van die beginsel waaruit hy gegroei het en lewe."[1)]

ii. <u>Die Afrikaanse Volk in Rhodesië.</u>

Dit is dan die eerste plig van die Rhodosiese owerhede om die Afrikaanse volksdeel in Rhodesië as deel van hierdie Afrikaanse volk met 'n eie aard, identiteit en roeping, 'n eie taal en kultuur te erken. Hierdie volkselement het ook nie per toeval die gebied ingetrek nie, maar hulle was die voorhoede van die nasie wat gevolg het op die noordwaartse ommeswaai van die inboorlinge voor die Groot Trek. In Hoofstuk 1 is reeds aangetoon watter rol die pionier-Afrikaners gespeel het in die ontwikkeling van die land.[2)] Hulle het Rhodesië nie vir die Britse Ryk nie, maar vir daardie blanke beskawing van Suid-Afrika beveilig. Vandag vorm die land, en by name Bulawayo, „die nek van 'n bottel" op die grootpad na Midde-Afrika en die Noorde,[3)] en in daardie bottelnek moet die „ware Christelijk gereformeerde leere" bestendig word, deur alle Christene, maar, soos in die vorige paragraaf aangetoon, veral deur die Afrikaner. Dit wil nie sê dat daar geen samewerking met die Engelse volksdeel wat ook vir 'n besondere taak in Afrika geroep is, kan wees nie. „Neither of the two white races by itself could have survived the disintegrating effect of African conditions. Each has forced the other to strike its roots deep into the soil and in the event we see a

1) Prof. L.J.du Plessis in Koers. Augustus 1948, 13.
2) Vgl. ook p.52.
3) Zambesi Ringsblad: Mei 1945, 4.

measure of achievement to which neither race would have found itself called or proved equal, in its single strength. In other words, each of the two great races, out in pursuit of its own self chosen purposes, has been under God brought into a partnership which is to serve the need of Africa."[1)]

Maar dié rassè-samewerking, die rasse-eenheid waarna in Rhodesië gestreef word, is geen doel op sigself nie, en dit is in die wete dat hy sy eie besondere taak het om te vervul, dat die Afrikaner in Rhodesië trag om homself te bly, want alleen wanneer hy aan daardie gereformeerde lewensbeskouing getrou bly, sal hy die beste vir sy land en vir Afrika kan doen. "Die Afrikaner kan 'n magtige faktor ten goede wees. Ons wat Afrika se belange kan verseker, die blanke beskawing met sy godsdiens handhaaf, ons moet saamstaan en leiding gee, want ons ken geen ander land nie,"[2)] verklaar ook die Afrikaners van Rhodesië.

Nou is daar reeds stemme wat van Engelse kant opgaan om te erken dat die Afrikaner in Rhodesië homself moet handhaaf. "Dit is onwaarskynlik dat iemand wat uit 'n ander land hier intrek, 'n goeie Rhodesiër sal word, tensy hy trots is op die gemeenskap waarvandaan hy kom. Net soos die geestelike erfenis van 'n Engelsman of 'n Skot nodig is vir die vorming van setlaars uit daardie lande tot Rhodesiese burgers, so behoort ook die erfenis van die Afrikaner 'n belangrike rol te speel in sy vorming tot 'n Rhodesiese burger. So is dit byvoorbeeld die afwesigheid van 'n rasse- en kulturele agtergrond wat die kleurlinge in hierdie kolonie so'n probleem maak. Sommige van die bywoner-Afrikaners in hierdie land gaan gebuk onder dieselfde tekortkoming, omdat hulle ten gevolge van noodgedwonge omstandighede 'n baie beperkte agtergrond het. Vir hulle sal die bewusmaking van die kulturele agtergrond van hul eie volk 'n middel wees waar-

1) Cape Times: 22.6.1937, 22.
2) Zambesi Ringsblad: Julie 1947, 8.

deur hulle tot goeie Rhodesiërs opgebou kan word," het 'n voormalige hoof-onderwysbeampte in Suid-Rhodesië, mnr. H.D.Sutherns verklaar.[1] Ook die reedsgenoemde Enkeldoorn-kommissie het dit gewaag om te erken dat "race pride and the maintenance of race traditions are not objectionable, and indeed are to be commended."[2] Maar nou verlang dieselfde kommissie dat al die Afrikaanse volksbelange en volkse beginsels op geen gebied met die Engelse lewensbeskouing moet verskil en in botsing kom nie. Deur so'n houding aan te neem en daarop die onderwys te skoei, verraai die Engelse publiek nie net die noodlottige imperialisme van die verlede nie, maar misken dit sowel die verskille tussen nasies en die goed wat daaruit gebore kan word, as die taak wat die blanke beskawing in Afrika wag, en nie verwesenlik sal word deur mekaar te beveg nie, maar deur gesamentlik elkeen op sy eie terrein te ontwikkel in belang van die hele vasteland. Juis in die stryd om sy eie te bekom, lê daar en het daar nog altyd krag vir die nasies van die wêreld gelê. Omdat vir 'n Christelike blanke beskawing wat nie Christelik en blank wil bly nie, daar nie plek in Afrika in die verlede was nie, daarom stry die Afrikaanse volk onophoudelik om die behoud van sy geloof en nasieskap. Juis hierdie stryd werk skeppend: "it is sheer perversity....that misses the creative tension running through it all, and if we have the mind to see what our intermittent faith has already achieved, we shall know this little people called to a work which overlaps all boundaries and transcends all its self-imposed limitations, and that work is to serve Africa's need, to take its full share in the civilisation of the continent once called Dark."[3] Dit is waarheen die ontwikkeling in Suid-Afrika wys. Dit is ook die ontwikkeling in Rhodesië waar ons nou besef dat ons ons heil self moet bewerk.... Dit word tot 'n groot mate reeds erken dat die Rhodesiese Afrikaner sy gelykwaardigheid met enige ander nasie getoon het deur die wyse waar-

1) Die Kerkbode: 11.9.1946, 497.
2) Enkeldoorn and Schools Commission: Section 43.
3) Cape Times: t.a.p.

op hy die land help skoonmaak het; die wyse waarop hy boerdery kan beheer, waarop hy sy plek vir verskillende nywerhede begin verower, waarop hy organiseer, ensovoorts. Om kort te gaan, hy het getoon dat hy 'n groot aanwins vir 'n land is."[1)]

Om al hierdie genoemde redes: die volkseie aard, roeping en geskiedenis, die volkswaardige plek wat hy ook in Rhodesië volstaan het in diens van daardie hoë roeping, is die Afrikaner geregverdig in sy eise dat die onderwys, as een van die belangrikste staatsinstelling, vir die Afrikaanse kind in positiewe verband met die hele geestehouding, lewensbeskouing, geskiedenis van die Afrikanervolk gebring moet word.

b. Erkenning van die N.G.Kerk in Rhodesië.

i. Die N.G.Kerk in Suid-Afrika.

'n Tweede voorvereiste wat as vanselfsprekend op die eerste sal volg as dié toegegee word, is dat die N.G.Kerk (of te wel ook die Afrikaanse susterkerke) erken sal word as die draer van die Verbondsgedagte van die Afrikaanse volk.

Solank die Westerse volke waaruit die Protestantse christendom ontspring het, bestaan, solank is ook hierdie Christendom bestem om saam met die volkere se geloofsbelydenis te ontwikkel, of by gebrek aan uitlewing van daardie christelike lewensbeskouing te kwyn en te verdwyn. Terwyl nou die Afrikaanse volk sy eie identiteit moet handhaaf, moet hy ook daardie instelling wat veral dien om sy besondere geloofsbelydenis te kristalliseer, die N.G.Kerk, eerbiedig.

Saam met Jan van Riebeeck het daardie gereformeerde belydenis na Suid-Afrika gekom, al het die godsdienstige beheer kerklik nog etlike jare lank na sy koms vanuit sy vaderland geskied. Saam met die Afrikaanse volk het egter die Afrikaanse kerk ontwikkel, gestry en gegroei. Nou wil dit nie sê dat die N.G.Kerk 'n "Volkskerk" wil wees nie; hy is in die eerste plaas bely-

1) Zambezi Ringsblad: Februarie 1941, 1.

deniskerk. "Tog is die lewe van die kerk en die Afrikanerdom so inmekaar gestrengel dat dit nie maklik van mekaar geskei kan word nie."[1] Dit is veilig om te sê dat die dag wanneer daar geen Boerekerk meer bestaan nie, daar ook geen Boerevolk meer sal wees nie, en omgekeerd. Besluite wat in Kerkrade, Ringsittings, Sinodes val, "soms die geringste besluite van suiwer kerklike aard, raak die belange van die volk. Trouens, daar word algemeen aangeneem dat die Boerekerk een van die magtigste bolwerke is om te verhoed dat die Afrikaner sal vervreemd raak van sy eie, sy taal, sy kultuur en sy tradisie."[2] Die Afrikaanse kerk het bly leef van die liefde wat hy gewek het, van die gewilligheid wat hy geopenbaar het om te ly en te stry as die skoonheid en waarheid van sy geloofsbelydenis bedreig word; daarmee het hy sy priesterlike eer teen besoedeling bewaar. Maar die kerk ly en stry nie in isolasie nie dog steeds saam met die volk, en so kom dit dan dat die voortbestaan van daardie volk ondenkbaar is sonder die meelewendheid, raad, leiding van die kerk. Immers het die "Hollandse" kerk vir die Afrikaanse volk die belangrikste "volks"-instelling geword, belangriker nog as sy parlement, as die twee produkte van die besondere en algemene genade van God vergelyk mag word. (En as dit die geval in Suid-Afrika is, is dit in 'n hoër graad die geval in Suid-Rhodesië, waar die staat die "Pax Brittanica" ten alle koste wil handhaaf.) Daarom bely die kerk dan ook "Ons glo dat die eerste roeping van die kerk altyd bly om die geestelike belange van die volk te dien en alles te bestry wat die saak en beginsels van Christus en die eer van God sou skaad in ons volkslewe."[3]

Net soos met die "Hollandse" volk het God ook sy eie weg met die Hollandse kerk in Suid-Afrika gehad. Die oorgawe van die Kaap aan die Engelse het nie alleen tot die grootste gebeurtenisse op volksgebied ge-

1) Koers: Augustus 1948, 6.
2) Idem.
3) Zambesi Ringsblad: Mei 1943, 1.

lei nie, maar ook op kerklike gebied het dit belangrike omwenteling teweeggebring. In Nederland is in 1816 en daarna die Gereformeerde Kerk in die Nederduitse Hervormde Kerk omgeskep wat in kerkregering en kerkleer van die ou historiese koers, soos deur die Sinode van Dordt bepaal en dus ook naas die geïnspireerde Woord van God die grondslag van die N.G.Kerk in Suid-Afrika gevorm het, afgewyk het. Die Kerk in Suid-Afrika het tot by die Engelse besetting onder beheer gestaan van die classis van Amsterdam en dit is hoogswaarskynlik dat as die Kaap onder Nederlandse bestuur gebly het, die kerk hier dieselfde koers as in Nederland sou opgegaan het.[1)] Hierdie band is met die Engelse besetting in 1806 verbreek en die kerk in Suid-Afrika moes daarna teen wil en dank op sy eie bene staan en selfstandig ontwikkel. Sodoende het hy getrag om hom te ontworstel van die skadelike invloede wat die kerk in Nederland ondermyn het. Die N.G.Kerk erken dan ook die genade van God waar Hy dié Kerk na bange en soms lange worsteling elke maal weer die regte historiese suiwere koers, soos vasgelê deur die sinode van Dordt, laat inslaan het. Uit die rewolusionêre tydgees en kerkorde van De Mist sowel as die knellende bande van die Engelse bestuur het die Kerk hom losgeruk. In 1824 is die eerste Sinode gehou, 'n eie reglement vir die bestuur van die Kerk opgestel, en ruim twintig jaar later (1843) het die Kerk sy eie ordonnansie gekry, sy naam bepaal. Teen die liberale gees wat die landseuns in die kweekskole van Nederland sou opdoen, is in die vorm van 'n eie Teologiese Kweekskool (1859) opgetree. Die kerklike splitsing in die tweede helfte van die neëntiende eeu het wel na verbrokkeling gelyk, maar dit het slegs daartoe gelei dat die Afrikaanse kerk sy hand in eie boesem moes steek en hom bewaar vir verslapping. So het die Kerk gestry om vryheid en vir die waarheid teen valse leerstellinge of dwalinge.

Vir die een ewige waarheid van die Afri-

---

1) Zambesi Ringsblad: Junie 1941, 4.

kaanse volksbestaan het die kerkmanne in die vorige eeu dan ook in die bresse gespring teen die verengelsingproses[1] veral ook van die kerklike howe, sodat die Kerk deur die jare heen een van die magtigste bolwerke geword het om die behoud van die Afrikaanse taal. Teen die Liberalisme, Romanisme, Sektarisme, Kommunisme het die Afrikaanse kerke nog altyd 'n duidelike klank laat hoor. Ook teen die sosiale misstande het die Kerk opgetree. Hy het eerste aandag gegee aan hulpbehoewende oues van dae, aan blindes en sorgbehoewende kinders. Hy het eerste die agteruitgang in sekere van die volksgeledere waargeneem, het die eerste Werkverskaffingsburo en die eerste koshuise vir minderbevoorregte kinders in die lewe geroep. Die armsorgwerk van die Kerk duur nog steeds voort, die gedurige waaksaamheid oor die toepassing van die regte opvoedkundige beginsels word volgehou, teen die maatskaplike euwels van dobbelary, Sabbatsontheiliging, drankmisbruik, onsedelikheid, volksvervreemding duur die stryd nog voort. In elke Kerk en kring bestaan daar vandag kommissies wat die volkslewe op alle gebiede probeer dek en van raad dien. „Die kerk is nog die magtigste, liggewende en beskermende faktor wat ons siele sowel as ons volkswelsyn wil en kan dien."[2] „Dit moet betwyfel word of daar 'n voorbeeld van groter eenheid (van die Afrikanernasie) gevind kan word as hier waar die Afrikaner met sy kerk en sy kultuur-organisasies dit verwerp, wat vreemd aan ons lewensbeskouing is."[3] Inderdaad was die Afrikaanse kerke met byna 'n miljoen siele nog nooit so bekwaam ter uitvoering van sy roepingstaak as juis nou nie.

Dit is dan ook nie vreemd dat dit veral op die gebied van die sending en 'n gesonder rasse-verhouding is dat die kerk hom die afgelope jare toespits nie. Behalwe die Binnelandse Sendingwerk strek die voorposte van die Kerk reeds na Betsjoenaland, oor Masjonaland

1) Vgl. P.F.Greyling: Die N.G.Kerk en Armsorg, 95.
2) Zambesi Ringsblad: Junie 1944, 6.
3) Inspan, Januarie 1948, 5.

na Noord-Oos-Rhodesië, Niassaland tot in Kenia, Tanganjika en die Soedan.

ii. Die N.G.Kerk in Rhodesië.

Van hierdie Afrikaanse kerk nou vorm die N.G.Kerk in Rhodesië ook 'n belangrike deel. Van die totale N.G.sieletaal is dit seker maar omtrent net 3 persent; maar in Rhodesië self vorm hy met 15 persent (in 1922 was dit 19 persent) die sterkste minderheidsgroep. Vandag tel die N.G.siele volgens die statistiek nagenoeg 11,000,[1)] maar, insluitende die lede van die ander kerke, is daar waarskynlik twee of drie maal meer as die 12,500 wat deur die kerke opgegee is.[2)]

Verder het, soos reeds in die eerste hoofstuk aangetoon is, die Afrikaners wat die landboutrekke die land ingebring het, net soos in Suid-Afrika ook in Rhodesië hulle op die platteland gevestig. Terwyl die Anglikaanse kerk 62 persent, die Presbiteriane 64, die Wesleyane 61, die Rooms-Katolieke 61 en die Jode 77 persent van hul lede op die dorpe gehad het, was daar in 1922 byvoorbeeld net 26 persent N.G.Kerklede op die dorpe. Wat egter veral belangrik is, is dat terwyl die Anglikaanse geloof die meeste aanhangers het, die N.G. Kerk in die distrikte Bikita, Charter, Chilimanzi, Gutu, Makoni, Melsetter, Ndanga en Matobo die sterkste is.

Die rol wat die N.G.Kerk in Rhodesië in belang van die Afrikaanse volksdeel en dus <u>ipso facto</u> van die hele land, gespeel het, is ook nie minder aanskoulik as die geval in Suid-Afrika was nie. Daaroor is reeds in die vorige hoofstukke I,III,IV,V, geskryf.

Dat die N.G.Kerk in Rhodesië 'n vervulling van Gods Raad is, is die gereformeerde Calvinis dus allesins geregverdig om te glo en te bely. „Ons is nie per toeval hier nie,.......dis Gods Wil.......Die N.G.Kerk het 'n Heilige roeping ook in Rhodesië. Hier in die land van die Noorde moet 'n blanke Christelike beskawing

---

1) Jaarboek N.G.Kerk, 1948.
2) Die Volksgenoot 4.11.1948, 4.

met die Bybel as rigsnoer vir die lewe wees. Daarom moet ook hier die Boerekerk wees."[1] Vandag staan die N.G.Kerk nie voor die deur nie, maar in die midde van juis daardie barbaredom vir wie Jan van Riebeeck 300 jaar gelede gebid het. Sy besondere taak in dié verband kan hy aan geen ander kerk oordra nie - immers moet die N.G.Kerk hom juis onderskei in die uitvoering van daardie eie Roeping. Die ander kerke erken dan ook hierdie „onderskeiding" van die N.G.Kerk op veral vier gebiede, te wete die klem wat gelê word op die Woord van God as die hoogste waarheid en enigste rigsnoer in die lewe, die heiligheid van die Sabbat, die geweldige uitgebreidheid van sy sendingaktiwiteite, en die feit dat dié kerk soveel manne en vroue opgelewer het en nog oplewer wat uitstaan op godsdiensgebied en die openbare mening in die regte rigting probeer stuur.[2] „The world is waiting for a lead and it is for the churches to give it. With its great influence in Souther Rhodesia, I feel that the Dutch Reformed Church has a corresponding responsibility in promoting harmony,"[3] het C.Tait die goewerneur van die land, ter geleentheid van die herdenking van die vyftigjarige bestaan van die N.G.Kerk in Rhodesië gesê.

Maar daar is nog te min erkenning by die gewone publiek en die owerheid in die algemeen van die taak en roeping wat die N.G.Kerk het om in en deur Rhodesië te vervul. Egter gaan die jare van miskenning, minderwaardigheid verby. „Wat wil die Boerenasie nou eintlik met hul N.G.Kerke van die Kaap tot aan die Sambesie uitrig? Paulus beantwoord die vraag in 1 Pet.1:8: „Die einddoel van jul geloof, die verlossing van siele.""[4] Die N.G.Kerk as die draer van die Verbondsgedagte van die Afrikaanse volk, as die besondere volkse instelling om die Evangelie nie alleen aan blank nie, maar ook aan naturel te verkondig, moet ook in Rhodesië die erkenning geniet wat hom toekom. Wanneer dit gebeur, sal ander

1) Zambesi Ringsblad: Oktober 1945, 1.
2) Idem.
3) Zambesi Ringsblad: September 1945 (Feesuitgawe.)
4) Ds. W.Nicol in die Zambesi Ringsblad: September 1945

kerke ook besef watter onreg gepleeg word wanneer proseliete gemaak word, en sal owerheid en publiek die stem van die kerk erken as die stem van 'n soewereine instelling, ook wanneer daardie instelling wys op die nadele en gevare vir die Kerk en die Volk wat in die huidige onderwysstelsel opgesluit lê.

c. Die N.G.Kerk en sy Bemoeiing in die Onderwys van die Afrikaanse kind geregverdigd.

i. Prinsipieel.

'n Derde voorvereiste is dan ook dat die N.G.Kerk se belangstelling in en bemoeiing met die onderwys as geregverdig erken sal word. Dit behoort tog duidelik te wees waar die onderwys van die kind nie rekening hou met die besondere volks- en kerklike lewensopvatting nie, daardie kind van sy volk en kerk vervreemd kan raak en dat daarmee nie alleen die kind nie, maar die hele volk en kerk in die vervulling van hul roeping skade berokken word. Hoewel die blaam vir die nadelige gevolge op die staat gelê moet word, mag die kerk nogtans hom nie onttrek en toesien dat die toestand verder versleg nie. So'n onverskillige houding van die kerk ten opsigte van die onderwys sal, soos reeds aangetoon, niks anders as troubreuk wees nie. Dit is die kerk se reg en plig om die „toesig te hou oor die gees en rigting van die opvoeding en dus ook van die skoolopvoeding;"[1] en wel eerstens kragtens die doopgelofte waarin die ouer as belydende lidmaat van sy kant sekere „conditiën die geheel (de opvoeding, in al haar deelen en gedurende gansch haar verloop bindt,"[2] onderskryf het. Egter moet daar terwille van die gewete toegegee word dat so'n belofte slegs so lank bindend is as wat die ouer lid van die N.G.Kerk bly, en derhalwe as verbreek beskou moet word sodra die vader die kind uit dié kerkgemeenskap, deur self daar uit te tree, wegneem. Maar, en hierop val die nadruk, „juist uit deze mogelijkheid van wettige beloftebreuk mag en moet dan ook in den strickten zin geconcludeerd, dat de kerk zoolang de vader zijn lidmaatschap van de kerk niet opzei,

1) C.N.O.Beleid: 1.
2) Kuyper: "Ons Program" 478.

dan ook wel ter dege by de opvoeding van het kind recht van meespreken heeft."[1] Maar in die tweede plek is dit die reg en plig van die N.G.Kerk om te waak vir die opvoeding opdat die staatskool nie ateïsties word nie; en dit wel omdat die N.G.Kerk 'n uitgesproke Christelike lewensbeskouing huldig, en die Afrikaanse Protestantse volk verteenwoordig, en hy nie buite sy voege handel wanneer hy so'n lewensbeskouing ook in die skool van 'n nominaal Christelike maatskappy mag veronderstel nie. "In een natie, onder den invloed van het Christendom gevormd, achtte deze een gemeenschappelijken schat aanwezig van Christelijke consciëntie, "waarvan het bewustzijn in alle harten leeft, ook by groot verschil in leerbegrip, en dit Christelijk geweten zou worden gekwest, wanneer in de school zijn bestaan zou worden geloochend. Gelijk onze geheele staatsinrichting als die van een historisch door het Christendom gevormde natie, daarvan in menigerlei opzicht den stempel draagt, zoo moet ook het staatsonderwys, op de staatschool gegeven, deze nationale eigenaardigheden eerbiedigen. De geïncrimineerde woorden hebben beteekenis als een belydenis, die, voortgesproten uit de collectieve Christelijke consciëntie, met tersijdestelling van alle leerbegrip, in het hart van ons volk leeft, als protest tegen het rationalisme, dat niets meer dan flauw geteem is, en tegen het materialisme [Liberalisme], waarteen wel gewaakt en gewaarschuwd mocht worden."[2] Waar hierdie reg en plig van die kerk hom deur die staat ontsê word, is dit "niets anders en niets minder dan schending van de vaderlijke soewereiniteit, moedswillige beloftebreuk jegens de kerk, ondermijning van de zelfstandige rechten des wetenschap, en als gevolg van dit drievoudig vergrijp, losmaking van de banden van godsvrucht en huislijke zeden, ontzenuwing van het ouderlijk plichtsbesef, aanblazing van een twistvuur in den boezem der natie, en verwoesting van de nationale opvoeding door het drijven van den spot met elk begrip van eenheid en harmo-

1) Kuyper: a.w., 477.
2) Oosterlee: Geschiedenis van het Christelijk Onderwys, 176

nie."[1)]

Die houding wat die N.G.Kerk in die verlede in Rhodesië ten opsigte van die onderwys aangeneem het, is dus gebore uit die oortuiging dat daar vir die N.G.Kerk geen ander weg oop was om te volg nie - 'n weg van protes en verset.

ii. <u>In Suid-Afrika.</u>

Die optrede van die N.G.Kerk en sy belangstelling in die onderwys was en is ook nie iets nuuts of slegs beperk tot die Rhodesiese skoolstelsel nie. Dit is so oud soos die bestaan van die Kerk self. Volgens die Calvinistiese beginsels het die kerk in Nederland en die Dordtse Sinode die Gereformeerde Staatskool omskryf,[2)] en "hoewel ons hier tegnies mot Staatsonderwys te doen het, het die hoë mate van samewerking van kerk en staat by 'n gemeenskaplike belydenis tog die indruk geskep dat die kerk absolute kontrole oor die onderwys het."[3)] Onderwysers moes lidmate van die Gereformeerde Kerk wees, vroom, eerbaar, godsalig en stigtelik leef; hul bekwaamheid moes getoets word voordat hulle aangestel kon word; na aanstelling moes hulle voor die Ring (Classis) verskyn, die Geloofsbelydenis en die Kategismus onderteken, en beloof om dit te onderwys; skoolsessies moes met gebed deur een van die leerlinge geopen en gesluit word, die onderwysers moes die kinders leer lees, dan skryf en waar vereis, ook leer reken, steeds die christelike leer onderwys, psalms leer sing, sorg dat die kinders Sondags tweemaal kerktoe gaan, en hulle vermaan om nie te vloek, te dobbel of kaart te speel nie; Saterdae moes hulle by die predikant die psalms vir Sondag gaan haal, dit in die kerk opskryf en hulleself daarin oefen. Ook moes hulle in die kerk as voorlesers optree.

Indien hulle hulle nie in leer en lewe aan hierdie voorskrifte hou nie, is hulle onder sensuur geplaas en by gebrek aan verbetering ontslaan.[4)]

1) Kuyper: a.w., 481.
2) Keet e.a. Wonderdade van God, 216.
3) Idem. 217.
4) Idem. 218.

Die leiding en reëling van die Dordtse Sinode[1] is ook deur Van Riebeeck aan die Kaap toegepas, waar die eerste skole in die nouste verband met die kerk gestaan het. Die goewerneur De Chavonnes het in 1714 dan ook die skoolstelsel formeel by die vaderlandse gebruike laat aansluit, waarin die Gereformeerde leer tot grondslag van die onderwys sou dien. Die kerkrade was in baie opsigte die skoolrade (skoolarge). „Deur 'n wakende oog te hou oor die tipe van persoon wat toegelaat is om die jeug te onderrig, het die kerk reeds 'n heilsame uitwerking op die vorming van die volkskarakter laat geld. Buitendien was die tipe onderrig wat onder toesig van die kerk meegedeel is, naamlik 'n Bybels-Calvinistiese, bereken om verreikende gevolge op die volkslewe uit te oefen deur aan hom daardie staal in sy karakter te besorg wat onmisbaar is in die lewe van 'n volk van voortrekkers wat geroep was om die land te onderwerp en mak te maak, en tog, temidde van al die gevare en terugslae, homself te bly en die ras suiwer te bewaar."[3] Ook die lidmaatskap van die kerk wat by die ouers swaar geweeg het, en wat veronderstel het dat aspirant-lidmate moes kon lees en skryf was 'n „magtige hefboom" van die kerk. „Het stelsel van aanneming by ons in gebruik..... oefent m.i. een zekeren dwang uit zelfs op ouders die anders het onderwys der kinderen geheel en al zouden verwaarloozen, zoodat betrekkelijk weinige kinderen, tot onze kerk behoorende, volstrekt ongeletterd blijven."[4] Ook in die uitgestrekte gebied met sy verspreide gesinne was die morele sanksie van die kerk ten opsigte van die eise aan sy lidmate 'n ware stukrag.

Die skoolstelsel van De Mist en die Engelse owerheid in die neëntiende eeu het die band tussen kerk en skool formeel verbreek, en die Regering het die saak van die opvoeding in eie hande geneem. Die toestan-

---

1) Vgl. Malherbe: Education in South Africa, 22.
2) Vgl. Spoelstra: Bouwstoffen 11, 371, 452, 453.
3) Greyling: Kerk en Armsorg, 14, 15.
4) Kerkbode: 1873. 142.

de het egter so versleg[1] dat die Kerk hom vir kosterskole beywer het. Lord Charles Somerset wou egter die kolonie met alle geweld verengels en die idee belaglik gevind dat so'n handjievol mense - bietjie meer as 30,000, toegelaat sou word om in 'n land wat deel van die Britse Ryk geword het idees en gewoontes te bestendig, wat nie Engels was nie. Die offisiële angliseringsproses is deur die invoer van Skotse predikante in Engelse skoolmeesters bespoedig, dog private skole het al gou as protes die staat se gratis skole in getalle oortref.[2] Die sinode van 1834 en daarna het sy misnoeë uitgespreek oor die gang van sake op onderwysgebied, en duidelik te kenne gegee dat hy desnoods self die onderwys sou behartig. Selfs na die voorstelle gedoen deur kolonel Bell en sir John Herschel het die N.G.Lede nog 'n treurige tafereel opgehang van die "jammerlijken toestand van het onderwys in deze volksplanting, en de noodzakelijkheid beweerd dat er onderwijzers worden aangesteld onder het onmiddellijke op en toezicht der kerkraad."[3] Al is aan die onderwyskommissie 'n meer kerklike kleur gegee deur die aantal predikante in die bekende "Bible and School Commission" uit te brei, was dit net om 'n meer Engelse beleid te bestendig.[4] Na 1840 het die staatsondersteunde skole egter meer kans vir die N.G.Kerk-veral op die platteland - gebied, "om eindelik de facto die hele onderwysstelsel - vir sover dit die Hollandssprekende gedeelte van die bevolking aanbetref - in hande te hê."[5] Vir die N.G.Kerk was 'n neutrale sekulêre onderwys onmoontlik en daarom het hy hom beywer om seggenskap in, indien nie beheer oor die onderwys nie, te verkry.

Intussen is 'n Sinodale Onderwyskommissie benoem (1847) wat veral moes optree na die onderwyswet van 1865 voorsiening gemaak het vir diegene wat op onderwysgebied die geleentheid wou aangryp, "om hulleself te

1) Malherbe: Education in South Africa, 45.
2) Malherbe: Idem. 57.
3) Dreyer: Historisch Album, 158.
4) Vgl.van Wyk: Invloed van die Engelse Skoolwese, 181.
5) P.F.Greyling: N.G.Kerk en Armsorg, 26.

red." "Dis duidelik dat hierdie hele stelsel op 'n kolossale fiasko sou moes uitloop, indien daar geen sterk hand was wat kon ingryp en toesien dat die volkskinders tog die meeste voordeel uit die beskikbare hulpverlening sou trek nie."[1] Vanaf 1865 het die onderwys-masjinerie dan ook met versnelde tempo in die hande van die kerk oorgegaan, ten minste wat die Hollandssprekende gedeelte van die bevolking betref."[2] Die sinode het handelend opgetree, oor die opleiding van onderwysers op die kerk se rekening besluit, twee skoolkommissies, een vir Oos en 'n ander vir Wes-Kaapland benoem. Subkomitees sou in elke gemeente aangestel word wat weer aan die "Superintendent van die Ring" verslag sou doen (die sogenaamde "Ringsinspekteur van skole"), wat op sy beurt die hoofkommissie aangaande skoolaangeleentheid sou inlig, en die verteenwoordiger van die kerk by die Regering wees.[3] In 1870 het die Sinode self oorgegaan tot die aanstelling van sewe "Ringsinspekteurs van Skole" om aan die oprigting en vermenigvuldiging van geskikte skole, veral in verwaarloosde streke, te arbei. Daarna het weer talle private skole ontstaan, veral na in 1873 in die "Wetten en Bepalingen" van die kerk 'n reglement op die burgerlike onderwys bepaal het dat "het behoort tot de roeping der kerk en hare besturen in het algemeen en van de kerkraad en de gemeenteleden in het bijzonder, het onderwijs der jeugd met alle erns en ijwer in Christelijke zin te behartigen." Baie van die "kerkskole", (in 1894 was daar 783 en in 1906 802) het geen steun van die owerheid geniet nie, en die algemene ontevredenheid met die staatstelsel het in sommige gevalle gelei "tot een openbare breuke tusschen het Opvoedings Departement en de Plaatselijke School Besturen en tot de Stichting van Kerkscholen geheel onafhanklijk van de Regering."[4]

Ook die prinsipiële grondslae van die on-

1) P.F.Greyling: N.G.Kerk en Armsorg, 33.
2) Idem: 34.
3) Vgl. Acta Synodi X ,70, Bylae X1, XX11 - XXV1.
4) Verslag van die Sinodale Opvoedingskommissie ,Acta Synodi, 1903, 4.

derwysstelsel is veral deur manne soos di. G.W.A.van der Lingen en S.J.du Toit prominent voor die aandag van die kerklike owerhede gebring,[1] en het gehelp om die rigting wat die kerk moes inslaan, te bepaal. So het die N.G. Kerk dan geword "one of the most authoritative agencies for furthering education."[2] Dit het veral geblyk uit die gemeentelike statistiek van 1905 toe daar ruim 47,000 van die 67,000 skoolgaande kinders onderrig ontvang het op skole wat in verband met die N.G.Kerk gestaan het.[3]

Nadat in 1905 'n bepaalde liggaam, die Skoolrade, aangewys is om die belange van die onderwys te behartig, en die Kerk daarmee genoeë geneem het, het hy hom nog gladnie van die onderwysbelange van die volk onttrek nie. Sake soos die onderwys in gebiede buite die grense, kwekeling-onderwysers, die kerk-normaalskool, armkoshuise, industriële onderwys (kerk-industriële skole), die Doofstomme en Blinde Instituut, en Weeshuise was nog steeds die verpligting van die kerk om daardeur in belang van die Afrikaanse kind op te tree.

Ook in die ander provinsies van die land het die kerk die gereformeerde beginsels ten opsigte van die onderwys probeer handhaaf.[4]

Maar veral ook op die gebied van die inhoud van die onderwys, die leerplan, het die kerk hom deur al die jare beywer vir 'n nasionale leerplan. Dit was die grondgedagte teen die verengelsingsbeleid van Somerset wat 'n tipe onderwys ingevoer het wat vir die Afrikaanse kind geen oplossing vir die praktiese lewensstryd gebring het nie, en tewens ook gedreig het om hom los te maak van sy volksaard, sedes, en kerk. Dieselfde ds. A.J.L.Hofmeyr wat in 1890 Rhodesië besoek het, het kort daarna (1894) voorgestel dat die Sinode by die regering aandring "om sodanige wijziging in ons onderwijsstelsel dat de opvoeding onzer kinderen van meer nationale aard mag zijn, en meer mag beantwoorden aan de behoeften

1) Vgl. Venter: Verband tussen Kerk en Skool, 30.
2) Malherbe: a.w., 114.
3) Vgl. Greyling: Die N.G.Kerk en Armsorg, 53.
4) Vgl: Coetzee: Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in Transvaal, 12 e.v.

van de verschillende districten om de toekomstige roeping van de meerderheid der schoolgaande kinderen, aangezien de opvoedingscursus voor elke school nu gegoten wordt in een en diezelfde vorm, waardoor veroorzaakt wordt dat hetgene dat het kind op school moet leeren, dikwijls ondoelmatig is en nutteloos voor zijn toekomstig leven."[1)] Daardeur is die beginsel vasgelê dat die opvoeding nie vreemd aan die volksiel mag wees nie, maar by die volksaard moet aansluit, die volkseiendommelike in die jeug ontwikkel en voortplant, en dat rekening ook gehou moet word met die lewensstryd. Die sinode van 1915 het verder bepaal dat die onderwys en opvoeding rekening moet hou met die volksbehoefte en volksaard, die sedelik-godsdienstige vorming van die kind moet beoog en Suid-Afrika in die eerste plaas voor oë moet hê."[2)]

Uit die aard van die saak was dit geen maklike uitvoerbare bepaling nie, veral as onthou word dat die kerk die tweede Taalbeweging aanvanklik nie goedgesind was nie.[3)] Maar met die vakke soos aardrykskunde en later geskiedenis is 'n meer „nasionale" kleur aan die onderwys gegee. Die Tweede Vryheidsoorlog het die Angliseringsproses tydelik weer laat opvlam maar dit het die Kerk sy „volksroeping" op alle terreine van die lewe helderder laat besef. Ewentueel het dit gelei tot die gedagte van die Vrye Volkskool wat die christelik-nasionale lewensbeskouing van die gereformeerde kerk sal vertolk.[4)] Daarin sal nie alleen die moedertaalmedium onderwys waarvoor die kerk hom steeds beywer het,[5)] aandag geniet nie, maar sal die christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing ten opsigte van die „hele skool sowel wat sy gees, doel, leerplan, metode, tug, personeel-organisasie en al sy aktiwiteite betref,"[6)] tot sy reg kom. „It is hardly too much to say that the Cape (en daar kan ook gesê word die Afrikaner) would not have had a system of education at

1) Vgl. Acta Synodi 1894, 44.
2) Acta Synodi: 1915.
3) Pienaar: Taal en Poësie van die Tweede Afr. Taalbeweging, 99.
4) Greyling: N.G.Kerk en Armsorg, 105, 106.
5) Idem.
6) C.N.O.Kongres Julie 1939, Vgl.ook C.N.O.Beleid,1948, 1.

all, had it not been for the energy and devotion of the Dutch Reformed Church. Again, the ministers of the Church are in the position to study educational needs in a disinterested way. They know the nature and requirements of the people, they are not necessarily concerned with ulterior interests, and they are as a rule in daily contact with the working of the educational machinery.."[1]

iii. <u>In Rhodesië.</u>

Met hierdie oorsig van die rol wat die N.G.Kerk in die onderwys in Suid-Afrika en veral in die Kaapkolonie gespeel het, en waaruit die onderwysstelsel van Rhodesië aanvanklik opgebou is, moet volstaan word. Daaruit kan enigsins bepaal word waarom die N.G. Kerk in Rhodesië, aanvanklik as deel van die N.G.Kerk van die Kaap, hom so intensief vir die onderwys in die nuwe land geïnteresseer het. Toe die land in sy pionierstadium nog gebuk gegaan het onder die gebrek aan organisasie, onderwysgeriewe en bepalinge, en toe die werksaamheid van owerheidsweë net tot die paar groter dorpe soos Salisbury, Bulawayo en Umtali beperk was, was dit veral die N.G.Kerk wat op die platteland die kinders bymekaar probeer kry het en 'n skooltjie geopen het.[1] Ook was die N.G.Kerk die eerste wat sodanige skole op die platteland geopen het waar byna 80 persent van die Afrikaanse bevolking gewoon het. Terwyl die N.G.Kerk wel ook in sy eie belang gewerk het, was dit tog veral in diens van die hele land dat hy getrag het om die Afrikaanse kind vir wie Rhodesië sy tuiste was, van analfabetisme te red. Die N.G.Kerk wou geensins die skool hê as 'n blote verlengstuk van die kerk nie, want volgens sy gereformeerde belydenis moet die skool, wat val op die terrein van die algemene genade en nie soos die kerk op die terrein van die besondere genade nie, 'n selfstandige instituut in die maatskaplike lewe wees. In die "Kerkskool"-periode is daar deur die Kerk miskien te veel nadruk gelê op die

1) Malherbe: (Aanhaling uit Cape Times) a.w., 109.

godsdienstig - kerklike vorming van die kind wat in alle skool-onderwys slegs een doel gesien het, naamlik om die kinders te bring tot belydenis van die geloof, tot kerklike aanneme. Maar dan moet weer onthou word dat dit 'n opvatting was wat in die Kaap, Vrystaat en Transvaal gehuldig was, juis omdat die kerk daar so'n leidende rol in die onderwys gespeel het en noodsaaklik was in Rhodesië waar proselietmakery gedurig gedreig het, en die gevaar dus bestaan het dat die kind sy gereformeerde leer en roeping en desnoods sy siel byster sou raak. Ook was daar miskien te veel die neiging dat die onderwyser die dienaar van die kerk of die predikant of die kerkraad moet wees. Gesien egter in die lig van die liberalisme wat in die staat geheers het, en die feit dat geen navraag na die lewensbeskouing van die onderwyser deur die Staat gedoen is nie, moet ook dié houding van die kerk as geregverdig beskou word.

Dit ly ook geen twyfel nie dat hoewel Rhodes 'n aarts-imperialis was, hy nie die regte van die Boerevolk op onderwysgebied sou ingekort het nie, soos blyk uit die simpatieke oor wat hy verleen het vir die pleidooi van die sendeling-onderwysers.[1] Gesien die besondere pogings wat die N.G.Kerk aangewend het om deur middel van sy skole ook goeie burgers vir die staat te verseker, was dit uiters onredelik om so skielik na Rhodes se dood en so vroeg al as in 1903 teen die Afrikaner op onderwysgebied te diskrimineer. As die Kerkskole dus voor daardie datum (1903) 'n dringende vereiste vir die behoud van die Afrikaanse kind en Kerk, in die Staat was, dan was dit duidelik dat na daardie wetsbepaling die optrede van die Kerk, wat in die C.N.O.-beweging gekulmineer het, dubbel nodig en geregverdig was. Vyftig jaar na die eerste skool deur die N.G.Kerk begin is, pleit dié Kerk nog steeds om die erkenning van sy voorgestelde beleid vir so ver dit die Afrikaanse kind raak, omdat nog nooit 'n omvattende onderwys aan die Afrikaanse kind ver-

1) Vgl: Olivier: Pioniertrekke, 148.

seker is wat hom behoorlik opgevoed het en hom teen armblankedom, minderwaardigheid, uiteindelike kerkloosheid en ontstamming gevrywaar het nie.

Die N.G.Kerk kan die kanale waardeur kennis aan die maatskappy en insonderheid aan die Afrikaanse gemeenskap gebring word, dit wil sê die onderwys, nie aan sy lot oorlaat nie, want dan loop die kind gevaar om verband te verloor met sy gereformeerde belydenis en met sy nasionale roeping. Daarom het die Kerk hom beywer dat Afrikaans op die hoërskole erkenning sou kry, geïnspekteer word, en as eksamenvak goedgekeur is, dat die Sondag deur skoolkinders in ere gehou sal word en daar geen sportbedrywighede vir hulle op daardie dag sal plaasvind nie, dat kosskool-leerlinge verplig sal word om die Sondagskool by te woon, dat rassestryd beveg word, binne en buite die skool, dat die Onderwysdepartement wakker gehou sal word vir die belange van die Afrikaanse kind.

Al hierdie bemoeiing werp reeds sy gesonde vrugte af en daarom kan dit die Kerk, die kind, die Onderwysdepartement en die Staat ook vir die toekoms geen skade aandoen wanneer die regverdige belangstelling van die Kerk in Rhodesië, soos in die Suide, die geval is, erkenning sal geniet, en selfs deur die owerheid aangemoedig word nie. Wanneer laasgenoemde vertroud geraak het met die grondslae van die gereformeerde belydenis, sal dit vir hulle ook duidelik wees, dat die N.G.Kerk op die onderwysgebied niks mag beoog, voorstaan of bewerkstellig wat teen die staat en owerheid, wat van Godsweë aangestel is om te regeer, kan indruis nie. En wanneer dit ingesien word en die Kerk se raad en leiding gesoek word, dan ook sal die gewenste oplossing nie alleen vir die onderwys van die Afrikaanse kind in Rhodesië nie, maar vir die hele gemeenskapsverhouding daar verkry word.

## 2. DIE AFRIKAANSE EN OPVOEDKUNDIG-GEREGVERDIGDE OPLOSSING.

### a. Grondslag.

Uit die voorafgaande behoort dit nie moei-

lik te val om die prinsipiële grondslag van 'n beleid wat die beste opvoeding aan die Afrikaanse kind in die laer- en middelbare skole van Rhodesië sal verseker ; te bepaal nie. Dit moet immers duidelik wees uit die stryd van die verlede dat vir die Afrikaanssprekende kind die onderwys en opvoeding op die grondslag van die lewens- en wêreldbeskouing van die Calvinistiese ouer moet berus; hy moet, met ander woorde, opgevoed word op dieselfde beginsels as wat aan die C.N.Onderwys in Rhodesië ten grondslag gelê het. "In hierdie lewens- en wêreldbeskouing is die Christelike en Nasionale beginsels van fundamentele waarde en het dit die voortplanting, beskerming, en ontwikkeling van die Christelike en Nasionale wese en aard van die Afrikaanse nasie ten doel. Die Christelike grondslag van hierdie lewens-en wêreldbeskouing is op die Heilige Skrif gegrond en in die Belydenisskrifte van ons drie Afrikaanse kerke uitgedruk. Onder die nasionale beginsel verstaan ons liefde vir alles wat ons eie is, met spesiale vermelding van ons land, ons taal, ons geskiedenis en ons kultuur. Ons glo dat hierdie beginsels albei in die onderwys en opvoeding van ons kinders tot volle gelding moet kom sodat hierdie twee beginsels kenmerkend is van gans die skool, wat sy gees, doel, leerplan metodiek, tug, personeel organisasie en al sy aktiwiteite betref. Ooreenkomstig die grondstruktuur van ons christelik-Nasionale lewens- en wêreldbeskouing moet die Nasionale beginsels steeds onder leiding van die Christelike beginsels staan: die Nasionale moet op die Christelike wortel stoel,"[1)]

Ook ten opsigte van die kind en die doelstelling van die onderwys kan daar geen onsekerheid heers in so'n oplossing nie. Daarom moet aangeneem word (a) "dat God die mens oorspronklik gaaf en goed na sy beeld geskep het, dit is, in ware regverdigheid en heiligheid, sonder sonde, sodat hy God sy Skepper reg kan ken en eer, (b) dat die mens deur eie keuse in die sonde geval het

1) Christelik-Nasionale Onderwysbeleid van die N.I.O.O. 7.8.

waardeur die beeld van God in hom sodanig verduister is, dat hy niks anders daarvan oorgehou het nie as net die geringe oorblyfsels wat genoegsaam is om die mens alle verontskuldiging te ontneem, dat deur die sondeval die sonde deurgedring het, en die kind daarom as voorwerp van die onderwys en opvoeding 'n sondige en geen sondelose wese is nie; (c) dat God sy verbond uit vrye genade met die gelowige geslagte in Christus Jesus opgerig het en in die wedergeboorte die kiem van die nuwe Christelike lewe in die kind inplant—, dat hierdie genadeverbond in die geslagte loop en dat daarom in die onderwysdaad 'n kind van die gelowige Christelike ouers as 'n gelowige en nie as 'n heidenkind nie behandel moet word.....(d) dat afgesien van die gemeenskaplike eienskappe wat elke kind met alle kinders uit alle volke gemeen het, daar ook die nasionale eienskappe is wat geken en geëerbiedig moet word."[1)]

Ook ten opsigte van die doelstelling van die onderwys en opvoeding vir die Afrikaanse kind in Rhodesië word die C.N.O.-beginsel onderskryf: "dat alle onderwys en opvoeding wesenlik beheersende leiding en vorming van die kind se ontwikkeling tot volwassene is, in onderworpenheid aan die Woord van God in alle dinge, en dat die hoogste doel van alle onderwys en opvoeding die vorming van mense Gods is, vir elke goeie werk volkome toegerus. Die wese van die opvoedingsproses sien ons daarin dat die jonger geslag so ingelei word in dit wat goed en skoon en edel in die kultuurbesit van die nasie is dat die jonger geslag daardie besit oorneem in ooreenstemming met eie aanleg en behoeftes en dit verder ontwikkel en uitbou volgens die lewens-en wêreldbeskouing van die nasie. Ons glo dat alleen hierdeur die enkeling sowel as die nasie in staat gestel word om God te ken en te verheerlik deur hul onderskeie dele van die kultuurtaak van die mensheid, naamlik om die aarde te onderwerp, en daaroor te heers, te volbring in onderworpenheid aan die

1) Christelik-Nasionale Onderwysbeleid, 9.10.

Skeppers-wil op alle terreine van die lewe." [1)]

b. <u>Die Enigste Oplossing: Aparte Behandeling van die Afrikaanse kind op grondslag van Moedertaalonderwys.</u>

Wanneer nou hierdie voorvereistes en die grondslag en doelstelling van die onderwys erken word, is dit duidelik, ook uit die hele stryd van die verlede, dat aan die Afrikaanse kind in die bestaande vorm van staatsonderwys nie reg kan geskied nie. Die hele probleem en stryd kan dan ook reduseer word tot 'n taalstryd en 'n kultuurstryd. „It is difficult to avoid the feeling that something of the nature of a crisis in our culture is present and that the preoccupation with problems of language is in a sense symptomatic. „Language, as Hegel said, is the actuality of culture, and to question language is to question culture." [2)] Daar is reeds aangetoon hoedat daar net een tipe skool is, te wete die Engelsgeöriënteerde skool met slegs een voertaal vir alle kinders, in alle klasse, in alle vakke, naamlik Engels, en dat hierdie onderwys vir alle kinders gratis maar verpligtend is. Trots die feit, dat die begeertes van die ouer en die raad van die Kerk ten opsigte van 'n nasionale vorm van onderwys vir die Afrikaanse kind egter veronagsaam word, maar wetende dat die imperialistiese stelsel ten nadele van die staat self, van die kerk, van die Afrikaner werk, bly daar geen ander oplossing vir die probleem van die onderwys van die Afrikaanse kind in Rhodesië oor nie, as dat hy 'n onderwys sal ontvang in ooreenstemming met sy volksaard, in sy moedertaal, en dit wel nie in die bestaande klasse of skole nie, omdat dit onmoontlik is, maar in aparte klasse, in aparte skole; met ander woorde 'n onderwys met Afrikaans as voertaal vir Afrikaanse kinders in Afrikaanse klasse deur Afrikaanse onderwysers of onderwyseresse. Alleen deur te erken dat die Afrikaanse volk 'n aparte volk is, dat die N.G. Kerk 'n selfstandige beleid ten opsigte van die gees en rigting van die onderwys daarop nahou en dat derhalwe die

1) Christelik-Nasionale Onderwysbeleid, a.w., 10, 11.
2) Urban: Language and Reality, 12.

Afrikaanse kind ook reg het om daardie eiendommelike nasionale onderwys te geniet, sal die godsdiens, taal en geskiedenis van die Afrikaner in Rhodesië tot sy reg kom, en sal sy kulturele agtergrond en geestelike erfenis vir die Afrikanervolk behoue bly.

Nou moet al dadelik erken word dat wanneer so'n reorganisasie volgens die beginsel van moedertaalonderwys moet plaasvind, dit alleen kan geskied as die onderwys nie as 'n politieke of ekonomiese probleem nie, maar as 'n suiwer opvoedkundige probleem beskou word, waar die pedagogiek selfstandig moet besluit. Wanneer dit die geval is, sal so'n omwenteling in die onderwysstelsel van die kind, waarvoor die staat deur die ouer die verantwoordelikheid sal moet neem, mens gladnie so onmoontlik en rewolusionêr voorkom as wat dit by die eerste oogopslag mag lyk nie.

Voordat die inhoud van so'n moedertaalonderwys bespreek word, moet die vraag beantwoord word of daar wel genoeg Afrikaanssprekende kinders op skool is om so'n skema prakties uitvoerbaar te maak. Hierop moet beslis bevestigend geantwoord word. Voor die getalle aangegee word, moet daarop gewys word dat die huidige stelsel van onderwys soveel verengelsing in die hand werk, dat die getalle die absolute minimum weergee; enige verandering in die stelsel in die rigting van moedertaalonderwys sal die getalle laat styg. Hier moet ook gemeld word dat daar geen opname beskikbaar is van hoeveel Afrikaanssprekendes daar werklik in die land is nie. Slegs die kerke word genoem. Ook dié maatstaf is nie betroubaar om die juiste beeld van die getal Afrikaners te kry nie, aangesien baie Afrikaners so verengels het dat hulle by ander kerke aangesluit het, of as die ouers nog nie aangesluit het nie, dan word daar in baie gevalle nie geskroom om die kind by 'n ander kerk te laat aansluit nie. Baie ouers het wel na die kerk gekom en gesê hulle wil hul kinders laat doop. "Dit wil sê, hulle kom vanself om 'n belofte af te lê dat hulle hul allerbeste sal doen om

hulle kindertjies so groot te maak dat die kinders ook in die Here sal glo, Hom sal volg, en gehoorsaam, en ook sover sal kom om as lede by die kerk aan te sluit. Dog net 'n bietjie meer as die helfte van die N.G.ouers in Rhodesië slaag daarin om dié kind sover te bring dat hy by die N.G.Kerk aansluit."[1] Alleen dié feit is die ernstigste aanklag teen die huidige stelsel en die sterkste pleidooi om 'n radikale verandering.

Die getal Afrikaanse kinders wat wel nog tot die N.G.Kerk behoort het, was in 1946 2364 uit 'n skoolbevolking van 11,779 (staatskole). Laasgenoemde sluit in Jode, Grieke, Portugese en al die ander Europese nasies wat of by die Engelse, Roomse of Presbiteriaanse of ander kerk aangesluit het. Die Joodse kinders tel nagenoeg 500, die ander moet slegs by benadering geskat word uit die getalle wat in die Sensusopgawe van 1941 gegee is en geen melding van ouderdomme maak nie. Toe was daar - volwassenes - 1494 Duitsers, 521 Grieke, 502 Italianers, 215 Litouers, 151 Pole, 112 Hollanders, 104 Jugo-Slawe, 91 Switsers, en 629 onbekend. Dit wil sê, die skoolkinders van die ander groepe is so gering dat hulle, uit 'n numerieke oogpunt beskou, gladnie met die Afrikaanse kinders vergelyk mag word nie. Op sy minste vorm die Afrikaanssprekende skoolkinders 'n kwart van die skoolbevolking in Suid- en 30 persent in Noord-Rhodesië. Watter persentasie hulle sou gevorm het as al die dooplidmate getrou aan die N.G.Kerk gebly het, kan slegs geskat word. Maar selfs met daardie aantal kinders is aparte oorweging geregverdig. So gunstig vergelyk selfs in die Vrystaat nie die Engelse-sprekende skoolkinders teenoor die Afrikaanssprekendes nie, en daardie provinsie roem hom daarop dat sy skoolstelsel volmaakte bevrediging aan albei seksies van die bevolking verskaf omdat van die beginsel uitgegaan en die skole daarop gefundeer is dat die Engelse kind in 'n Engels-eentalige skool die beste presteer en die Afrikaanse kind in 'n Afrikaanse moeder-

1) A.F.Louw, in die Zambesi Ringsblad, Februarie 1943, 8.

taalskool. En daarom geniet die 11 persent Engelssprekende kinders in die Vrystaat moedertaalonderwys.[1)]

Daar is dus uit 'n bloot numerieke oogpunt geen die minste rede waarom 'n stelsel van Afrikaansmediumonderwys vir die Afrikaanse kind nie uitvoerbaar is nie.

Maar ook uit geen ander oogpunt, behalwe die imperialistiese, is die weiering van enkelmediumonderwys in Rhodesië, sover as wat dit die sterkste minderheidsgroep aangaan, geregverdig nie.

Waarop dan word die weiering om die Afrikaanse kind 'n onderwys na sy eie aard te gee, gebaseer? Benewens op die bedekte imperialisme is dit miskien op die geregverdigde vrees dat Afrikaansmediumonderwys vir Afrikaanse kinders tweetaligheid in die land beoog. Maar niks is verder van die waarheid af as juis die "misverstand" nie. In Rhodesië mag moedertaalonderwys nie verwar word met 'n beleid van landstweetaligheid. Moedertaalonderwys veronderstel dit nie, verwag dit nie en maak daarop ook geen aanspraak nie. Niemand in Rhodesië het om tweetaligheid gevra of vra vandag daarom nie.[2)] Verder: daar word deur Kerk en volk erken dat dit wenslik is dat elke kind die nodige hulp en leiding sal kry vir sy noodsaaklike aanpassing in die Engelssprekende land van sy inwoning. "Dit is byvoorbeeld in belang van elke kind om Engels goed magtig te wees, en om in 'n redelike mate vertroud te wees met die kulturele lewe van die Engelse volk As dit vir hom 'n onbekende gebied bly, sal hy hom met moeite, of glad nie, kan beweeg in en aanpas by die samelewing waarin hy sy lewensbestaan moet maak, en waarin hy as burger tog ook sy bydrae moet lewer nie. Die gevaar is dan dat hy nie alleen voortdurend ontuis sal voel in die land van sy inwoning nie, maar, erger nog, dat hy vir homself en vir die gemeenskap, 'n las kan word."[3)] Hierdie aanpassing kan egter ewegoed uit die voorgestelde onderwyssisteem aangehelp en gelei word waar die Afrikaanse

1) Vgl. Greyling: Die Natalse Ouer, 31.
2) Zambesi Ringsblad: Oktober 1945, 2.
3) A.F.Louw in die Kerkbode: 11.9.1946, 496.

moedertaal 'n noodwendigheid en die Engelse tweede taal 'n utilisme is.

Aan die ander kant moet egter ook verklaar word dat die begeerte van Afrikaanse ouers dat die kind binne die bestaande klasse en skole, omdat dit miskien nutteloos is om aan iets anders te dink, toegelaat sal word om slegs sy aanvangsonderwys deur middel van die moedertaal te geniet, glad nie voldoen aan die opvoedkundige, kerklike en nasionale eise nie. Taalonderwys en taalmedium alleen is nie genoeg om die stryd teen die liberalisme, aan te knoop in belang van die Christelike ontwikkeling en Volksroeping nie, maar atmosfeer, gees, rigting en positiewe nasionale lewensbeskouing moet by die moedertaal wees. En hoe kan dié in die gemengde klas of skool verkry word?

c. Die Medium-Vraagstuk.

i. Algemeen:

Dit gaan in hierdie hoofstuk nie om 'n wetenskaplike ontleding van die taal en die moedertaal nie. Vandag is dit 'n algemeen-erkende feit dat in die empiriese opvoedkunde die taal die belangrikste plek onder die psigologiese funksies inneem. "Ons mag die taal inderdaad beskou as die grondvoorwaarde vir die totale ontwikkeling van die mens".....[1] "Die taal is voorhistories, bohistories. Dit is die oorsprong van die gees, of in elk geval met die oorsprong van die gees eng verbonde".[2] Die kennis van taalfilosofie en taalpsigologie het in die twintigste eeu geweldig uitgebrei, maar reeds by die Toring van Babel by die Grieke, Romeine en by die Jode het die noue verband tussen die taal en die lewe van individue en volke deurgeskemer. So het die ou klassieke volke erken dat die taal van die veroweraar in die mond van die verowerde die taal van 'n slaaf is, en het die Joodse leier Nehemia met diegene wat die moedertaal nie kon of wou praat nie, "getwis en hulle gevloek en sommige van hulle geslaan en die hare uitgepluk." Opvoedkundiges be-

1) Coetzee: Inleiding Empiriese Opvoedkunde, 136.
2) Meyer: Moedertaal en Tweetaligheid, 15. (aangehaal).

sef vandag dat daar 'n verwantskap tussen taal en denke en tussen taalonderwys en die opvoeding van die denke bestaan. Dr. M.Langeveld byvoorbeeld, die Nederlandse geleerde wat 'n lys van byna 200 persone aangee wat in dié verband geraadpleeg kan word,[1] het die verwantskap in „Taal en Denke" as volg saamgevat: „Fakties gaat de denkpsichologie nauw samen met de taalpsichologie en eveneens fakties liggen taal en denken geneties ingebed in eenzelfde oergrond, emancipeert het denken zich in hogere lagen verregaand van de Taal."[2] „Enersyds sou die denke nooit verder kon ontwikkel as hy sy nuwe insigte nie in taal kon omsit nie; andersyds sou die taal nooit verder kon ontwikkel nie, was dit nie vir die denke, wat nuwe geestes - inhoude ontdek wat in die taal vasgelê moet word nie,"[3] het prof. B.Nel verklaar. En die psigoloog Delacroix: „Al na gelang ons die tokens (van die taal) konstrueer, verdeel en onderskei ons die dinge. Die taal is die eerste wetenskap, omdat dit die eerste instrument is waarvan die gees gebruik maak om die dinge te rangskik en die geestelike universum op te bou".[4] „The limits of my language are the limits of my world. All life comes back to the question of speech, the medium through which we communicate."[5] Dat 'n lae taalgehalte 'n lae denkpeil beteken, en dat enige onderwyssisteem wat 'n verlaging van die taalgehalte meebring, 'n belemmerde invloed moet uitoefen op die algemene geestesontwikkeling van die kind, en gevolglik ook op die kultuur van die volk is ook algemene waarhede.[6] „Language in Education is not like, Arithmetic in Education or History in Education. Those are subjects, and defective instruction in them leaves a gap in the child's education. But defective language in teaching causes a disease at the root of the mind itself. It disorganizes the whole psychic system of an individual, and of a nation."[7] Verder veroorsaak gebrekkige beheer-

1) Vgl. Langeveld: Taal en Denken, 194 - 196.
2) Langeveld: a.w. 82, 83.
3) B.F.Nel in Die Huisgenoot, 21.7.1944. 17. Vgl. Mulder: Cognition and Volition in Language, 40. e.v.
4) Aangehaal deur Bouman. Stellenbosche Oudstudent, April 1940.
5) Urban: Language and Reality, 49-50.
6) B.F.Nel in Die Huisgenoot, 21.7.1944. 17.

sing van die taal, hetsy moedertaal of tweede taal "'n swak onderskeiding tussen die eie en vreemde kultuur-elemente. Die uiteindelike gevolg is 'n verlaging van die denkpeil en 'n aanmoediging van kultuur-naäping, in plaas van kultuurskepping.[1)]

As taal en denke en opvoeding so 'n eenheid vorm, en as taal dus as basis dien vir die onderwys en ook vir alle verstandsontwikkeling en lewensgroei van die kind, soos die Engelse Staatsverslag dit uitgedruk het: "English is not merely the medium of our thought, it is the very stuff and process of it,"[2)] dan is dit natuurlik 'n aksioma dat daardie taal die moedertaal is. Al die volkere van die aarde erken dit. Vir die Engelse is dit dus Engels, vir die Duitsers Duits, vir die Franse Frans en daarom ook vir die Afrikaanse kind Afrikaans. "'n Volk ontstaan in die afsonderlike vormgewing aan sy werklikheid, in die skepping van 'n eie taal as inhoud van daardie vormgewing.... Die taalvorm dien...tot middel in die geestesaktiwiteit van die volk....Die taalvorm en die volk as skeppende draer daarvan kan nie sonder mekaar ontstaan en ontwikkel nie, dog kan nie met mekaar vereenselwig word nie. 'n Enger betrekking as tussen 'n volk en sy taal is moeilik te vind."[3)] "Language does not exist apart from the people who think and speak it, its roots go deep into the consciousness of each one of us, hence it is that it draws the sustenance enabling it to blossom in speech.... It is the strongest of bonds uniting the members of the group, and is at the same time the symbol and safequard of their common life. What instruments can have greater efficacy than language in affirming the individuality of the group?"[4)]

Hierdie taal van die volk waarin die kind gebore word, die moedertaal, as die basis van alle opvoeding en onderwys word vandag deur alle owerhede en opvoedkundiges in alle lande van die wêreld erken as byna net

1) B.F.Nel, Die Huisgenoot, 21.7.1944.
2) The Teaching of English in England (1921) p.20.
3) Meyer: a.w., 17, 18.
4) Vendreys: Language, 359, 240 - 241.

so vanselfsprekend soos die gebruik van sy bene om te loop. „Dit is tog duidelik en helder as daglig dat elke kind sy skoolonderwys, net soos sy huislike onderwys, moet ontvang deur die medium van sy moedertaal. Watter reggeaarde ouer en watter kundige onderwyser sou ooit vanself daaraan dink, en dit ook doen, om die kind deur enige ander medium as die moedertaal sy onderwys te laat ontvang? Van die dag dat die kind vir die eerste maal sy oë in hierdie wêreld oopmaak, word hy deur sy moeder aangespreek in haar taal en al die onderwys wat hy van haar ontvang, ontvang hy sonder dat dit ooit vir hom 'n vraagstuk is of word, deur middel van haar taal. En as haar kind na skool gaan, dan sal dit nooit in haar gedagte opkom nie, mits sy nie verkeerd gelei en voorgelig is nie......om die kind deur enige ander medium te laat onderwys as deur die taal wat sy soveel jare al met hom gespreek het, en waarin sy al haar onderrig aan die kind gegee het. Kan 'n mens jou ooit 'n voorstelling maak dat 'n Engelse moeder in Engeland, 'n Hollandse moeder in Holland, 'n Duitse moeder in Duitsland uit haarself daaraan sou dink om haar kind in enige taal toe te spreek, te onderrig of te laat onderrig as deur middel van Engels, Hollands, Duits al na die geval dit eis? Die mediumvraagstuk is geen vraagstuk vir die mense nie .... dit is net so min 'n vraagstuk as die feit dat die son elke môre op 'n vaste tyd sy verskyning bo die horison maak en sy ligstrale oor die aarde werp. Net soos die son 'n natuurlike feit is, net so is die onderwys deur die moedertaal 'n natuurlike feit."[1] Die Engelse staatsrapport, „The Teaching of English in England sê: „It is self-evident that until a child has acquired a certain command of the native language no educational development is even possible."[2] Michael West, bekende taalpedagoog, sê in sy „Bilingualism" „All second languages are interchangeable, and are a matter of choice, but the mother tongue is not, it is irreplaceable, unchangeable, it is not a language

1) Coetzee: Inspan, September 1942, 20.
2) Board of Education Publication, 1921 (a.w.), 10.

but the foundation stone of personality. A man who forgets his mother-tongue, forgets himself."[1] Wanneer dan van skole in alle lande van die wêreld gepraat word, word bedoel moedertaalskole, waar hierdie taal die belangrikste deel uitmaak vir die individu en die volk. „Wat die individu betref, is die moedertaal so innig saamgeweef met die sielelewe dat dit die middel is om aan sy omgewing te openbaar wat in hom leef, wat hy self is. Vir hom is die moedertaal die regterhand van sy siel om in kontak met sy omgewing te kom. Sonder sy moedertaal is hy die middel van sy geestelike bestaan kwyt."[2] „Is er" vra die reedsgenoemde dr. Langeveld, „een vak denkbaar waarvan die ver-strekkende portee duidelijker zichtbaar is dan van het leren der moedertaal? Het medium- althans in West Europa nu - van alle kultuur, alle wetenschap, kunst, wijsheid, godsdienst, sociaal leven".[3] „Moedertaalonderwys het die taalbeheersing as die fundamentele weg tot geestes - en karaktervorming ten doel, en dit beteken terselfdertyd die aktiewe en produktiewe toeeiening van die inhoud van die godsdienstige, sedelike staatkundige, regs-, opvoedkundige, wysgerige, wetenskaplike, kuns - propaganda en ekonomiese uitingsvorme van die eie volk op grondslag van sy afsonderlike geesteshouding teenoor die werklikheid."[4] So ook druk die Duitser Panzer dit uit. „Diens aan die eie taal is diens aan die volk. Daartoe is ons almal gebore. God het die lied van die aarde veelstemmig geskryf. Aan elke volk is sy eie besondere klank gegee, en geen volk kan daarop roem dat hy alleen die volle lied bemeester het nie."[5]

ii. In Suid-Afrika.

Met hierdie beskouinge oor die moedertaalonderwys, wat vermenigvuldig kan word, het die kerk in die Kaapkolonie hom dan ook vereenselwig, omdat besef is dat „de taal al het volk is" en dat die taal die beeld

1) West: Bilingualism, 47.
2) Dr. H.Steyn: C.N.O. Kongres 1939, 108.
3) Langeveld: a.w., 110.
4) Meyer: Moedertaal en Tweetaligheid, 59, 60.
5) Aangehaal deur Meyer: a.w., 62.

van die volkskarakter is, "en ook het beste middel om hetzelve voor bederf te bewaren: zij tocht sticht eenen muur tusschen volk en volk en weert den vaak verderfelijken invloed van vreemden zeden, terwijl zij van den anderen kant eigenen zeden opbouwt, en de burgers onderlingt verbindt. Zij onderhoudt den volksgeest, en verlevendigt den alouden volksroem. Zij wijst een volk op diezelfs oorsprong, herinnert de daden van het voorgeslacht, verkondigt den lof der vaderen....zij ontsteekt de harten in liefde voor vaderland en vrijheid."[1)]

Sedert die dae van Lord Charles Somerset toe die Hollandse taal verdring is, het die kerk in die Kolonie die opdraande stryd om behoud van die moedertaal gevoer. Weliswaar is Hollands na 1865 nie as skoolvak verbied nie, maar dit het al meer nodig geword vir die kerk om hom van Engels te bedien. "De verkondiging des Woords in de Engelse taal vindt voordurend bemoediging," het die Kerkleiers gekla.[2)] In 1873 is 'n sinodale kommissie van vyf lede aangestel om die Superintendent-Generaal van Onderwys te versoek om ook finansiële ondersteuning te verleen aan skole waar uitsluitend Nederlands onderwys is. Dit is nie verkry nie. In 1876 het die Sinode self 'n aantal skoolboeke in Nederlands uitgegee, en het sommige van die leraars ook ingestaan om die onderwys in die taal waar te neem. Deur die geskrifte van ds. S.J.du Toit onder andere en met manne soos ds. (later prof.) A. Morrees, en ds. G.S.Malan aan die hoof van die Z.A.Taalbond is ook in die opsig baie waardevolle hulp aan die kerk verleen in sy stryd om die erkenning van Hollands. Teen 1883 het die Hollandse skooltjies ook ondersteuning kon kry, maar dit was slegs liefdadigheid met 'n politieke doel: "The teaching of Dutch is to be encouraged because it helps on the teaching of English"[3)] - 'n houding wat na al die jare nog deur die Rhodesiese owerheid aangeneem word. Die Sinode het in daardie jaar hul stand-

1) Josson: Schets van het Recht van de Z.A.R., ..876.
2) Vgl. Greyling: N.G.Kerk en Armsorg, 84.
3) Acta Synodi: 1883, 64.

punt ten opsigte van die moedertaal duidelik omskryf, en het soos volg besluit: „Aangesien de Hollandsche taal de taal van de kerk en de groote meerderheid der bevolking is, aangezien het voor de meerderheid onzer Boerenbevolking onmoogelijk is twee talen te leeren en het allezins gewenscht is dat zij de beginselen van eene taal, namelijk de Hollandsche, grondig verstaan; aangezien het Hollandsch, hoewel in den laasten tijd meer erkend dan vroeger, nog niet gelijke rechten heeft met het Engels en op de examena, die maatstaf en doel van het onderwijs aan de hand geven, geheel op den achtergrond staat, zoo besluit de Vergadering het onderwijs in de Hollandsche taal op alle mogelijke wijze te bevorderen, en is zij van gevoelen dat het verwaarlozen van de taal, het zij op de publieke of kerkscholen, strekken moet tot schade van de kerk, van de zaak van de opvoeding zelve."[1] Dit het die houding van die sendeling-onderwysers gewees wat na Rhodesië gekom het, maar ook hulle, soos die Sinode, het nie deur so'n houding vyandiggesind gestaan teenoor Engels nie. „Het is onze diepe overtuiging dat allen die in dit land wonen de beide hoofd talen behore machtig te zijn, omdat niets meer schadelijk is voor de gewenschte samewerking van alle secties der samenleving dan onbekendheid van de eene met de taal die door de andere gesproken wordt, waardoor als vanzelf een onoverkomelijke slagboom tusschen die beide wordt gevormd."[2] (Dit was hierdie „samewerking-idee" wat so prominent v voorgekom het in die verslag van die reedsgenoemde Enkeldoorn-kommissie, waarin egter, trots alle getuienisse daarteen nog steeds deur die Engelse aanspraak gemaak is, dat juis deur net hulle taal in Rhodesië te hê, samewerking van hulle kant 'n uitgemaakte saak is!)

Teen 1890 het „Hollands" in die kolonie reeds ook as medium van onderwys op skool erkenning geniet, maar dit was die taak van die skoolkommissies om volle gebruik daarvan te maak. In die praktyk het sake

1) Acta Synodi 1883, 64.
2) Acta Synodi 1903, 58.

soos voorheen voortgeduur. Die Kerk het intussen vir meer onderwysers gesorg deur sy eie Normaalskool op te rig en gevoel dat hy nie mag rus „voordat de Taal van ons Volk by de examina voor den Civielen Dienst en voor Onderwijzers, by de inspectie van scholen, en by het onderwys haar rechtmatige plaats heeft verkregen."[1] Toe die stryd eindelik in 1912 deur die Taalordonnansie besleg is, kon die Sinodale Opvoedingskommissie dan ook rapporteer dat die kommissie „het hare gedaan (heeft) om dit te vergemakkelijken."[2] Om hierdie Ordonnansie toegepas te kry, het die Sinode van 1919 dit dan ook aan die Sinodale Opvoedingskommissie opgedra om by die Administrateur daarop aan te dring dat parelelle skole opgerig sou word, vernaamlik in Engelssprekende sentra waar die toepassing van die Ordonnansie anders onuitvoerbaar was.[3] So het die kerk 'n opdraande stryd gehad teen 'n onderwysbeleid wat Engels kennelik bevoordeel het. „Die kerk was, sonder die minste twyfel, die magtigste bolwerk teen die verengelssing van die volk. Sonder sy hardnekkige verset en voortdurende ywer in belang van die moedertaal, kan 'n mens jou vandag nouliks voorstel wat die uitwerking op die volk sou gewees het van die stelselmatige minagting van wat vir die volksiel een van sy kosbaarste besittings is."[4]

In die jongste stryd het die Afrikaanse kerke in die Unie van Suid-Afrika ook weer by monde van sy verteenwoordigers of die Sinode die beginsel beklemtoon „dat die moedertaal die basis van alle opvoeding en onderwys is, en dat die ideaal van moedertaalonderwys vir die Afrikanerkind alleen in die Afrikaansmediumskool verwesenlik kan word. Tweetaligheid kan nie as doel van die onderwys beskou word nie, maar utiliteitsoorweginge vereis dat die tweede landstaal, ná behoorlike fundering in die moedertaal bygeleer word. Die kind moet 'n aanvang maak met die tweede taal eers wanneer hy 'n grondige be-

1) Acta Synodi: 1906, p.70.
2) Acta Synodi: 1915, 24, 49.
3) Acta Synodi: 1919.
4) P.Greyling: Kerk en Armsorg, 95. Vgl. Scholtz: Die Afrikaner en sy Taal, 43.

gripskennis van die moedertaal het."[1] Die kerk wou steeds nog die mediumkwessie buite die politiek hou maar het besef dat hy aan sy roeping ontrou sou wees as hy hom aan die saak sou onttrek wanneer dit wel daar beland het.

Hierdie onderskrywing van die moedertaalonderwys is dan ook vir die Calvinistiese kerk geen moeilike taak nie, want nie alleen grond hy dit op die Skrif nie, soos onder andere in Nehemia 13:24,25, en Handelinge 17:26 nie, maar juis omdat onderwys deur moedertaalmedium nog altyd die beleid van die Kerk in al sy pogings en ywer vir die onderwys was, die Kerk deur bittere ondervindinge geleer het dat onderwys deur 'n vreemde medium die volksiel geweld aandoen en die nasie beroof van sy identiteit en daar deur wetenskaplikes op afdoende en onweerlegbare wyse aangetoon is dat die onderwys deur medium van die moedertaal pedagogies, sielkundig en geestelik die enigste gesonde en regte is.

In hierdie beskouinge, wat ook deur die N.G.Kerk in Rhodesië gehuldig word (met uitsondering van die tweetaligheidsbeginsel), word dié kerk gerugsteun deur die reeds genoemde getuienisse, sowel as van tal van ander binne die landsgrense, soos prof. C.H. Schmidt in sy „The Language Medium Question („The use of a foreign medium in school affected the mental development and thought of the individual: it caused inattention, lack of interest fatique, unnaturalness, and it prevented the spread of culture to the less educated class"[2]); prof. R.F.A.Hoernle in sy „Verslag aan die Transvaalse Onderwysdepartement ('n Engelse kind op 'n Engelsmediumskool het 'n voorsprong bo die Afrikaanse kind op dieselfde skool. Of om dit anders te sê: dat dit 'n belemmering is om op die skool onderwys te kry in 'n voertaal wat nie die huistaal is nie."[3]; dr. H.A.Steyn, in sy „Moedertaal-onderwys," prof. J.d.W.Keyter in sy „Dringende Vraagtekens in ons Opvoeding en Onderwys" („Daarom is alle gesaghebbendes,

---

1) Vgl. Inspan: Oktober 1943, 12.
2) Vgl. Botha: Stryd om Moedertaal in Natal, 24.
3) Idem.

opvoedkundiges en taalkundiges dit eens dat die opvoeding homself verloën wanneer hy nie pleit om 'n konsekwente moedertaalonderwys nie. Die opvoeding moet in die lewe staan, Deur die natuurlike lewensproses plaasvind, en Tot natuurlike gemeenskapslewe lei"[1]; dr. E.Greyling in sy Christelike en Nasionale Onderwys; dr. H.J.Rousseau in „Die Invloed van Engels of Afrikaans;" Ed. Botes in sy „Taalmediumvraagstuk;" dr. A.H.du P. van Wyk in „Die Invloed van die Engelse Skoolwese op die Kaapse Skoolwese, 1806-1915); M.Basson in sy „Die Voertaalvraagstuk in die Transvaalse Skoolwese." en so meer.

Die enigste teenstrydige getuienis, populêr maar nie wetenskaplik nie,[2] is dr. E.G.Malherbe. Sy boekie „Die Tweetalige Skool" vorm dan ook blykbaar die laaste woord oor die moedertaalonderwys in die Rhodesiese Departement. In die Unie is die kwaad wat die geskrif gedoen het, gedeeltelik weerlê, maar in Rhodesië kan aan die geloof in dr. Malherbe nie veel gedoen word nie. Alle ander opvoedkundiges, manne van uiteenlopende oortuigings het sy werk as wetenskaplik ongeldig verklaar, onder meer prof. B.Taute, prof. J.F.Kirsten, prof. J.A.J. van Rensburg, prof. J.G.Meiring (Stellenbosch) prof. J. Keyter (Bloemfontein), dr. M.C.Botha, prof. B.F.Nel, prof. C.H.Rautenbach (Pretoria), prof. J.C.Coetzee (Potchefstroom), om maar enkeles te noem.[3]

Die oortuiging dat die moedertaalonderwys opvoedkundig, sielkundig sowel as godsdienstig-nasionaal die natuurlikste en gesondste vir beide blanke rasse in die Unie van Suid-Afrika is,[4] het die provinsiale owerhede dan ook genoop om in die Kaapland en die Transvaal (Ordonnansie 5 van 1921 en Ordonnansie 5 van 1911 art.3 respektiewelik) te bepaal dat die voertaal van elke leerling tot en met std. IV sy huistaal is, terwyl „huistaal" beteken die taal wat die kind die beste ken en verstaan. In die Vrystaat bepaal ordonnansie 15 van 1930 art. 49

1) Keyter: a.w., Hierbo. 91-94.
2) Vgl. Inspan: April 1944, 7.
3) Vgl. Inspan: April 1944. 7.
4) Botes: Die Taalmediumvraagstuk, 151

dat die voertaal vir elke leerling in al die standerds van 'n openbare of ondersteunde privaat skool tot en met die sesde standerd die huistaal van die leerling is. In Natal is onlangs die kontroversiële Ordonnansie van 1942 aangeneem waarin bepaal is dat die voertaal van elke leerling in elke staatskool vir blankes die amptelike taal is wat die ouer kies (Art. 11 (1) ).[1)] Selfs hierdie provinsie wat in soveel opsigte met Rhodesië ooreenstem, besef dat moedertaalonderwys noodsaaklik is. Die Ordonnansie openbaar egter dieselfde swakheid as Rhodesië ten opsigte van die keuse wat aan die ouer oogelaat word sonder die nodige leiding van die Departement of die skoolhoofde.

Dit is dan in die lig van hierdie wolk van getuienis dat geen ander stelsel behalwe moedertaalonderwys ook vir Rhodesië aanbeveel kan word nie.

## 3. DIE REGVERDIGING VAN 'N STELSEL VAN MOEDERTAALONDERWYS IN RHODESIË.

### a. Trots dog Kragtens die Huidige Onbevredigende Wetgewing.

Die beleid van die owerheid in Rhodesië ten opsigte van Afrikaans kan soos volg opgesom word: (a) Die Education Act 1938 (Chapter 58, Section 20) bepaal, „The medium of instruction of every pupil in all classes of every Government and every Aided School shall be the English language. Provided that (1) in districts where pupils enter school without an adequate knowledge of English, teachers shall be permitted the use of the pupils vernacular language in order to clarify ideas and facilitate the pupil's knowledge and ability in the use of English; (11) Where a teacher is teaching a language other than English, which has been approved as a subject of instruction by the Minister, he may use that language as medium of instruction by what is commonly known as the direct method." (111) Ministers of recognised religious denominations may, during any religious instruction given by them in terms of this Act, use the language more commonly used in their religions observances by members of

1) Vgl. E.Greyling: Onderwystoestande in Natal, 5.

the denominations concerned." (b) Daarbenewens het die Regering ook die volgende regulasies goedgekeur: "In primary schools, where there is a large proportion of Afrikaansspeaking pupils, the Education Department endeavours to supply kindergarten teachers who have a knowledge of Afrikaans and these teachers are permitted the occasional use of Afrikaans in order to clarify the ideas and facilitate the acquisition of English. In general, it is considered that a second language is not desirable in primary schools, but Afrikaans may be taught as a subject from Standard 1V in primary schools where a sufficient number of parents so desire it and where staffing facilities permit."[1)] (c) Verder word Afrikaans as vak (opsioneel langs Frans) in al die middelbare skole onderwys.

Benewens die feit dat hierdie wetgewing slegs iets beloof ten opsigte van Afrikaans, maar hom gladnie verbind nie, weerspreek en verdoem die wet homself, daarin, dat, terwyl bepaal word dat 'n tweede taal nie wenslik geag word in die laerskool nie, sodra daardie tweede taal Engels is, hy dan juis en met nadruk in die laerskool verpligtend gemaak word, en dat waar die eerste taal dan enige ander taal as die Engelse is, dit met alle mag uit die laerskool geweer moet word. Hoe so 'n onderwys-bepaling deur 'n verligte twintigste eeuse regering naarstiglik jaar na jaar, en trots die feit dat die hele Afrikaanse gemeenskap die onreëlmatigheid daarin beklemtoon het, gehandhaaf word, moet vir enige onbevooroordeelde leek, en opvoedkundige ietwat onbegryplik voorkom.

As die wetgewing egter uit 'n bloot politieke oogpunt beskou word, val 'n verklaring daarvoor nie moeilik nie. Maar dan moet met die grootste nadruk verklaar word dat die owerheid sy gesag misbruik deur 'n selfstandige instelling soos die skool vir politieke doeleindes te wil gebruik. Dit is teen so'n gees in die landswetgewing dat die Afrikaner en sy kerk in opstand

1) Enkeldoorn and Schools, Com., 60.

kom, hierdie „overmaat van onrecht, nogelijk alleen wanneer bij de meesten het regtsgevoel uitgedoofd is, en de vrijheid hun, zoo niet een gevaarlijke, een lastige en ijdele klank is."[1)]

En dit terwyl die groot hervormer van die onderwys in Rhodesië, en tewens die leier van die land die afgelope vyftien jaar lank Sir Godfrey M.Huggins, verklaar het „Our purpose is that every Rhodesian child, whatever his level of academic ability, whether his parents are wealthy or poor, whether he comes from town or country, shall enjoy the right to a free education of the kind best suited to his particular interest and abilities "[2)]; en verder „Our guiding principle will have to be the greatest good for the greatest number, and that is the basis on which we shall have to make these changes from centre to centre."[3)] Aan die verklarings dat daar „equality of opportunity" vir almal moet wees, is daar uit ander oorde ook geen gebrek nie. „I think it is a crime that there should be any child in this country who is not able to obtain a good and sound education ....It is only by allowing our race to have the very best education and to bring out any latent talent there may be, that we will enable our race (white civilisation) to survive in Africa."[4)] „We all want the widest possible opportunities for our children."[5)] „If all children were born with identical capacities and faculties," verklaar die Salisbury koerant, mondstuk van die regering, „or if all expected to follow the same vocations and avocations in life, there might be some excuse for continuing to subject them all to the same education; but as there is nothing more patent than that the innate gifts of children vary almost infinitely, the modern educationist rightly has made up his mind that the education of each child must be along the lines by which that parti-

1) Groen van Prinsterer: Ongeloof, 432.
2) Rhodesië Herald: 2.4.1940.
3) Prime Minister's Speech: House of Assembly: 29.10.1937. (Hansard.)
4) Hansard: 29.10.1937.
5) Farmer's Weekly: 4.8.1948, 27.

cular child shall benefit most, shall be best equipped to take his or her place in the scheme of life with satisfaction to himself or herself and with benefit to the community at large. ......Today the .....equality of opportunity of education for children of all classes of society is admitted, and, equality, having been granted, the educationist of today is able to devote more attention to inherent differences, and, instead of concentrating on one type of capacity, is able to devise a system which will benefit all." [1] So kan die oortuigings dat dit die beleid van die skole moet wees „to give every pupil full opportunity to develop her (his) capacities and gifts, whatever they may be," [2] vermenigvuldig word.

Niemand sal dit dus waag om te ontken dat die onderwysstelsel iets anders beoog as die beste vir alle kinders nie, dat dit „demokraties" „modern" „liberaal" is nie. Die onderwyspersoneel het daarom ook die Eerste Minister bewonder om die „bold manner in which he, (Mr. Huggins) had introduced recent educational reforms" [3] Die onderwysers en die publiek was oortuig dat die betrokke wetgewing (van 1938 en ook ten opsigte van die onderwys vir die Afrikaanse kind) in belang van die hele land was en tot model vir die wêreld kon dien. „If the new education scheme was only given the chance it deserved they had the material in children to produce a system which in time might well serve as a model for other parts of the Empire......For we are a young people and in the main unhampered by prejudice, outworn tradition and the spirit of die-hardism," het die voorsitter van die onderwysvereniging in 1939, (A.D.Campbell) verklaar. „We have all the essentials - boys and girls of average ability,......a not unenlightened public and teachers who are prepared to do their best for the country." [4]

Wanneer dan nou die wetgewing van die land ten opsigte van die onderwys en die implikasies wat

1) Salisbury Herald: 19.4.1938.
2) Idem.
3) Bulawayo Chronicle 5.5.1939, 40.
4) Idem

dit vir die Afrikaanse kind inhou, vergelyk word met die interpretasie van daardie wetgewing deur die owerheid en publiek, moet dit duidelik wees dat die twee onversoenbaar is. "Elke kind na sy eie aard" is die vertolking van die wet: differensieer. En teen so'n vertolking val daar uit 'n pedagogiese oogpunt niks te sê nie. Immers is dit wat die onderwyswetgewing seker ook in die eerste plek beoog het. Maar die inhoud en vertolking van die wet vir die Afrikaanse kind beteken: Elke kind na die Engelse aard; dit wil sê diskrimineer tussen die Afrikaanse en Engelse kind. In die lig van die wetgewing wat ten opsigte van die moedertaalonderwys in lande soos Suid-Afrika, (waar albei seksies in hul moedertaal moet opgelei word omdat dit die enigste gesonde opvoedkundige beginsel is), België, Kanada, Switserland, Wallis, geld, en in die lig van die eenheid wat daar tussen taal en opvoeding bestaan (vergelyk die verklaring hierbo van die Engelse deur die Engelse Staatsrapport "The teaching of English in England" dat daar geen sprake van opvoeding kan wees voordat 'n sekere mate van beheer nie eers oor die moedertaal verkry is nie) kan geen ander gevolgtrekking gemaak word as dat die wetgewing diskrimineer nie. Daarin naamlik dat enersyds verklaar word "that a second language (wat die Afrikaanse kind betref Engels) is not desirable in primary schools" en andersyds dat Engels nie alleen in die primêre skool ingevoer en verpligtend is nie, maar dat dit ook die voertaal moet wees.[1] "Our legislation does not provide for the teaching of Afrikaans in the early stages of education for the reason that the English language is the sole official language of the country, and that an adequate knowledge of English should therefore be acquired before other languages are studied."[2]

Maar dit is nie teen die Engelse taal as die "sole official language" van die land wat die Afrikaner beswaar maak nie, hy wil dit ook in geen opsig ver-

1) Aangehaalde Wet (1938)
2) Enkeldoorn and Schools Commission: 67.

ander nie; dit is ook nie teen die „adequate knowledge of English" dat hy beswaar maak nie, maar (1) teen die veronderstelling dat enige ander taal, selfs die moedertaal, eers geleer kan word, nadat Engels geleer is en (2) die onopvoedkundige wyse waarop deur regulasies wat hul self weerspreek, daardie kennis van die Engelse taal in die Afrikaanse kind ingedwing word.

In die eerste plaas is dit 'n skending van die regsoewereiniteit self, en in die tweede plaas is dit 'n skending van die beginsel van gelykberegtiging van alle burgers van die land; en dit is teen daardie wetgewing wat histories, wetties, opvoedkundig en christelik ongeregverdig en onbillik is, dat die Afrikaner en sy kerk optree en in verset kom: Verset teen 'n wetgewing waardeur aan een sisteem van onderwys nie alleen begunstiging en voorrang nie maar ook oorheersing toegeken word, waardeur hulle vir wie 'n ander soort gesonde en wetenskaplike opvoedingstelsel gewetensaak is, die reg ontsê word om daardie opvoeding te bekom; en ook verset teen 'n sisteem wat, deur sodanige wetgewing bekragtig, as voorbeeldig wil lyk („a model for other parts of the Empire") terwyl ondanks ernstige versoeke, pleidooie, en klagte van 'n aanmerklike deel van die landgenote oor 'n periode van byna vyftig jaar weinige indien enige, moeite gedoen het om na die wetgewing en sy implikasies ondersoek in te stel. „Dit noem ik een bewijs der verharding waartoe men, door langdurig spelen met woorden en beginsels, gebragt is....Ik heb regt mij te beklagen, wanneer, door hen die op zoo hoogen toon van vrijheid en grondwet gewag maken, by soortgelijke ergernis een ergerlijk stilswijgen bewaard wordt. Evewel de verontwaardiging, regtmatig en billijk, zou overdreven en onbillijk kunnen zijn. Immers ben ik geneigd te onderstellen dat onze tegenstanders in de verdrukking, geen welbehagen zouden scheppen, indien ze hun niet by uitnemendheid te pas kwam. Ik acht dat zij gaarne vrijheid, met hunne beginselen verenigbaar, zouden verleenen, maar zij

onderwinden dat elke vrijheid, niet ten dienste hunner inzigten gemonopolizeerd, hun meesterschap bedreigt." 1) Verset dus teen 'n wetgewing wat nie die opvoeding van die Afrikaanse kind nie maar die „imperialisering" van daardie kind beoog, wat nie die onafskeidbaarheid van onderwys en opvoeding erken en die pädagogiek selfstandig laat besluit nie, ten minste dan vir sover as wat dit die opvoeding van die Afrikaanse kind aangaan, maar die staatsimperialisme oor die wese van die opvoeding regter wil laat speel en die onderwysers as uitvoerders van die wet dwing om hul by daardie imperialistiese strewe te bepaal. „It is the business and privilege of the teacher to work directly for the supreme welfare of the State, and to take the leading part in the training of its youth in those arts by which good citizens are made." 2) So'n wetgewing maak owerheid en onderwyser telkens, ook teen die inspraak van hul gemoed, aan die voorskrifte van die liberalisme getrou. „Het valt niet te ontkennen dat elke maatregel van eigendunkelijkheid, hoe afkeurenswaard, evenwel in de denkbeelden van staatseenheid en staatsoppermagt en staatswelzijn en staatsbehoud, verontschuldiging en regtvaardiging vindt. Neen, voorstanders der liberalen begrippen, al mogten zij den wil bezitten, zijn onvermogend mij te schenken wat ik behoef, wat ik eisch, wat tot mijne regten als burger (as Afrikaner) .... als Christen, behoort. Zij gaan naar het voorschrift te werk van eene der tallooze secten, wier verscheidenheid telkens naar de eenheid van despotiek gezag voert. Zij maken te zamen de voortzetting uit van de tweeërlei rigting der revolutie-leer; ontwikkeling, die het onuitvoerlijke begeert ten uitvoer te leggen; reactie, die op bedwang van het onbedwingbare, op gewetensdwang, bedacht is, terwyl beide vasthouden aan een beginsel, dat, onuitputtelijk in belofte, zelf het onoverkomelijk beletsel van verwezenlijking, zelf de bron van gestadige teleurstelling is." 3)

1) Groen van Prinsterer: Ongeloof en Revolutie, 433.
2) Regulations and Courses: Primary Schools: 7.
3) Groen van Prinsterer: a.w., 434, 435.

Sonder om dan nog vir die N.G.Kerk die belangrikste toets toe te pas of die betrokke wetgewing heilig, gegrond op die Wil en gebonde aan die Ordonnansie van God, in die naam van die Heilige Drie-eenheid opgestel is, sodat daardeur verseker sou word dat uit daardie wetgewing alles verwyder is wat die vrye invloed van die Evangelie op die volkslewe kan belemmer,[1] kan geen ander gevolgtrekking gemaak word nie as dat die wetgewing ten opsigte van die Engelsmedium en die tweede taal in die laerskool homself weerspreek en veroordeel, sodat die eienaardige toestand bereik word dat <u>ondanks</u> die wet daar moedertaalonderwys moet wees, en <u>kragtens</u> die wet daar ook moedertaalonderwys moet wees. Met ander woorde, deur wettigheid deur werklikheid te probeer vervang, bewys die onderwyswetgewing net die teenoorgestelde as wat dit beoog het: in plaas van Engelsmediumonderwys alleen word moedertaalmediumonderwys ook per implikasie veronderstel. Waar daar dus sulke minderhede in 'n land is, is dit in beginsel baie twyfelagtig „whether governmental interference either for or against a language or dialect is politically wise in so far as some one or more of them may be necessary for the conduct of official affairs,....a policy of linguistic laissez faire, so far as possible would seem to be most expedient."[2] - Soos S.P.E.Boshoff dit uitdruk in <u>Volk en Taal van Suid-Afrika</u> (10) „Oor taalkwessies word nie by meerderheid van stemme beslis nie," want dan word beslis oor die lot van 'n volk, deur 'n ander volk wat daartoe nie bevoeg is nie.

Wat die wet betref: „There are two qualities that are especially desirable in any legal system: „law should be certain and it should be flexible."[3] Uit die voorafgaande moet dit eerstens duidelik wees dat die onderwyswetgewing ten opsigte van die moedertaalonderwys hoewel „certain" in alle ander lande van die wêreld is, in Rhodesië gladnie so blyk te wees nie omdat die moont-

1) Kuyper: „Ons Program" 2.
2) Gray: Foundations of Language, 119.
3) Brierly: English Law, 26.

likheid van dubbelslagtigheid nie uitgesluit nie. En ten tweede, dat, aangesien die wetgewing reeds in 1903 al uitgevaardig is, en daarna dwarsdeur die wêreld opvoedkundiges getoon het dat so'n wetgewing onwetenskaplik en dus onbillik is, en getuienisse in Rhodesië self ten dien effekte vir byna 'n halwe eeu lank gelewer is, dog die wet nog nie verander is nie, die wetgewing seer seker nie "flexible" is nie. Maar nog meer: Enige wetgewing het as 'n bron of oorsprong die gewoontes, die leefwyses, die lewensbeskouings van die landsbewoners op wie die wetgewing in die eerste plaas van toepassing moet wees: met ander woorde, Rhodesiese wetgewing vir Afrikaans- en Engelssprekende Rhodesiërs. "Custom, as the raw material of law, is our natural starting point" verklaar C. Allen in Law in the Making."[1] Wanneer so'n volksgebruik voldoen aan wettige eise, naamlik bewys van bestaan (proof of existence), vaste gebruik in verlede en hede (antiquity, continuance), vreedsame genot (peacable enjoyment), verpligte en nie slegs fakultatiewe gebruik nie (obligatory force), die sekerheid (certainty), redelikheid (reasonableness), steekhoudendheid (consistency) vertoon,[2] dan, sê Allen, "Custom once indisputably proved, is Law"[3].... recognised and followed as law independently of any sovereign injunction or enforcement. It is a misunderstanding of the evolution of law to regard custom merely as "positive morality," until they have been expressly notified by some determinate law-making authority. The great majority of customs are non-litigious in origin, and depend for their rise and observance on de facto conduct and repetition."[4]

Die eerste administratiewe hoofde van die land het dan ook baie versigtig te werk gegaan om die volksgebruike van die Afrikaanse volk te erken en te eerbiedig - gewoontes wat nie eers deur die vergrootglas van die wet gadegeslaan is om vas te stel of hulle wel bestaan

1) Allen: Law in the Making, 60.
2) Allen: a.w., 120-140.
3) Allen: a.w., 141.
4) Allen: a.w., 141.

en van die eise hierbo genoem, voldoen nie. Bewys daarvan was die afwyking van die gewone reël om net kerk en pastorie-erwe in die nuwe land aan die kerke af te staan, deur vir die Boerebevolking benewens die terrein vir die twee geboue ook 'n uitspanplek te voorsien. „The custom of your people to have a private outspan place near the church, will also be remembered as provided for in the survey," het die sekretaris van die B.S.A.Company aan di. Stegmann en Hofmeyr belowe.[1)]

En as so'n nietigheid soos 'n uitspanplek deur daardie landsvaders erken is, dan tog het die taal van daardie volk ook reg op erkenning. Dit wil sê as taal slegs 'n „gebruik" is.[2)] Maar dit is oneindig meer. „Taal is die siel van die Volk. 'n Volk wat sy taal verloor, verloor sy hele karakter."[3)]

Met ander woorde, die Afrikaanse taal moet erken word, nie as van toepassing op die hele land nie, dit wil die Afrikaner nie hê nie, maar slegs op die Afrikaners, en dit volg dat deur wetgewing voorsiening vir daardie taal (soos vir die uitspanplek) in die onderwys van die Afrikaanse kind gemaak moet word. „Every custom is in some fundamental respect an exception from the ordinary law of the land. „Every custom is limited in its application. It does not apply to the generality of citizens, but only to a particular class of persons or to a particular place."[4)]

Wanneer nou in die wetgewing van 'n land geen voorsiening vir hierdie gebruike gemaak word nie, moet dit as vanselfsprekend ingevoeg word. „Existing custom is.......Law. If it it is not called in question, it operates as part of the general law of the land; if it is called in question, and is proved to exist as a local variation of the ordinary law, and further is not shown to violate any essential general legal principle, it is recognised by judicial authority as good law.....It is es-

1) Acta Synodi, 1893, Hoofstuk 1.
2) Vgl. Vendreys: Language, 241.
3) Nel en Botes: Waarom die Moedertaalskool, 3.
3) Allen: a.w., 126.

sential characteristic of custom that it is not arbitrarily created by the jurisdiction of tribunals or any other determinate legal authority"....met ander woorde die Wet mag nie bepaal dat die Afrikaanse kind, die Engelse gebruike as sy eie sal beskou nie en as die taal 'n „gebruik" is, ook nie die Engelse taal op die Afrikaanse kind afdwing nie......„but is scrutinized by them in order to test the actual observance and validity of the alleged custom as an existing rule of conduct. If satisfied by its scrutiny, the Court recognises the custom as being valid existing law, obligatory for those who come within its ambit."[1]

En as die „scrutiny" ontbreek het, dan het immers die tal van deputasies, die kerkskole, die C.N.O.-skole genoeg bewys gelewer van die bestaan van die Afrikaanse taal as deel van die Afrikaanse „volksgebruike", en daarom van die reg om te eis dat daardie „taal" vir die Afrikaanse volk deur wetgewing erken sal word ook in die onderwys.

Ten slotte: „'n Volk syn taal te ontrowe (op watter manier ook) is in stryd met die volkereg, want daardeur strem jy die nasionale ontwikkeling en ontroof so 'n nasie di voertuig van syn gedagte en di wysheid van sy voorvaders.....Daarom kon die Engelsman en Hollander ons so maklik oorheers - hoewel ons in natuurlike verstand hulle eer vooruit as agteruit is - omdat hulle in ons land hulle taal gebruik en ons taal nog nie erkend word nie."[2] Hierdie stelling het ds. S.J.du Toit in 1890 al neergelê, toe dit baie duidelik geblyk het dat die na-Napoleontiese wêreldorde wat baseer was op die veronderstelling dat die kultuur van 'n volk veranderbaar is en dat 'n verandering van grenslyne 'n taal kan verander 'n onmoontlikheid en mislukking moes gewees het. Eers in die huidige eeu toe die eerste Wêreldoorlog tal van nuwe nasionale tale in die geledere van die mensdom moes toelaat en die vrede van Versailles, die vrede van Wene

1) Allen: a.w., 145.
2) S.J.du Toit: Afrikaans ons Volkstaal (71 Theses of Stellinge) X11.

vervang het, het die wêreld die feit en noodsaaklikheid van veeltaligheid erken.

Die internasionale reëlings van die Volkerebond sou dan ook die Rhodesiese wetgewing van 1903 wat betref die verbod op die Afrikaanse taal as onhoudbaar verklaar. Die Volkerebond het naamlik neergelê dat „the preservation of the racial characteristics of minorities, as well as their cultural, linguistic and religious liberties must be assured to them. Responsibility for t this guarantee is incumbent in the first place upon the countries to which the minorities belong. They must recognise the safeguarding of these minorities' rights as a fundamental law, the effect of which cannot be restricted by any other laws, regulations or official measures of any kind whatsoever. This fundamental law, moreover has been given an international character. It is general and unrestricted."[1] Een van die waarborge aan so'n minderheid gegee is dat „in towns and districts where a considerable proportion of the nationals of the country whose mother tongue is not the official language of the country are resident adequate facitilities should be provided for ensuring that in the primary schools (die Tjeggoslowak Ooreenkoms bepaal „instruction in general") instruction shall be given to the children of such nationals through the medium of their own language."[2] Dit het ook nie veronderstel dat onderrig in die amptelike landstaal uitgesluit word - „being made obligatory in those schools" - en nie soos in Rhodesië die enigste en verpligte taal nie. Daar is verder bepaal dat sodanige minderhede volle staatsondersteuning vir opvoedkundige, godsdienstige of liefdadigheidsdoeleindes sal geniet.

Die Bond het ook die antwoord gegee op die kommissie van 1945 se vraag waarom Afrikaners nie sal „angliseer" nie, deur te bepaal „that this system

---

1) Leaque of Nations: Official Journal No.73. (1929), 75.
2) Leaque of Nations: Idem. 47. Vgl. Howard-Ellis: Origin, Structure and Working of the Leaque of Nations, 84.

does not constitute merely a transitional regime which must ultimately lead to the disappearance of the ethical and cultural (en taal) characteristics of the minorites and to their being merged with the majority of the population of the country. On the contrary the maintenance of this system is the permanent foundation on which the faithful execution by the minorities of all their civic duties towards the State to which they belong must be based."[1] Dit beteken dus dat één taal nie op alle volksgroepe afgedwing kan word nie en dat wetgewing in Rhodesië rekening moet hou, soos hierbo uiteengesit, met die Afrikaner en sy taal. "While equality in law precludes discrimination of any kind, equality in fact may involve the necessity of a different treatment in order to attain a result which establishes an equilibrium between different situations.....It is easy to imagine cases in which equality of treatment of the majority and of the minority, whose situations and requirements are different, would result in inequality in fact.....Whatever therefore the state may do with regard to its own nationals not protected by a minority treaty, the minority has a right to expect that its rights guaranteed by international treaties are maintained. Far from creating a privilege or favour of the minority such an application of the principle of equality merely ensures, that the majority shall not be given a privileged situation as compared with the minority."[2]

Die Bond het nog verder gegaan en ander nasies die reg gegee om toe te sien dat sodanige wetgewing in ander lande wel ingedien sal word; met ander woorde, Suid-Afrika was heeltemal geregverdigd in enige belangstelling wat hy mag betoon het in die welvaart van die taal van die Afrikaanse minderheid in Rhodesië. "The interest shown by the members of the League in the strict observance of the provisions relating to the protection of minorities - which is not only their right but also

1) League of Nations: a.w. 74.
2) Scwartzenborgor: International Law, 116, 117.

their duty - can and must not be regarded as an unwarranted interference in the internal affairs of another state, and still less as an incitement to subversive movements against the state."[1] Nog minder dus mag die Afrikaanse gemeenskap in Rhodesië, wat hul beywer vir volle erkenning, op bogenoemde basis, van hul taal en die onderwys van hul kinders beskuldig word van „ondergrondse bedrywighede".

Indien dus Rhodesië hierdie bepalinge van die Volkerebond wou eerbiedig en werklik vreedsame samewerking beoog het, moes die Taalwet van 1903 al teen 1920 herroep geword het, en nie in 1938 toe die wêreldbotsing reeds gedreig het, weer herhaal geword het nie (of was dit maar al die tyd 'n kiem van swakheid?)[2] en so self die bron van twis en die kiem van oorlog ingehou het nie.

b. Kragtens Opvoedkundige Oortuigings.

i. Nadelige gevolge van enige ander Stelsel: Algemeen.

Die sienswyse van opvoedkundiges en die Kerk ten opsigte van moedertaalonderwys is reeds beklemtoon. Hier moet net weer spesifiek aangetoon word watter skade die Afrikaanse kind berokken word wanneer wat prinsipieël waar is vir alle ander lande, nie as waar vir Rhodesië geld nie, te wete wanneer die Afrikaanse kind nie deur medium van sy moedertaal opgevoed word nie, maar wel deur medium Engels.

In enige stelsel van onderwys, of dit nou in Rhodesië of elders is, word gewoonlik die sielkundigste en wetenskaplikste metodes toegepas. As die moedertaalonderwys nie toegepas word nie, word een van die fundamentele sielkundige waarhede geskend, want dan moet 'n kind hom van die tweede taal bedien. Dat dit onwenslik is, is reeds aagetoon deur die bespreking in verband met die wetsbepaling „that a second language is not desirable in the primary school." Daar word dus erken dat dit psigologies en pedagogies verkeerd is om te vroeg in die lewe van die kind in erns 'n aanvang te maak met die aanleer

1) League of Nations: a.w., 75.
2) Vgl. Cruse: Die Onderwyswette van die Codex Theodosianus 9.

van die tweede taal. In hierdie onbewuste erkenning van die gesonde beginsel van die moedertaal-onderwys in die aanvangsjare - en dat daaraan konsekwent vasgehou moet word, is die vernaamste versoek van die Afrikaanse ouers ook - word die Rhodesiese owerheid gesteun deur hul taalgenote wat die probleem ondersoek het en die nadelige gevolge van enige ander sisteeem nie genoeg kon beklemtoon nie. As die moedertaal nie in die aanvangsjare gebesig word nie, verklaar D.J.Saer, Frank Smith en John Hughes[1] "he, (the child) experiences the feeling that his own symbols in his own tongue, which were acquired by him laboriously in assertive efforts of expression, and used by him in his thinking, are not useful for further exploration of the larger and more wonderful fields of knowledge now introduced to him through the school. Here, surely, we find a favourable ground for the development of an unconscious conflict between sentiments. The sense of inferiority haunts the life of the typical child. The instinct of assertion, revealed by the sentiment of pride or positive self-feeling in the [Afrikaanssprekende] child is opposed by the instinct for submission which is revealed by the feeling of inferiority or negative self-feeling. These instincts do not drive in the same direction, and the path of the [Afrikaanssprekende] child's strongest tendencies is not smoothed when this method is adopted in the schools, but obstacles are placed in the way which may divert the stream of his mental activity, or even obstruct its flow, so that natural development may be retarded and confusion result." Harold E.Palmer[2] het aangetoon hoedat 'n lang "incubation period" in die tweede taal nodig is, voordat ooit doeltreffende resultate verlang kan word. 'n Bewys van hoe onmoontlik dit is vir 'n Afrikaanse kind om met 'n Engelse kind in die aanvangsjare mee te ding in dieselfde klas. "Success in the production on a wholesale scale of linguistic matter (either in its spoken or its written form)-

1) In: The Bilinqual Problem, 47.
2) The Scientific Study and Teaching of Languages, 76.

can only be attained as the result of the previous inculcation of such matter by way of <u>passive impressions</u> received repeatedly over a period the length of which has been adequate to ensure its gradual and effective assimilation.....We would suggest that one of the essential principbes of all methods designed on the "natural" bais should be never to encourage nor expect the active production of any linquistic material until the pupil has had many opportunities of cognizing it passively. If this principle is valid, then most of the teaching of the present day violates a natural law."[1] M.Thompson en H. Wyatt wat aanneem dat die kind eers by sy negende jaar met die tweede taal begin, gaan ook uit van die beginsel: "<u>a severe training in the use of the mother-tongue is not a rival but a necessary prelimary to training in the use of English</u>." Met verwysing na 'n twintigtal gebiede wat ruim die helfte van die aardbol beslaan, sê Michael West onder andere: "Oral in daardie gebiede vind 'n mens arme klein seuntjies (en sommige klein meisietjies) besig om Engels te leer. En wat kry hulle daaruit? Tot nog toe baie min, in sommige gevalle niks. In ander gevalle word hulle definitief daardeur benadeel. Dink net aan die geweldige tydsverlies......En tog is die produkte van die skole van daardie lande, mense wat 'n vreemde taal ken en waardeer, <u>berôerd min</u>. Hulle beskou hulleself as opgevoed. Hulle verlang om as opgevoede mense behandel te word, om as opgevoedes werk verskaf te word. Maar hulle is nie opgevoed nie. Hulle kan nie die erkenning verkry waarop hulle aanspraak maak nie, daarom word hulle boos, afgunstig, lawaaierig en onbillik."[2] So sou die verklaringe kon vermenigvuldig word wat op die noodlottigheid van vreemde-taalmedium en die noodsaaklikheid van moedertaalonderwys heenwys.[3] Aangesien die voorheen genoemde Engelse rapporte, te wete die Hadow-rapport ten grondslag gelê het aan die Tate-en

1) The Teaching of English in India: 21.
2) Die Huisgenoot: 10.12.1937. (Vertaling).
3) Vgl. B.Nel en E.Botes: Waarom die Moedertaalskool verkies word, 58.

Fox-verslae in Rhodesië, wat weer die onderwys in Rhodesië bepaal het, moet daarop gewys word hoedat ook dié rapporte geen tweede taal voor by die 11$^{e}$, 12$^{e}$ jaar aanbeveel nie - en dit onvoorwaardelik natuurlik, en nie net omdat die moedertaal juis in geval van die rapporte Engels was nie. „Eleven is a suitable age at which to begin the study of a modern foreign language. The child's perception are acute, his vocal organs are still flexible, and he is comparatively free from that morbid dread of ridicule which may impede the progress of older pupils. Imitation of sounds and learning by heart will present little difficulty. Furthermore, the pupil's interest is easily aroused and he is quick to imbibe the life and spirit of a foreign language. Indeed it is found that most children take up this new study with remarkable enthusiasm."[1)]

Hier wil nie die vraagstuk bespreek word presies op watter stadium dit die wenslikste is om die tweede taal - altyd as tweede taal — in te voer nie. Die aanhaling dien slegs om aan te toon hoe beslis die rapport, wat ook in Rhodesië so'n groot rol gespeel het oor die besondere punt was. Die „Spens"-rapport[2)] het dan ook aangetoon dat nie die vreemde taal, soos in Rhodesië Engels vir die Afrikaanse kind, gebruik kan word om die moedertaal (of enige ander vak) beter te begryp nie; maar in teestelling met die Enkeldoorn-kommissie en die Departement se bevinding dat „an adequate knowledge of English should be acquired before other languages are studied," meld dié verslag „the cultural value of the linquistic study of a modern language (English) consists largely in a quickened realisation of the way in which words express thought, and in <u>greater clarity and precision in the use of the mother</u> tongue (Afrikaans.) Die moedertaal moet dus nie gebruik word „to clarify ideas and facilitate the asquisition of English" nie - nee, net die teenoorgestelde: Engels moet in diens van die moedertaal gebruik word.

1) Hadow Report: Education of the Adolescent, 213.
2) Spens Report: Secondary Education, 175.

„It is......often said that instruction in foreign languages always is, or ought to be at the same time instruction in one's native language, or, as the matter is sometimes more pointedly put, that the main object in learning other languages is to get a correct knowledge of one's own." [1] of soos 'n ander navorser dit uitdruk: „the utilisation for educational purposes of the native language......though this language may not be widely used outside its borders - tends to aid the acquisition of other modern languages." [2]

Die spens-verslag het verder beklemtoon dat die tweede taal rekening moet hou met die feit of 'n kind wel enige taalkundige aanleg het, voordat met 'n intensiewe studie van die tweede taal veral vir eksamendoeleindes begin word. Die Rapport gaan selfs so ver om aan te beveel; „those who, after a fair trial show no signs of an aptitude for languages should be allowed to drop it" en dit nadat bepaal is dat in die eerste jaar waarin die tweede taal, Engels, begin is, daar slegs een les per dag aan die vak bestee moet word. Michael West druk dié standpunt nog kragtiger uit: „It is only with some difficulty that the child with linquistic capacity acquires an afficient knowledge of a foreign tongue; how much more liable to be unfruitful is the attempt of the merely average child and the child who is below the average? The clever child has time to spare; the average child has not. Even if the average child succeeds in obtaining the necessary command over the second language, his success is too often bought at the cost of a reduction of the time spent on other subjects which he is unable to afford. He has thus the choice between Speech and Knowledge - between linquistic and educational insufficiency." [3] Wanneer nou alle kinders ongesien die feit of hul enige taalaanleg het, vanaf die begin van hul skoolloopbaan al hul lesse in die tweede taal, met totale veronagsaming van

1) Jespersen: How to teach a foreign language, 45, 46.
2) Dawes: Bilingual Teaching in Belgian Schools, 62.
3) West: Bilinqualism, V.

die moedertaal dwarsdeur hul skoollewe moet volhou, skend dit alle logiese en opvoedkundige wette.

Dit skend die doelpunt van die opvoeding, want die is sinister eng-imperialisties - sonder Engels sou daar geen opvoeding wees nie; dit skend die uitgangspunt van die opvoeding, die kind, omdat die kind nie volgens sy eiesoortige begaafdhede opgevoed word nie maar as kind wat veronderstel is om sekere begaafdhede, soos 'n Engelsgeborene, te besit. Daarmee word ook die metode, die ordelike voortgang, „die weg wat bewandel moet word in die leiding en vorming van die kind deur die grootmens en in die wording en ontwikkeling van die kind, onder die leiding van die grootmens,"[1] geskend.

Enige metode van onderwys moet ekonomies wees, en om dit te wees, moet in die eerste plaas van die bekende na die onbekende uitgegaan word. „Dit moet gebaseer wees op die bekwaamheid, aanleg en ontwikkeling van die kind en op die feitelike wyse waarop die menslike gees werk om sy ervarings om te sit in kennis en vaardighede ..... op die voorstellingswêreld wat die kind uit die kring van die gesin, en uit die omgewing waarin dit groot geword het, meebring; die verskillende vermoëns en kragte na siel en liggaam, na verstand en hart wat elkeen as 'n mens met ander kinders gemeen het; die besondere individualiteit, waardeur elke kind in afkoms, omgewing, aanleg, karakter, gawe, talente hom van alle ander kinders onderskei"[2] ..... Wanneer nou die tweede taal die moedertaal[3] moet vervang, kan dit nie aansluit by wat eie is nie, by wat die kind in sy ouerhuis ontvang en waarmee hy voorberei is nie. Die ervaringswêreld, die konsepsuele van die kind word met 'n skok geswenk in 'n rigting wat, kragtens die oorheersende en nie te betwyfelde aard van die meerderheid en die wetgewing, as groots, as algemeen waar en as die enigste regte die kind as vanselfsprekend voorgehou word. Hoe dikwels moet die vraag dan ook nie in die kind se gemoed ontstaan, wanneer weens onmag om te begryp

1) Coetzee: Eerste Beginsels van die Calvinistiese Opvoeding, 26.
2) Coetzee: a.w., 27.

dat sy moeilikhede sy sukkelgang, sy mislukkiggs in die Engelse taal juis aan daardie grootse en liberale wetgewing te wyte is, waarom sy ouers hom dan nie in „Engels" grootgemaak het nie! Die hele ouerlike gesag word dus betwyfel, en die atmosfeer van die familieeenheid met suspisie en vertwyfeling belaai. Feite word die kind voorgehou wat geen aanknopingspunt met sy vroeër-opgedane kennis bevat nie. Die onvolmaakte kennis word nie stap-vir-stap aangevul met helderheid en volheid totdat behoorlike „appersepsie massas" gevorm word nie. Nee, op sesjarige leeftyd moet die kind behandel word asof hy niks weet nie, en moet hy opnuut begin, in plaas van om wat nuut is, te laat aansluit by wat hy reeds ken, reeds as sy eie het, naamlik die skat van ervaring soos hy dit in sy gedagtewêreld beleef en in sy moedertaal vertolk en geformuleer het. Maar nou moet met aanvangsmedium Engels vir die Afrikaanse kind van die onbekende na die bekende gestreef word terwyl dit dan tog nie bereik word nie. „Die ondervinding leer dat die <u>meer begaafde</u> leerlinge hulle mettertyd gewen aan die vreemde taal as voertaal en dat hulle <u>skynbaar</u> nie veel daaronder ly nie; vir leerlinge van <u>normale intelligensie</u> beteken dit onteenseglik 'n remmende faktor in hul verstandsontwikkeling. Maar hoe klein of hoe groot die graduele verskil in die kwaad wat hierdie leerlinge berokken word, ook mag wees, die feit van die kwaad staan bo alle twyfel".[1] ......só het 'n erkende gesaghebbende opvoedkundige, prof. M.C. Botha, hom uitgelaat. Hy het verder beklemtoon dat 'n mens 'n vreemde taal nie op sy doeltreffendste aanleer deur dit as medium van onderwys in ander vakke te gebruik nie.... „Daar is geen land ter wêreld waar vreemde tale geleer word deur hulle te gebruik as media by die algemene onderwys nie."[2] „<u>If it were possible for a child to live in two languages at once equally well so much the worse.</u> His intellectual and spiritual growth would not thereby be doubled, but halved. Unity of mind and character

1) Die Huisgenoot: 14.5.1903. 10.
2) t.a.p. 31.

would have great difficulty in asserting itself in such circumstances,"[1] het die reeds genoemde here Saer, Smith en Hughes aangehaal. Die Hollandse taalgeleerde, Nieuwenhuijs wat die probleem in extenso ondersoek het, verklaar dan ook: „Het eeuwig zoeken naar een woord, het gegoochel met frazes en brokken die men al kent, beletten de ontwikkeling van het verstand en houden oneindig meer tegen dan de taalvaardigheid alleen. En zo is het ook verklaarbaar, waarom behalwe het verstand de hele persoonlijkheid lijdt. De moreele, de emosionele, religeuze en aestitische opvoeding kan niet veel betekenen als ze met een vreemde taal vervoerd word. Het gesproke woord en de eigen bekende klank alleen zijn de dragers van de sentimenten, en de vreemde voertaal is even gebrekkig instrument als gebarentaal of morse-schrift."[2] ... „The intellectual and ethico - religious development is more favourable when the mother tongue medium is employed.. It is a self-evident fact that a pupil or student by using his own natural vehicle of thought - his mother tongue - can in the easiest and surest manner be led from the known to the unknown, that mother tongue medium can be regarded as an axiom........We are thus brought....to the existing state of affairs in this country, where a knowledge of the second language ..... is so desireble that it was customary to use..... the second language as medium of enstruction in order to make it of practical value, even at the risk of a less accurate grasp of the subject matter - a procedure which makes both pupil and subject subordinate to the medium instead of the reverse, and which, from the nature of the case ought to be rejected."[3]

Deur met 'n vreemde voertaal te begin, kan ook die ander ekonomiese metode dat van die analitiese na die sintetiese oorgegaan moet word, nie toegepas word nie. Dit kan die ongeordeneerde kennis, relatief gesproke stuk-

1) Saer, Smith and Hughes. The Bilingual Problem, 56.
2) Vgl. Die Huisgenoot: 21.7.1944. 36.
3) Smith: The Language Question (Quoted) 38,39.

kies en brokkies, onbepaal en onsamehangend nie tot 'n eenheid verbrei deur in 'n vreemde taal te wil probeer ontleed wat die kind wel weet nie, want in die eerste plaas weet die kind van die vreemde taal self niks nie. Die voorstellingswêreld van die kind wat in ieder geval beperk is, moet hier nou tot halt geroep word, sodat hy 'n nuwe sintese, 'n nuwe eenheid, 'n nuwe lewe in die Engelse taal kan begin, in plaas daarvan dat op die eie uitgebou word wat terselfdertyd die fondament van die kind se lewe en van sy onderwys is. Daarbenewens staan leerling en leermeester vreemd teenoor mekaar en al tastend moet laasgenoemde probeer om die onmoontlike sintese by die kind te bewerkstellig. Van induktiewe-deduktiewe, subjektiewe - objektiewe meelewende en meewerkende optrede van die onderwyser teenoor die kind kan hier nie sprake wees nie. In plaas van sintese ontstaan daar 'n dualisme - „an unconscious conflict between sentiments."[1) ]„In vergelyking met sy Engelse maatjie is hy 'n sukkelaar, 'n geestelik-armoedige wesentjie, Wanneer die taal waarin die onderwyser sy „geography," „history" of arithmetic" vir die Engelssprekende kind verduidelik, 'n ou bekende is, en hy dus onmiddellik sonder meer sy onderwyser kan volg, daar moet die stomme Afrikaanssprekende oudjie hom eers toespits om agter te kom wat die onderwyser eintlik gesê het, voordat hy daartoe kan kom om die kennis wat hy sodoende moet opdoen, meester te word. Watter kragverspilling dit is, is nie moeilik te besef nie, ewemin om te begryp hoe dit die arme kêreltjie geestelik vermoei en hom soms selfs heeltemal ontmoedig, veral as hy al sy inspanning ten spyt, tog nog nie die onderwyser verstaan het nie. En slaan hy nou jaar na jaar 'n swakker figuur in sy klas as sy Engelssprekende maatjie, dan moet mens darem aartsdom wees om nie met toe oë te sien hoe hy al hoe meer gaan ly aan daardie verderflikste kwaal van al die kwale wat die Afrikaanssprekende Afrikaner se volwaardigheid onmoontlik maak nie, naamlik sy minderwaardigheids-

---

1) Saer e.a.: a.w., 47.

kompleks.[1]

Hierdie gebrek aan volwaardigheid, die „onvolledigheid" by die Afrikaanse kind, is slegs bewys van die toestand wat volg ook wanneer die opvoedkundige beginsel: van die „konkrete na die abstrakte," geskend word. Teen die tyd dat die kind ryp is vir eenvoudige klassifikasie en abstraksie, word hy opsetlik en kunsmatig op die laagste trap van kennis gehou deurdat hy met sy beperkte voorstelling ewe skielik met 'n vreemde begin en sy eie feitlik uitgesluit word. „On abstract subjects or subjects not spontaneously present in his mind we must studiously avoid setting him to write in English (die tweede taal ). The use of language for developing fresh thoughts is the business of the teacher of the <u>vernacular</u>, not of the teacher of English, and if the teacher of the vernacular neglects his duty, we may remember that it is also incidental to the teacher of other subjects of the curriculum, and that to exercise the pupil in thinking out fresh matter, or which is much the same thing, in trying to understand difficult ideas, is to divert his energies from practice in language to exercises in thought. It is a cardinal principle -- a principle of economy - in teaching a modern foreign language for daily use to <u>avoid adding difficulty of matter to difficulty of language.</u> To do so is to divert time and effort we can ill spare from our practice in language. It is to impose two difficulties at the same time."[2]

Deurdat die kind gedwing word om nou abstrak te dink, moet dit ook duidelik wees dat nie van die enkelvoudige en eenvoudige na die samegestelde en ingewikkelde gegaan word nie, maar juis die teenoorgestelde.[3] Daarom beklemtoon Jespersen dit dan ook dat: „in elementary schools the only grammar that can be taught is that of the pupil's own mothertongue."[4]

1) L.J.Erasmus in Die Brandwag: 22.4.1938.
2) Thompson and Wyatt: The Teaching of English in India, 13.
3) Vgl. Raymont: Principles of Education, 166.
4) Jespersen: The Philosophy of Grammar, 346.

ii. In Rhodesië.

Hierdie nadelige gevolge wat die resultaat is van die skending van gesonde opvoedkundige beginsels het natuurlik uit die aard van die saak op die onderwys van die Afrikaanse kind in Rhodesië betrekking, en daarom moet hy aan dieselfde sielsverstoringe, geestelike onvolledigheid, intellektuele afstomping ly. Dit het die Afrikaners en die N.G.Kerk dan ook al keer op keer onder die aandag van die Departement en regering gebring.[1)]

„Die kind in sy aanvangstadium, d.w.s. die kindertuin, volg die vreemde taal gladnie, of baie gebrekkig; hy kry geen deeglike begrip van die werk wat hy moet leer nie, en hoewel hy met moeite sommige dinge snap, bly daar natuurlikerwyse gapings in sy kennis van sekere sake. Voor hy 'n deeglike begrip het van essensiële dinge word hy aangeskuif na 'n volgende klas of groep, want bevordering moet geskied volgens ouderdom en nie op meriete nie. Instede van dat die gaping met tyd of beleid oorbrug of liewers aangevul word, word dit met die aanwas van menigvuldige nuwe werk (nog altyd in die vreemde medium) al groter en groter totdat daardie kind uiteindelik, sommige in std. 1 reeds, andere later, totaal uitsak. En dan? Die fout word dan nie by die kind of by die stelsel of by die beleid van die onderwysoutoriteite gesoek nie, maar wel by die leerkrag.....hy deug nie, al het hy nou-al 3 of 4 of selfs 5 aparte groepe ten gevolge van die ouderdomspromosie binne een standaard-groep. Dit is eintlik die posisie waarin hierdie Departement van Onderwys nou met sy moderne onderwysbeleid beland het,"[2)] het D.Davel, hoof van Daisyfield, verklaar. Hy het verder gesê: „As dit nog net sover gaan as taalonderwys en die opeenhoping van kennis sonder meer, kan 'n mens jou nog probeer tevrede stel met die toestand van sake en dan maar die kind dril met 'n rottang as dit nie anders kan nie, totdat hy 'n voldoende mate van Engels ken om sy verstand te laat ontwikkel (!), maar selfs dit is nie

1) Hoofstuk 111, 1V, V.
2) A.K.U.R. Verslag, 31.7.1943.

moontlik in tal van gevalle nie......U sien miskien net u eie kind en enkele van die van u bure, met wie dit moontlik betreklik goed gaan weens 'n hoë intelligensiekwosiënt, of u eie belangstellende hulp; u sien nie, soos die onderwyser by wie hierdie saak baie swaar op die hart lê en wat dag vir dag met hierdie probleem te doen het, en dit met groot getalle van kinders van alle tipes en sterktes, hoedat tal van Afrikaansprekendes, wat selfs op of net onder die norm is, daagliks op 'n tragiese wyse uitsak, en die moed opgee, en dit veral om twee redes. (1) Hulle is nie tuis in die vreemde medium nie, verstaan nie alles wat vir die Engelse medeburgertjie doodnatuurlik is nie, en word boonop nog verag en bespot omdat hy die eenvoudige dinge nie so geredelik kan snap as die ander nie. Hy ontwikkel natuurlikerwyse so'n minderwaardige gevoel dat hy eenvoudig in sy dop kruip en sy aangebore potensialiteite kom nooit tot volle ontplooing nie. Jaar na jaar word daar in klasse waarin hy volgens ouderdom instede van volgens bekwaamheid geplaas word, op 'n brokkel fondament 'n gebou opgerig wat vroeër of later noodgedwonge moet in duie stort".[1)] Dit is dus die Afrikaanssprekende kind wat veral die slagoffer is, ook van ander aspekte van die moderne onderwys, in Rhodesië, soos deur 'n oud-inspekteur van skole (in Rhodesië) mnr. S.de Lenfesty, wat die Afrikanerkind en sy probleme geken het, met die invoering van die nuwe onderwysbeleid, in die publieke pers uiteengesit is. "Hy het gewaarsku en gesê dat dit die Afrikaanssprekende kind is wat die spit sal moet afbyt en ten gevolge van die taalmedium waarin hy nie tuis is nie, langsamerhand sal moet uitsak. Het hierdie saak hom nie met die tyd duidelik bewys nie? Is die groei van die getalle op Daisyfield gedurende die laaste drie jaar nie gedeeltelik daaraan te wyte nie? Die leerling sak uit in die Engelse skole, waar hy nie altyd verstaan word nie, en die nodige simpatie kry nie, en nadat hy vir 'n jaar, twee jaar of meer vertraagd ge-

1) A.K.U.R. t.a.p.

raak het, word hy uit moedeloosheid van die ouers na Daisyfield gestuur. Hy kom daar aan: 'n moedelose leerling, met 'n minderwaardigheidskompleks wat soos 'n kanker al so diep in sy siel ingevreet het, dat hy omtrent nie daarvan kan herstel nie." (2) Hierdie ontsettende gebrek aan selfvertroue, hierdie minderwaardigheidsgevoel is dan ook die tweede oorsaak waarom hy uitsak."[1)]

Dié menings is onder meer ook deur die Genootskap van Afrikaners in Rhodesië onderskryf:......„Die minste wat die gesaghebbendes kon doen - want dit is onse reg - is om Afrikaans-onderrig vanaf Kindertuin te gee,"[2)] Die Genootskap beywer hom dan ook in sy doelstellings om „onderwysfasiliteite vir die Afrikaanse kind in sy moedertaal te verkry wat hom regtens toekom, en vir die toekoms te verseker."[3)] En in die verband is dan ook aan die Departement berig: „While we sincerely appreciate what the Education Department has done for our children in connection with Afrikaans instruction in schools, we regret to find it necessary to complain that the position at present is unsatisfactory. We shall be pleased to know if you would be prepared to use your influence (a) to secure adequate Afrikaans teaching in our schools where the number of Afrikaner children warrants it, i.e. to have Afrikaans taught as a subject from kindergarten, and (b) to have regular Afrikaans inspection."[4)]

Die R.C.V.V. het eweseer daar op aangedring[5)] dat die bestaande sisteem nadelig op die kind inwerk, hy 'n vreemdeling van sy eie taal bly, en dit die hele land skade berokken.

As verder onthou word dat in die verlede veral 'n groot deel van die Afrikaanssprekende kinders alleenlik die laerskoolkursus gevolg het,[6)] waar geen onderwys in die moedertaal gegee is nie, dan is die gevaar van 'n blanke armedom waarteen die R.C.V.V. en Kerk so ge-

1) A.K.U.R.: t.a.p.
2) Verslag: G.A.R. 13.10.1947.
3) Idem.
4) G.A.R.: 17.11.1947.
5) Zambesi Ringsblad: Junie 1940, 6.
6) Notule: R.C.V.V. 29.2.1938.

waarsku het, net soos in die Unie in Rhodesië nie uitgesluit nie. „Ten einde 'n armblankeprobleem te voorkom," het die besluit ook van A.K.U.R. gelui, „dring die Kongres baie sterk by die regering aan dat die wetenskaplike beginsels van moedertaalmedium waar moontlik in Rhodesië toegepas word."[1] Die gevaar van so'n verkeerde onderwysstelsel om die bogenoemde probleem van armblankedom te veroorsaak is reeds deur die Carnegie -kommissie in die Unie van Suid-Afrika beklemtoon. „'n Uitgebreide verstandsopname het tot die resultaat gelei dat die grootste gedeelte van die armblanke bevolking wat verstand betref, binne die perke van normaliteit val. Wat meer is, ongeveer een derde het beter gepresteer as kinders van die blanke bevolking in sy geheel, hoewel hulle vordering op skool onder ongunstige omstandighede gely het......Die bevindings het die kommissie dan ook tot die slotsom gebring dat die oordeelkundige toepassing van verbeterde onderwysmaatreëls 'n baie lonende uitwerking sal hê."[2] As daar dan eendag 'n ernstige Afrikaanse armblankedom in Rhodesië ontstaan, dan sal dit alleenlik te wyte wees aan die gebrek aan 'n onderwysstelsel wat nie die beste wat in die Afrikaanse kind is na vore bring nie, maar hom dwing om sy „eie" te verloën. „The time must come at last for the results to be tested in the open labour-market. Then what is to become of those whose training turns out to have been of the wrong kind, and whom no one will employ at what they have been taught to regard as the lowest permissible wage? It will then be too late for the State to disclaim responsibility for their helpless condition, and so the taxpayer, who has already been bled for their schooling, will be bled a sedond time for some scheme of subsidised employment.......If, on the other hand, the politicians can by any means be induced to keep their hands off the schools, the political task will be immensely simplified."[3]

---
1) A.K.U.R. Kongres: 31.7.1943.
2) Malherbe: Onderwys en die Armblanke, XXIV.
3) Wilson: The Province of the State, 84, 85.

Teneinde dan homself „te red" en te poog om die staat te red, moet die Afrikaner sy eie „heiligdom" opoffer op die altaar van die imperialistiese staat, en moet hy met sy kinders Engels praat, om te verhoed dat hulle 'n „niks" sal wees nie. „Te bang om die „iets wees" in ons lewe te verloor, het ons die vreemde taal as spreek - en skryftaal aangeneem, en dit is soms hartverskeurend om te hoor hoe die taal gepraat word. Sommige huise weet die vaders en moeders niks van Engels nie, maar die ouers is besig om met hulle kinders Engels te praat om hulle beter te „bekwaam" vir die taal van die land. Ongelukkig is die poging in die meeste gevalle nie suksesvol nie, en is die eintlike taal later 'n mengsel van Engels en Afrikaans. Kan ons dan nie liewers een taal praat nie, en praat dit suiwer as om twee tale te praat en dit op te mors nie. Laat ons probeer om onsself te bly."[1]

Dr. H.C.de Wet, leraar van Salisbury, wat veral die probleem van die moedertaalonderwys aangevoel het,[1] kon met gesag praat toe hy die hoop uitgespreek het „dat die dag nie meer ver sou wees nie dat die Afrikanerkind van die land dieselfde voorregte kan geniet as al die ander rasse van die land, naamlik om sy eerste onderwys te ontvang in die taal wat hy ken, - sy moedertaal, Afrikaans. Daarvoor moet die Afrikanergemeenskap stry. Dit geld hier die welvaart van sy kind, wat onder die huidige stelsel van ignorering van die minderheid in die land wat betref die moedertaal van die kind, swaar moet boet."[2] „Die grondslag van die onderwys moet wees die taal wat die kind ken. Daarna kan die offisiële taal van die land sy regmatige plek kry. Om 'n kind uit 'n Afrikaanssprekende huis in 'n omgewing waar geen Engels gepraat word nie, en waarvan hy dus niks verstaan nie, om so'n kind op 'n skool te plaas waar die onderwysers selfs geen woord Afrikaans verstaan nie, is wreed teenoor die kind. Die kind wat die voorreg het om eers sy

1) Zambesi Ringsblad: Junie 1945.
2) Zambesi Ringsblad: Augustus 1944, 4.

eie taal te leer lees, vind dit baie makliker om 'n begrip van Engels te kry. Deurdat hierdie opvoedkundige maatreël in Afrikaanssprekende dele van Suid-Rhodesië veronagsaam is in die afgelope jare, het baie van ons kinders agter geraak op skool, en het hulle nie 'n behoorlike kans gekry om te toon waartoe hulle in staat was nie."[1] Dit is natuurlik ook, omdat, soos reeds aangetoon, die kind nie toegelaat word om „agter te bly nie," maar met sy ouderdomsgroep moes voortgaan of hy kon byhou of nie. Hoewel die jongste onderwyskommissie die promosiestelsel afgekeur het,[2] bly daar nog altyd die vertragingsfaktor self en die vraag wat dan wel hangende is, of dit billik teenoor die kind is dat hy, ondanks die feit dat hy wel die bekwaamhede besit om na die volgende klas oor te gaan, net weens sy gebrekkige Engels teen wil en dank vertraag behoort te word. Ook dit is 'n onreg teenoor die kind en 'n skending van die hele wese van die ordelike vooruitgang wat die skool beoog. Of hy dus agterbly of opgeskuif word, bly hy die slagoffer van 'n onregverdige opvoedings-sisteem. Dr. De Wet, en sy menings word weer aangehaal omdat hulle wetenskaplik is, omdat hy objektief die probleem betrag, maar subjektief daarmee in die vorm van sy eie kinders te doen gekry het, en ook omdat die geformuleerde getuienisse van Afrikaners in ieder geval waardevol is, het ook soos ander opvoedkundiges die redenering dat met Engels as beginmedium die kind gouer Engels sal leer, as onwaar bewys. „Dit mag so lyk," het hy gesê, „maar dit is nie waar nie. My oudste seuntjie het begin met Afrikaans as medium in Bloemfontein met Engels as vak. Toe hy later in Salisbury oorslaan na Engels as medium, het hy geen moeite gehad nie en met 'n suiwere Engelse aksent leer praat. My tweede seuntjie het begin by 'n Engelse dame wat geen Afrikaans verstaan het nie. Die gevolg was dat hy heeltemal veragterd geraak het en in gewone omstandighede nie bevoeg sou gewees het vir akademiese hoërskool nie. Die neiging

1) Zambesi Ringsblad: September 1945, 4.
2) Education Commission, 1947.

was daar om hom te beskou as ondernormaal. Ek het ook so gedink totdat ek hom persoonlik 'n paar keer gehelp het met rekenkunde en tot my verbasing moes uitvind dat hy skrander was in die vak en aan die end van die termyn het hy eerste in sy klas gekom in somme! Hy was eenvoudig die slagoffer van 'n onopvoedkundige metode van onderwys in 'n onbekende taal, en onwetend het ek wreed teenoor hom gehandel om hom in die onbenydesnwaardige posisie te plaas. Met dit alles het hy 'n ongelukkige minderwaardigheidsgees ontwikkel wat nie maklik oorwin sal kan word nie. Waar ouers die kans het om te kies waarheen hulle hul klein kindertjies stuur, moet hulle hierdie saak in gedagte hou. Waar laasgenoemde seuntjie nie 'n begrip kan kry van Engels lees nie, het hy dadelik gevorder in Engels nadat hy tuis Afrikaans foneties leer lees het.... Die argument dat die Afrikaanse ouer met sy kind Engels moet praat in die huis om bogenoemde moeilikheid te voorkom, staat gelyk aan die redenasie dat dit beter is om sy kind te vermoor om te verhoed dat hy swaarkry in die lewe!"[1)]

Die geregverdigde protes teen so'n beleid, toe die gemeente Bulawayo in 1938 met die kerkskooltjie begin het, bevestig bogenoemde waarhede. "Die ondervinding hier in ons klein skooltjie bevestig maar ook die opvoedkundige beginsels wat deur die groot geleerdes oor die wêreld vasgestel is: die kind moet in sy moedertaal begin, dan het hy ook die gunstigste kans om later die tweede taal op korrekte wyse en deeglik aan te leer. Maar as hy in 'n tweede taal sy skoolloopbaan begin, dan het hy nie alleen by daardie begin 'n agterstand nie, die goeie kans om hom sy geboortereg te gee en in die vreemde omgewing van die skool te help tuisraak met behulp van sy moedertaal, is hom vir sy lewe ontneem. En om die onreg erger te maak, as hy later, selfs binne betreklike kort tyd, moet oorgaan na moedertaalmedium, dan is daar 'n nuwe verwarring en 'n tweede proses van „agter raak" het die

1) Vgl. Zambesi Ringsblad: Augustus 1944, 4, 5.

leraar van die gemeente, ds. A.F.Louw (jnr.) verklaar. Ds. Louw wat hierdie skool voor die voornoemde Enkeldoorn-kommissie verdedig het, het aangetoon dat die kind, al is dit noodsaaklik om die Engelse taal te ken, beskerm moet word teen die gevaar dat hy sonder meer willoos en beginselloos by sy omgewing aanpas. „Niemand ontwikkel ooit tot sy beste as hy slegs passief die vorm wat sy omgewing op hom afdruk, aanneem sonder om self iets tot sy karaktervorming by te dra nie. Met die regte soort aansporing in 'n nuwe omgewing word 'n mens natuurlik hoofsaaklik gehelp as hy veral gedurende die vormingsjare ook die geleentheid het om uit sy eie godsdienstige en kulturele agtergrond en tradisies te put. As hierdie geleentheid vir hom wegval, het hy 'n baie swakker fondament en kan hy gevolglik geen eie bydrae tot die geestelike en kulturele lewe van sy breër samelewing bydra nie." (Daar is reeds gemeld dat die imperiale staat teen sy eie belange werk.) Die moedertaal is die magtigste faktor om hierdie bewusmaking te bewerkstellig, het hy verklaar.[1] „I realise that all English-speaking people do not agree with the formation of this school, but we find that parents try to <u>fight the difficulty</u> of their children when they go to English medium schools and therefore right from the beginning the home language becomes English. In many cases it is not perfect English, but they want to arm the child so that he will not be retarded when he goes to school. To a large extent they reach that ideal, but they dont manage to teach the child proper Afrikaans again. The psychological background has grown in that child's mind that English is his language......The point is that they don't learn Afrikaans properly from their parents speaking English to them, they don't follow Afrikaans, they move in English speaking environments and they are aware of a strain somewhere between their home and the society they live in."[2] „How, then," vra West, „<u>can a people develop</u> a <u>unified</u> and healthy national life

1) Kerkbode: 11.9.1946, 496.
2) Enkeldoorn and School Commission, 64.

if their thoughts are folsified at the source by the inaptness of the words used in thinking them, falsified again in their blundering expression, and falsified yet once more by the receiver's ignorance of the meaning of the words in which they are expressed?"[1]

Tog, trots al die wetenskaplike getuienis hierbo aangehaal, trots die erkenning van die kommissie self: "it is understandable that a people in a minority, in a country where their language is not the official language, should wish for every facility for their mother tongue in order to preserve their culture, tradition and religious observance,"[2] terwyl dié opvoedkundige waarhede tog veronagsaam word, is die slotsom van die owerheid soos weerspieël in die woorde van die kommissie: "In our opinion no harm need accrue to the Afrikaner or his language by the present educational policy of the colony."[3] In stede daarvan dat kommentaar gelewer word oor die inhoud en gees van die woorde van die betrokke leraar, wys die kommissie op "the significance of this witness's attitude towards acceptance by Rhodesian-born Afrikaner children of English as their language."[4] Hoedat so'n gevolgtrekking in ieder geval gemaak kan word, is nie duidelik nie. Die getuienis is dat die ouers juis om die kind te help, en om die onwetenskaplike optrede van die staat teë te werk, met Engels begin, en geensins omdat daardie ouer een oomblik lank by die kind wou inbeeld dat Engels sy taal is nie. Geen reggesinde ouer sal ooit so iets kan oorweeg nie. In ieder geval erken die kommissie self dat die moedertaal wel die huistaal is,[5] sodat dit ook onbegryplik is hoedat hulle kan praat van Engels as die kind se taal (their language). Maar asof die onlogiese gevolgtrekking alleen nie genoeg is nie, word die leraar self veroordeel omdat hy enige ander gevolgtrekking maak. "We

1) West: Language in Education, 9.
2) Enkeldoorn and School Commission, 62.
3) Enkeldoorn and Schools, a.w., 62.
4) Idem 65.
5) Idem.

regard as regrettable the apparent attitude of certain leaders of the Afrikaans community towards the adoption of the official language of the colony as the principle language to be used by the rising generation of Rhodesians."[1) ] „We took their language away without a ripple ....that is the short and simple way, the Prussian way, the melting-pot way of dealing with Nationality. When the victim acquiesces it does indeed settle the question. „Stone dead hath no fellow" as Cromwell said of the execution of King Charles. But the victim does not always acquiesce. So far from submitting to this euthanasia, nationality is apt to become intensified under persecution, and, like religion, to take on morbid and unhealthy forms."[2)]

Ook die erkenning van die hoof van die Onderwysdepartement dat: „there is a strong body of responsible educational opinion which considers that the teaching of a language other than the main language is out of place in the junior school and firmly believes in regarding the junior school as the stage at which fundamental skills are required,"[3)] klink aanneemlik, maar sodra daar erken moet word dat die moedertaal Afrikaans is, dan is die „main language"-teorie nie meer geldig nie, want Afrikaans is 'n tweede taal, net soos Frans, die bevolkingsgroep, wat, as daar enige is, so gering is dat van hulle langs vreemde volkselemente in die land wat in die sensusverslag van 1941 aangegee word, te wete Duitsers, Grieke, Italianers, Litouers, Amerikaners, geen melding gemaak word nie."[4)] Dan is dit „our experience that that where the Department has been compelled to appoint in such areas (where Afrikaans is the predominant language) kindergarten teachers who have no knowledge of Afrikaans, the progress of the children in both Afrikaans and English has not been seriously impeded, and general progress has been satisfactory. I know that there are

1) Enkeldoorn and Schools, a.w. 62.
2) Zimmern: a.w., 92.
3) Onderwysdepartement argief: 5163 / 2242 / 39-8, 259.
4) Vgl. Census of Southern Rhodesië, May 1941, Part 1V, 6.

serious political implications in this matter but I am not prepared to admit that from a purely educational point of view any change is called for in our policy."[1] Waar dit Engels geld, is die „strong body of responsible educational opinion" se bevinding aanneemlik en uitvoerbaar, maar waar dit Afrikaans geld, word die bevinding veronagsaam. Dit is tipies van die liberale, imperialistiese staat dat die staat sy liberalisme net in sy eie diens wil stel om 'n „eenheid" teen wil en dank te probeer bewerkstellig, en so in plaas van werklik onsydig te staan, verval dit ook, wat die onderwys betref, in die reeds genoemde verderflike eensydigheid wat op die proselitisme van rede en opvoedkundige waarhede uitloop. „We have" verklaar sir Ronald K.Wilson in sy boek „The Province of the State," „on this point a remarkable admission from that eminent and enthusiastic state-educationist, Dr. Sadler: „Education seems at first sight the simplest way of uniting a nation. But it only succeeds in uniting those who are already ripe for Union - When a nation is deeply divided on fundamental questions, (soos die taal byvoorbeeld) attempts to eradicate such divisions by plans of educational organisation tend to set up irritation rather than to encourage unity...."[2]

> If e'er convinced against his will
> "He's of the same opinion still,"

blyk 'n waarheid te wees wat sonder skroom op die wensgedagtes, die wens-gevolgtrekkings, die wens-oortuigings van die onderwysdepartement en die staatsowerheid altans wat die moedertaalonderwysteorie betref, in Rhodesia toegepas kan word.

iii. Ten Opsigte van Enkele Aspekte van die „Moderne" Onderwys in Rhodesië.

Hierbo is telkemale melding gemaak van die nadelige gevolge wat die onthouding van enige onderwys van Afrikaans, om nie van moedertaalonderwys te praat nie, met betrekking tot die vertraging van kinders het. Daar is reeds aangetoon dat in die ywer om die Fox Report se

1) Argief: Onderwysdepartement, 5163/- t.a.p.
2) Wilson: The Province of the State, 95.

aanbevelings uit te voer, oorgegaan is tot die besluit dat bevordering volgens ouderdom sal geskied, met die resultaat dat die Afrikaanse kind jaar na jaar nolens volens opgeskuif word totdat hy so'n agterstand bereik het dat wanneer hy eendag na die middelbare skool verplaas word, hy nie geskik geag kan word om na die akademiese skool te gaan nie.

Om egter elke leerling die kans te gee om te toon dat hy wel in staat is - al is dit na vertraging van vyf jaar - om homself van sy taak in hetsy die akademiese, tegniese of moderne skool sal kwyt, is op een stadium aan die einde van die std. V-jaar, voordat die kind vir std. VI na die middelbare skool gaan, al die kinders aan 'n „Qualifying Test" onderwerp.[1)] Die toets moes dan bepaal na watter van die drie skole die kind sal gaan, in hoofsaak akademies of „modern", want uit die „moderne" skool kan hy 'n jaar of twee later na die tegniese skool gaan. Met ander woorde, die resultaat van die toets het in 'n groot mate die toekomstige loopbaan van die kind bepaal, want beland hy in die moderne of tegniese skool, is dit duidelik dat die meer akademiese opleiding vir hom gesluit is, en omgekeerd. Al is die toets maar een van die drie weë waardeur besluit word ( die skoolpersoneel en die ouers die ander twee), is dit nietemin 'n belangrike middel om die keuse van die skool te bepaal. Daarom net een en ander oor die inhoud van die toets.

Hierdie toets het bestaan uit (1) 'n Intelligensietoets, 'n Engelse Grammatikatoets en 'n Rekenkundetoets. Aldrie toetse is in Engels opgestel, hoewel daar later gepoog is om die Intelligensietoets in Afrikaans vir Afrikaanse kinders af te neem. Maar oorspronklik was dié toets ook net eentalig, Engels. In die lig egter van wat reeds gesê is in verband met vertraging wanneer die kind nie met sy moedertaal begin nie, moet die verstandspeil van die Afrikaanse kind alreeds laer wees

1) Sien Hoofstuk 11 (Tate Verslag).

nog voordat hy nog die toets self geskryf het. Weens sy swakker begripsvermoë en taalbeheer,[1] mag dit wees, dat, tensy die toets so opgestel is, om te verseker dat die kind alles begryp wat gevra word, die Afrikaanse kind deur sy onvermoë om 'n woord of 'n uitdrukking te verstaan, natuurlik negatief reageer, of sy reaksies soveel stadiger plaasvind met die gevolg dat hy nie die toets betyds klaar kry nie. Dit bring mee dat sy vertraging verder vertraging registreer en hy nie na vermoë presteer nie.[2] Die resultaat is 'n lae I.K. en dit beteken oorplasing na die „moderne" skool. Die Afrikaanse Intelligensietoetse, as daar is, is ook geen juiste kriterium nie, want, as die kind in die primêre skool nog nooit geleer het om Afrikaans as taal korrek te lees en te skryf nie, al praat hy dié wel, hoe sou hy nou die Intelligensietoets-vrae behoorlik lees, onmiddellik begryp en korrek beantwoord? Dit wil mens dus voorkom of die Intelligensietoets vir die eentalige bedoel is (op daardie stadium veral) en dat dit die „tweetalige" Afrikaanse kind swakker laat presteer as die eentalige Engelssprekende. „It might be argued that in the case of the bilinqual child and school tests there is.....an uneasy sense that he is being pitted, in unfair competition, against a child who has considerable confidence in his use of the language of the test, and the comfortable feeling that it will stand him in good stead."[3] Vir 'n gesonde toets dus is moedertaalonderwys onontbeerlik. „The use of the mother tongue," het Saer bevind in sy Intelligensietoetse in Wallis, „was a distinct advantage even to those bilinguists who spoke English fluently and preferred it to Welsh (Afrikaans). It would seem, therefore, to be indispensable in the case of those who speak English haltingly and prefer Welsh.[4] (Afrikaans)

Hoewel die „Qualifying Test" vandag as sodanig afgeskaf is (....„Under our new policy as a result

1) Vgl. B.Nel in Die Huisgenoot: 19.11.1943.
2) Vgl. Saer, Smith and Hughes: a.w., 64, 65.
3) Idem.
4) Idem. 61.

of the Report of the Select Committee, all children in Form 1 will follow a general Secondary course and the final decision as to the type of Secondary course which they will follow thereafter is made towards the end of the Form 1 year")[1] en geen Intelligensietoetse dus meer vir kinders in std.V "for qualifying purposes" toegepas word nie, word sodanige toetse tog nogtans uitgevoer, presies vir watter ander doel nie baie duidelik is nie. "Intelligence testing is carried out by Schools Medical Officess and one of these is able to apply the test in Afrikaans, and he does so where he judges that the language difficulty is a serious one. Recently we had a country-wide series of intelligence tests done by psychologists from Natal University College and they gave Afrikaans tests to many of the children tested,"[2] het die onderwyshoof meegedeel. Feit is dus dat die Afrikaanse kind in die laerskool onderworpe is aan 'n toets, wat, as dit in Engels opgestel is, die vertragingsfaktor moet registreer, en, as dit in Afrikaans opgestel is en wel woordgebruik veronderstel, onbillik is omdat die kind nog nooit die geleentheid gehad het om daardie taal te "bestudeer" nie, omdat hy eers daarmee in std. VI begin.

As die Intelligensietoetse dus 'n middel is wat ten doel het om opvoedkundige "indeling" in enige vorm te vergemaklik, is dit noodsaaklik dat die owerheid die regverdigheid en "heiligheid" van sulke middele eers weer in oënskou sal neem, indien die Afrikaanse kind nie, juis deur die toetse. 'n onreg aangedaan moet word nie.

Die Engelse grammatikatoets in die std.V stadium moes uit die aard van die saak baie eenvoudiger vir die Engelse kind as vir die Afrikaanse kind wees, aangesien wanneer 'n Afrikaanse kind deur medium van sy moedertaal onderwys word, sy kennis van die moedertaal op twaalfjarige ouderdom gewoonlik baie beter sal wees as die persoon wat die taal as 'n tweede taal leer. En tog moet die beide kinders dieselfde eksamen doen. Dit blyk

1) Education Department 2209/1151/68.
2) Idem.

nie baie billik te wees teenoor die kind vir wie Engels nie die moedertaal is nie.

In die derde plek was die rekenkundetoets in die lig van die verklaring van dr. De Wet dat indien hy nie self „ingespring" het om sy seun in rekenkunde aan te help nie, hy vertraag sou gebly het, ook seer seker nie 'n toets wat as geldig beskou kon word wanneer die kind sy opleiding, voordat hy nog die toets gedoen het, nie in sy moedertaal geniet het nie.

Een van die vernaamste „toetse" dan vir die toekomstige loopbaan van die kind, het in al drie sy onderdele tekort geskiet en kon in sy geheel net tot maatstaf dien om die swak prestasie van die Afrikaanse kind na vore te bring, waarna dan besluit moes word dat hy na die „moderne" skool sou oorgaan.

Oor die skoolpersoneel se besluit val nie veel te sê nie. Hulle het die produk van die ongesonde onderwysstelsel voor hulle gehad - na vyf jaar van vertraging- en daarvolgens moes hulle hom beoordeel. Sy kanse om as briljant bestempel te word, was gering.

Die ouer het nog, nominaal, 'n seggenskap in die saak. Maar wanneer hy voor die feite te staan kom van 'n swak prestasie in die toetse, van 'n vertraagde leerling wat klaarblyklik „dom" is, kan die normale ouer ook geen ander gevolgtrekking maak nie as dat die kind onakademies aangelê is, en dat hy na die „moderne" skool moet gaan.

Hoedanig die „moderne" skool werklik is, het die Onderwyskommissie van 1947 dan ook aangetoon. „The new policy was brought into operation just before the war and the dislocation and disorganisation resulting from that conflict put its success in jeopardy from the beginning."[1] Die manier waarop die moderne skole in die lewe geroep is, is gekritiseer; terwyl gebrek aan personeel die doel wat die skool voor oë gehad het, laat vervaag het. „Some of those whose duty it was to imple-

1) Education Commission Report 1947, 4.

ment the new policy had incomplete faith in it."[1] Baie ouers het hulle kinders, in weerwil van swak prestasies teruggehou van die moderne skool omdat hulle bevooroordeeld teenoor die skool was:[2] Geboue en toerusting was minderwaardig, daar was 'n gebrek aan definitiewe oogmerke met die skool, daar was die "belief that modern education and modern schools are disigned to cater only for the slow learner." Laasgenoemde was 'n heeltemal geoorloofde beskouing vir so ver die resultate dit vir die Afrikaanse ouer bewys het. Die oorspronklike doel van die skole was "that which is best suited to the majority of the children of the Colony." Ook daarom sou die meeste Afrikaanse kinders daar moes beland, want wat goed is vir die "majority", moes ook goed wees vir die meerderheid van die Afrikaanse kinders. Maar presies waarom daar soveel meer Afrikaanse kinders in die moderne skool in vergelyking met die akademiese skool as Engelse kinders in die twee skole was, is nie ondersoek nie. Die Afrikaanse kind was vertraag, en daar is die saak gelaat.

Waar die Afrikaanssprekende kind wel daarin geslaag het om eindelik in die akademiese skool te beland en miskien daar te presteer, soos dikwels die geval is, maar dan, nog juis weer uitgebuit word om aan te toon wat nou werklik bereik kan word deur die (on-)opvoedkundige stelsel, moet aangetoon word dat sodanige prestasie indiwiduele gevalle is, en dat so'n kind in elk geval bewys gelewer het dat hy 'n bo-normale intelligensie besit wat gedeeltelik vir die vertragingsfaktore kan vergoed. "Al sou 'n ouer ook nog tevrede wees dat sy kind in 'n Engelsmediumskool is, en tevrede wees dat die kind daar vorder, en selfs hoog staan in sy klas, dan nog bereik die kind daardie peil en behaal hy daardie sukses ten koste van sy eie selfrespek en op hoër ouderdom as die Engelse kind.....met die gevolg dat die Afrikanerkind uit die staanspoor gekniehalter is en bly."[3]

1) Education Commission Report 1947, 4.
2) Idem.
3) Randse Skoolhoofde : Pamflet oor: Moedertaalon

Hy presteer dan nie weens nie maar ondanks die onderwys-sisteem. Soos die voornoemde prof. M.C.Botha dit uitdruk: „Baie van ons studente verkeer vandag nog in hierdie onbevoorregte omstandighede en blink tog uit in die openbare eksamens, selfs bokant hul meer bevoorregte eentalige mededingers. Hierdie feit word weleens deur ons teenstanders misbruik om te bewys dat die medium van onderwys..... nou nie so danig daarop aankom nie. Dit is asof hulle wil sê, wat nie doodmaak nie, maak vet. Hulle besef klaarblyklik nie dat ons hier met 'n saak te doen het wat hom nie geredelik tot statistiese behandeling leen nie. Dit is onmoontlik om die menslike gees, soos die menslike liggaam, op die ontleedtafel te plaas om vreemde of kwaadaardige gewasse te ontdek en te diagnoseer. As dit moontlik was, sou ons seker by baie Engelsmedium-opgeleide Afrikaners nog die merktekens vind van 'n denasionaliseringskanker waarvan hulle herstel het, en by ander dieselfde kanker wat tot 'n chroniese verskynsel ontwikkel het. Dit is egter nie nodig om ons vir hierdie doel aan 'n anatomie van die gees te waag nie, ons sien die slagoffers elke dag in lewende lywe rondom ons....."[1]

Op nog een aspek van die „moderne" opvoeding moet gewys word. Dit val naamlik saam met die bevinding van Saer, Smith en Hughes dat daar 'n „mental inferiority of the rural bilinguist" is. Daar is reeds aangetoon dat die grootste gedeelte van die Afrikaanse bevolking hulle op die platteland bevind het, en in sommige distrikte 'n groot meerderheid vorm. Daaruit kan die gevolgtrekking dan ook gemaak word dat afgesien van die reedsgenoemde Toets wat die kind in die moderne skool laat beland, die plattelandse kind se kanse groter is om in daardie skool te beland as die dorpskind s'n, ook dat, as die moderne skool nie die opvoeding verskaf wat werklik hoogstaande is nie, die Afrikaanse bevolkingsdeel, as grootliks verteenwoordigers van die platteland, die vernaamste slagoffers sal wees - in verhouding natuurlik met

1) M.C.Botha in Die Huisgenoot: 4.5.1943, 9.

die ander bevolkingsgroep. Die Departement erken dan ook hierdie minder-akademiese moontlikheid van die platteland en het op Enkeldoorn byvoorbeeld - 'n plattelandse dorp met 'n Afrikaanse gemeenskap - die bestaande laerskool uitgebrei tot 'n „moderne" junior hoërskool(std. VIII). Die akademiese skole is beperk tot die groter stede (behalwe Plumtree wat in kosskool is). Met ander woorde, die feit dat die Afrikaanse kind deur 'n verkeerde mediumonderwys vertraag is, dat daardie vertraging deur die bestaande toetse slegs bewys word, dat hy as plattelandse kind nog meer vertraag is as die stedeling en dat daar in sy onmiddellike omgewing die ideale skool wel bestaan in belang van hom en sy vertraagde verstand, bring mee dat die Afrikaanse kind nie op die akademiese skool, in die getalle wat hy na verhouding behoort, beland nie. Dit is natuurlik nog nie in aanmerking genome die feit dat dit vir hom met die vertraging nie baie maklik sou wees om in die beperkte koshuisruimte in die stede die voorkeur te kry bo die uitgesproke akademiese kind nie - wat uit die aard van die hele saak meestal die Engelssprekende eentalige is. Indien hy al hierdie moeilikhede te bowe gekom het, en die betrokke owerheid kan oorreed dat die moderne skool in sy nabyheid nie net die beste plek vir hom is nie, dan is die staat weer liberaal en kan die plattelandse kind 'n beurs kry om die ouers te help om die kind na die akademiese skool en koshuis (as hy natuurlik daar kan inkom) te stuur. Uit 'n bloot sielkundige oogpunt egter: (1) As die kind reeds op sy skool vertraag is - en ondanks, die vae stellings van die owerheid, dat „the progress has not been seriously impeded", (met ander woorde dit is tog tot 'n mate belemmer en hoe sou die Departement kan beslis tot watter graad, aangesien dit geestesbelemmering is), en dat „general progress has been satisfactory" - (in 'n stelsel wat na sy wese Engels-empiristies is en as ideaal 'n „kennis" - oorlaaide afgietsel van

die algemeen-menslike, die „gentleman" beoog....), [1] bewys alle beskikbare bronne op die gebied van die opvoedkunde dat hy wel vertraag is, verstandelik en geestelik; (2) En as daardie kind reeds op daardie skool 'n minderwaardigheidskompleks ontwikkel het - en weer lewer alle beskikbare bronne en die geskiedenis self, en ook die „lewende lywe" rondom ons, genoegsame getuienis dat dit wel die geval is; (3) En verder as daardie kind in die geleentheid gestel word om sy skoolonderwys, wat weens vertraging en minderwaardigheidsgevoel reeds 'n las en geen lus is nie, op daardie junior hoër, die sogenaamde „ primary school with secondary top" - en nie byvoorbeeld gelykstaande met die gewone hoërskoolkursus nie - as die kind die kans kry om op daardie skool sy skoolloopbaan te voltooi, dan val, al die feite in aanmerking genome, dit sterk te betwyfel of die Afrikaanse kind nog die akademiese skool sal wil bywoon. Nie alleen bestaan daar die gevaar dat, omdat vertraging alreeds 'n <u>fait accompli</u> is, die kind swakker sal presteer nie, maar dat die alreeds-aanwesige minderwaardigheidskompleks verder daardeur versterk sal word. En as daar van die ouer dan ook maar die geringste aanmoediging kom dat die kind maar „plaas-toe" moet kom hetsy omdat hy tog bewus is dat die kind vertraag is, of soos dit vir hom in sy onwetenheid voorkom, dom is, hetsy omdat daar wel werk op die plaas of in die huis is wat gedoen moet word - sal die kind heeltemal geregverdig wees as hy (of sy) na daardie uitkoms gryp, en dankbaar-bly die skool kan verlaat.

Sodat dit nie mag blyk asof die gevolgtrekkings vergesog is nie, en om die gevaar van die hele stelsel aan te toon, word die volgende woorde van die R.C.V.V., die liggaam wat die moeders van Afrikaanse Rhodesiese kinders, verteenwoordig en by wie die opvoeding van hul kinders natuurlikerwyse van die allergrootste belang is, aangehaal. „Met die „moderne" indeling van die

1) Meyer: Moedertaal en Tweetaligheid: 61.

skole blyk dit dat al ons plattelandse skole waar al ons Afrikaanse kinders is, „moderne" skole is. Die Engelse kinders wat saamgetrek is in die stedelike skole, is dan ook somar dadelik in die akademiese skool. Ons kinders kom nie in die sekondêre skole nie, om nie eens te praat van Universiteite nie. Dit gaan vir ons 'n vloek word. Sal ons ouers tog nie ontwaak om te besef dat as ons kinders nie Universiteite besoek nie, ons volk besig is om geestelik en materieel te verarm? Daar is oor en oor bewys dat dit baie selde gebeur dat 'n kind met 'n sekondêre loopbaan 'n werklose of armblanke word."

In die moderne skool is daar geen eksamen of toets wat die kursus afsluit nie. Wanneer die kind die skool verlaat, moet hy, indien hy dit verkies, hom ook verlaat op slegs 'n getuigskrif van die hoof. Met die beste wil in die wêreld kan so'n getuigskrif op niks meer gegrond wees nie as die kennis wat die hoof dra van die kind wat 'n produk van vertraging en minderwaardigheid is. „Ons moet sorg dat ons kinders sekondêre onderwys kry, nie net terwille van hulleself nie, maar ook om te verhoed dat ons volk houthakkers en waterdraers word. Die opvoedingskommissie sê hulle gee beurse en ander hulp aan ouers om hulle kinders na die akademiese skole te stuur, maar hulle kan veral ons Afrikaanse ouers nie met stokke en swaarde beweeg om hulle kinders na die skole te stuur nie. Die ouers wil hê die kinders moet op die plaas kom werk."[1)]

By ondersoek sal die owerheid dan ook wel bevind dat nie stokke, swaarde of beurse die kind op die akademiese skool sal kry nie, maar wel moedertaalonderwys. - En ook nie slegs moedertaalmediumonderwys as inleiding deur die moedertaal tot die kultuur van die ander volk nie, maar as inleiding in die moedertaal tot die kultuur van die eie volk en daardeur tot die van ander volke, en van die mensheid.[2)]

1) Die Zambesi Ringsblad: Januarie 1940, 6.
2) Vgl. Langeveld: a.w., 128.

c. Kragtens die Gesonde Inslag op Kerk, Volk en Staat.

In verband met die prinsipiële beskouings wat die Kerk ten opsigte van die onderwys huldig, is reeds aangetoon dat die grondslag van die skoolopvoeding Afrikaans-christelik moet wees en dat die skool nie mag losstaan van die huis nie. Hierdie eenheid van grondslag in die opvoeding tussen huis en skool word in die enger sin bepaal deur eenheid van godsdiens, taal, tradisie en kultuur. Ook die uitgangspunt van die opvoeding in die skool moet dieselfde wees as die van die kerk, naamlik die kind, wie se persoonlikheid, taal, verlede, huislike lewe, historiese agtergrond, godsdiens en bestemmming deur die opvoeder moet geken en rekening mee gehou moet word. Dieselfde doelpunt van die opvoeding, die meedeling van kennis op so'n wyse dat dit strek tot kennis en diens van God, tot Sy eer en verheerliking, moet ook deur sowel huis as skool gehuldig word, en die wêreldlike kennis moet verskaf word in die lig van die kennis van God. Die Kerk erken dan ook die Afrikaanse taal as die Afrikaner se God-gegewe taal, en voed die lidmaat op om sy taal te eer as 'n gawe van God en dit lief te hê. Dit is die taal van die Kerk en van die huis van die Afrikaanse gesin. Die mens dra deur sy taal die goddelike stempel, het dr. A.C.Bouman gesê.[1] Daarom handhaaf die Kerk dan ook die taal baie beslis. Dit is dan ook duidelik dat alleen moedertaalonderwys die Bybeltaal waarin die Kerk preek en onderrig, ten volle bevorder en verryk en in heelhartige ooreenstemming is met die hele wese van die Kerk.

In verband met daardie godsdiensonderrig van die Kerk op skool is reeds op die bevoorregte posisie wat die Kerk in Rhodesië verleen word, dat naamlik die leraar van elke kerk die godsdiensonderwys kan waarneem, gewys. Dit is dan ook wat die Kerk betref, 'n ideale reëling, en enige bedenkinge daarteen, of nadelige uitwerking daarvan, moet nie die staat ten laste gelê word nie.

1) Stellenbosche Oudstudent, April 1940, 11.

Ook die feit dat dit wel in die moedertaal gegee kan word, kan seker nie genoeg aangeprys en geregverdig word nie.

Maar dit is veral in die eerste plaas die skeiding wat daar tussen die medium van onderrig van die skool en van die Kerk bestaan, wat nadelig moet inwerk op die Kerk. Vir die kind wat twee of drie lesure per week sodanige godsdiensonderrig in Afrikaans mag ontvang, moet dit slegs as 'n aanplaksel voorkom omdat daar tog nie die deurlopende eenheid is tussen die gees en rigting van die skool wat alleen Engels ken en erken, en die gees en rigting van die Kerk nie. Hierdie gevoel van skeiding alleen is genoeg om vervreemding tussen skool en kerk te bring.

In die tweede plaas gebeur dit ook dat die leraar, sosiale of sendingwerker of werkster, kerkraadslid of ouer nie self die godsdiensoefening kan waarneem nie. Dan word die klasse deur die skoolpersoneel waargeneem. Na die aard en regsinnigheid van die leer van daardie onderwyser word nie ondersoek ingestel nie, maar dit is in ieder geval 'n troos dat 'n onderwyser nie die godsdiensonderrig, sal waarneem as hy of die hoof nie oortuig is dat hy wel 'n gelowige is nie. Daarby moet die Kerk dan berus. Dan is die taal natuurlik ook weer Engels in die meeste gevälle omdat Afrikaanse onderwysers in ieder geval nie so beskikbaar is nie. Taal, wat dan ook die hele wese van die kind deursyfer, word so in verband gebring met sy godsdiens en dit kan daartoe lei dat die kind oorhel na die lewensbeskouing en taal van die onderwyser wat die godsdiensonderrig gee.

In die derde plek kan die verkeerde taal egter die godsdienstige lewe van die kind self aantas, vir so ver die gebedslewe verstoor word. „Vanaf sy eerste jare het Mammie hom geleer om sy ogies te sluit en eerbiedig te sê: „Ons Vader, wat in die Hemel is, U naam word geheilig....." Rondom hierdie toneeltjie het daar gaandeweg vir hom 'n heerlikheid van gevoel gegroei. En selfs al mag hy hier en daar 'n woord minder goed verstaan,

tog deurvoel hy volkome die betekenis van daardie gebedjie. Dwing hom nou om in die plek hiervan te stel: "Our Father which art in heaven, hallowed be thy name......" Deurdat alles vir hom vreemd is, bly dit 'n gelol met woorde. Daar is geen innigheid, geen helpende assosiasies nie. Hy kan maar nie belang stel in gebed nie; 'n gebed is dit vir hom nie, dis 'n aangsvallige inspanning om tog nie een van die woorde verkeerd te gebruik nie. Hy raak geestelik vermoeid, die heerlike betekenis en die wonder van die gebedjie is vir hom verlore. En die herinneringe van die onaangename gesukkel met vreemde woorde mag hom selfs later onverskillig gaan stem teenoor daardie mooi gewoonte wat Moeder hom aangeleer het. In vergelyking met sy Engelse maatjie is hy 'n sukkelaar, 'n geestelik-armoedige wesentjie."[1]

Deurdat dus die moedertaal in een van die magtigste faktore van die kind, die godsdiens self, buite rekening gelaat word (die skole word met 'n Engelse gebed en skriflesing geopen), word nie alleen die kind self skade berokken nie, maar raak hy vervreemd van die instelling wat daardie godsdiens verpersoonlik - van die Kerk. So word, om die minste te sê, die numeriek van die Kerk aangetas. "Neem maar die geval van kinders wat nie gedurende die vroegste jare hul moedertaal van hul ouers leer nie, (dit wil sê dat die ouers wel praat net maar nooit aan die kinders die taal onderrig nie). Dit gebeur dan dikwels dat hulle dit nooit magtig word nie. Gevolglik word hulle afgesny van alle geleenthede vir kontak met en verryking deur die geestesgoedere van hul eie kerk en volk. Hulle baan nie hulle weg in hul eie Sondagskool, kerk, kerklike en ander verenigings nie, hulle staan vreemd teenoor die tradisies van hulle eie voorgeslag, hulle is nie tuis in die samelewing van hul eie mense nie. Op sy beste bly dit vir hulle moeilik om enige voordeel te trek uit hul verkeer daar. Tegelykertyd word hulle kerk en volk verarm, deurdat hulle moontlike <u>verrykende</u> bydraes daar gemis word.

1) Die Brandwag: 22.4.1938.

"In die geval van Rhodesië hoef dit nie beteken dat die jongmense dit so verlang het, of dat hulle doelbewus gestrewe het na 'n toestand van vervreemding van hul eie agtergrond en na die verarming van hul eie godsdienstige en kulturele lewe nie. Dit is die omstandighede wat daartoe meewerk en dikwels die ouers wat onder sulke omstandighede niks (kan) doen om dit te verhelp nie. Soms is dit pateties om die pogings van sommige mense te sien wat darem nog die uiterlike band met hulle kerk en hulle eie volk wil bewaar. Dikwels stel dit die leraar, wat hulle graag wil help in 'n moeilike of onmoontlike posisie.....(Ek) het byvoorbeeld aansoek ontvang om by die dorp in die Sondagskool, katkisasieklasse, by huwelike en begrafnisse, ens. Engels te gebruik, aangesien die betrokke lede van ons kerk of hulle kinders nie Afrikaans kan verstaan nie....Dit lê voor die hand dat hierdie toestande die werk van die kerk soms baie moeilik maak. So sal 'n deugsame kerkraadslid, wat in sy lewe en werk veel vir die gemeente beteken, slegs aanneem as kerkraadslid op voorwaarde dat die onmoontlike, naamlik om in Afrikaans te bid nie van hom verwag word nie."[1] Dit was dan ook die bevinding van die Enkeldoornkommissie dat die N.G.Kerk bewus is van die gevaar van vervreemding van die kerk as die moedertaal verwaarloos word. "It appears to be the belief of the Dutch Reformed Church that as soon as any member of its flock tendsto become anglicised, and to relax its use of the Afrikaans language, there is grave danger that such a member will eventually become lost to the church."[2] Daarom dan ook het ds. Louw hom verweer toe gesê is dat as al die kinders dan wel Engels leer en so'n eenheid vorm (wat natuurlik 'n eenheid op kerklike gebied kan veronderstel) daar rasse-samewerking sal wees, deur aan te toon, "we don't regard it as a desirable solution because inmy own experience I have not found that these children are necessarily the valuable ones in our church, or in the English churches where they usually go because

1) A.F.Louw (Jnr.): Die Kerkbode: 11.10.1946, 496 - 497.
2) Enkeldoorn and Schools Commission, 66.

they are not at home in our church."[1]

Intussen gaan die vervreemding egter stoed voort.[2] Die kind van die eerste Engelsmediumskole het vandag reeds 'n grootvader geword en die vervreemde kind beleef tans die „derde en vierde geslag." Dit is dan ook begryplik dat die kind van daardie ouers vandag nie alleen los van die kerk sal opgroei nie (vanaf 1939 tot 1947 byvoorbeeld, dit wil sê binne minder as slegs 10 jaar, het die aantal leerlinge wat onder die hoof „No-religion" geklassifiseer is van 23 opgeskuif na 53 waarvan 47 in die laerskool was), maar ook die voorregte moet ontbeer om deur sy ouers en in die huis van God tot kennis van die ewige waarhede gebring te word. „As die Ouers, met die Kerk gebreek het, vind ook die kind selde sy weg daarheen; vanweë die organiese band van die huisgesin, wat 'n magtige middel tot behoud van sy lede kan wees, ly die kinders ten gevolge van die Ouers se afdwaling. Hiermee word natuurlik nie beweer dat die kind die weg tot die ewige lewe nie sal vind nie, daaroor beskik God alleen, maar in sy toekomstige optrede as lid van die Boerevolk sal die gebrek aan 'n godsdienstige opvoeding sig terdeë laat geld. Volksgevoel alleen is nie voldoende nie, daar moet kennis, prinsipieël-gefundeerde kennis wees. Waar die huis tekort skiet en die Kerk verbygegaan word, is dit voorwaar moeilik om surrogate te vind."[3] „Kerklos is maar alte dikwels God-los,"[4] en los van die volk. „Is dit die moeite werd," het dr. De Wet, gevra, „om ons mense op te volg om hulle sodoende te probeer behou vir kerk, taal en volk? Sou dit nie beter gewees het om hulle aan te raai om een te word met die bevolking van die land en maar hulle kerk te neem nie? Nee, en nogmaals nee, want die man wat los is van sy volk, kerk en taal het iets verloor wat niemand hom ooit weer kan gee nie. Die eie moet vir elke mens die beste wees. Die N.G.Kerk het dan ook op elke gebied probeer om die volk hiervoor wakker te maak."[5]

1) Enkeldoorn and Schools Dommission, a.w., 64.
2) Zambesi Ringsblad, Oktober 1945, 3.
3) D.J.van Rooyen: Wapenskou September 1943, 23.
4) Vgl. Zambesi Ringsblad: April 1948, 11.
5) Zambesi Ringsblad: Oktober 1945, 3.

Wanneer dus die moedertaal veronagsaam word, ly kind en gemeenskap en kerk daaronder. „Gaan die Afrikaanse volk ten onder deurdat die taal wat die <u>siel</u> van die volk is, verswak, verkrag en stelselmatig gedood word, dan is dit ook klaar met die Afrikaanse kerk, want sy lidmate is die Afrikaanssprekendes en die Afrikaanse volk is sy arbeidsveld maar ook sy voedingsbron. Terwille van sy voortbestaan is die kerk deur God geroep om die moedertaal as medium van onderwys te beskerm, en dit is naas God alleen die Afrikaansmediumskool wat die Kerk kan red teen selfmoord. Word die moedertaal by die kind in sy volste betekenis verkrag en ontneem, dan mag die kerk nie swyg nie."[1)]

Dit is dan ook juis omdat die N.G.Kerk homself moet beskerm, en omdat daarom die Afrikaanse volk as 'n aparte volk met 'n eie taal beskerm moet word, dat die kerk so beslis optree teen enige poging om 'n soort „volkseenheid" in Rhodesië te bewerkstellig. Die N.G. Kerk het sy eie gereformeerde beskouing, sy eie roeping wat hy alleen moet handhaaf, bo die belange van die staat as die staat bots teen daardie Godgegewe roeping. Alleen wanneer die beskouing ten opsigte van die moedertaal van die N.G.Kerk, van die Afrikaanse volk en van alle opvoedkundiges erken, geëerbiedig en ten uitvoer gebring word, sal daar samewerking, landseenheid, „social-co-operation" wees wat die staat verlang. Geen ander fondament is „reg" of moontlik nie. „The general use of a common language is one of the most powerful factors in building up a united people,"[2)] het die Enkeldoorn-kommissie verklaar. Daardie „common language" wil die Afrikaner ook eerbiedig maar dan moet tog „konkreet" opgetree word en erken word dat die Rhodesiese bevolking nie 'n <u>aparte</u> volk is met 'n <u>eie taal</u> nie. Hulle is „Engelse" of Afrikaners, en wanneer die gebruik van 'n „common language" dan wel die ideaal van 'n „united people" beoog, met ander woorde in <u>die geval van die Engelse bevolking</u>, wanneer die gebruik

1) H.C.J.Flemming: in Inspan: Oktober 1943, 19.
2) Enkeldoorn and Schools Commission, 65.

van Engels hulle (die Engelse bevolking) onderling hegter saamsnoer (unite), eer die Afrikaner daardie taal en daardie volk; maar om dieselfde rede, om immers konkreet, konsekwent, redelik te wees, verwag die Afrikaners ook dat hulle taal beskou sal word as „one of the most powerful factors" om 'n verenigde Afrikaanse volk op te bou. Wanneer egter daardie „common language" deur die Angel-Saksiese volksdeel gebruik wil word om nie 'n eenheid van die Afrikaner met die aparte Afrikaanse gemeenskap te verseker ( wie se lewensbeskouing en geestesinstelling nie-empiristies is omdat hy God as Skepper van die werklikheid en as hoogste Werklikheid aanneem en as sodanig daarop gerig is[1]) maar 'n eenheid van die Afrikaner met die Engelse gemeenskap (wie se wêreldbeeld, volgens dr. P.Meyer, wie se geestes-rekonstruering en sy algemene karakterisering, empiristies is, en die algemeen menslike werklikheid van 'n „common language", net soos van sy begrippe vervat in die sogenaamde „common sense," „common law," „Book of Common Prayer," „Common Wealth," „Common Room, „House of Commons," as hoogste werklikheid stel,[2]) kan, mag, en sal daar nooit 'n „united people" in Rhodesië wees nie. „No language of other races, no acceptance - however brilliant or faithful or effective - of the formulas and the institutions of other human groups, will quite avail. For that which race would ask of race- as it contemplates the issues of racial and domestic fusion, - is not the culture of another, even though that other be itself, but a culture of its own as the instrument of its self-revealing."[3] „There is a rivival of the languages of small nations, the use of which is palpably a disadvantage in a world ruled by mass-movements. (But) the urge of nationality remains real.......Coelum, non Animum, mutant qui trans mare currunt: religion and nationality defy the unifying influence even of the industrial system of the New World. It is quite recognised,

1) Meyer: Moedertaal en tweetaligheid, 49.
2) Idem: 53. Vgl. L.du Plessis in „Op die Voorpunt van die Tye (35) „misdui as Calvinisties,terwyl dit hoogstens is 'n subjektioistiese vervalste Protestantisme.
3) Zimmern (aangehaal) a.w., 83.

both in Europe and in America, that these prejudices, or as they should be more rightly called these instinctive loyalties, do not pay, but they are felt to be the source of all vitality and self-respect. Man still remains not wholly an economic animal, and if the devil in the guise of the industrial system whispers him in the one ear, and in the other his good angel whispers the question; "What shall a man gain if he win the whole world and lose his own soul?", there is no doubt what the answer of humanity (ook van die N.G.Kerk en die Afrikanervolk) will be."[1)]

Daarom mag nie verlang word dat deur middel van die „common language", die Afrikaner een met die Engelse burger sal word nie, of dat, met ander woorde, dié uitgediende Fakulteitspsigolie nog vandag gehuldig moet word nie. 'n „Common language" verklaar Gray in Foundations of Language, mag 'n „powerful factor" vir eenheid wees, „but neither unity of race nor unity of language is inherently necessary for such consciousness".[2)]

Op daardie eenheidsbasis weier die Kerk dan ook tereg om saam te werk. "The Dutch Reformed Church professes a wholehearted desire for race co-operation within this colony, so long as such co-operation does not impinge upon the traditions of the Afrikaner people and always with the reservation that the Afrikaans language should not only receive the consideration which it enjoys, but that facilities for increased tuition should be provided. Leaders of the Church express regret that Afrikaans is not normally taught in Rhodesian Schools until after Standard V. The feeling is that Afrikaans should be taught from the time the child enters school. It is claimed that by postponing the age at which Afrikaans is taught as a voluntary subject, the Afrikaner child is left with a feeling of inferiority as to the status of its language, and that the delay adversely affects its general progress and religious studies".[3)]

1) Norwood: The English Tradition of Education, 303,304.
2) Gray: Foundations of Language, 117.
3) Enkeldoorn and Schools Commission, 63.

Die N.G.Kerk wil met ander woorde heelhartig saamwerk maar nie onvoorwaardelik nie. "When there is either interference with freely speaking a given language or dialect, or an endeavour to enforce its use, much more than linquistic factors is at stake..... the whole problem of personal freedom becomes envolved."[1] Die N.G.Kerk wil die Afrikaner sy eie identiteit, sy selfrespek as 'n aparte nasie laat behou, want nasionaliteit vir 'n volk is wat persoonlikheid is vir 'n indiwidu, en daarin moet die volk opgevoed word. "The most essential element in the education of nations, as of individuals, is selfrespect.......Education without selfrespect is not the drawing-out of gifts and virtues. It is the smearing of a polish or the practice of a hideous mimicry." Die N.G.Kerk het egter nog steeds die weg aangetoon waarlangs daardie samewerking verkry en bekom kan word, naamlik om die Afrikaner en sy taal te eerbiedig. Waar daardie weg van samewerking nou deur een seksie van die bevolking van die hand gewys word, is dit onbillik om te beweer dat die kerk nog geen poging aangewend het om daardie "good relations between the two races" teweeg te bring, soos die Enkeldoornkommissie konstateer het nie.[3] Ook tydens die viering van die 50-jarige bestaan van die N.G.Kerk in Rhodesië het die publiek en owerheid baie duidelik die stem van die kerk in verband met samewerking gehoor. En as al die pogings van kerkskole, C.N.O.-skole, deputasies nog nie die noodsaaklikheid van die Afrikaanse moedertaalonderwys onder die aandag van die hele land gebring het nie, dan het juis die kommentaar wat die Enkeldoorn-Kommissie Verslag ook by daardie geleentheid uitgelok het, dit wel gedoen. Sy Eksellensie die Goewerneur, C.Tait, het naamlik tydens genoemde viering onder andere daarop gewys dat die betrokke kommissie verlang het dat die kerke meer moet doen om die verlangde samewerking tussen die twee bevolkingsgroe-

1) Gray: Foundations of Language, 118.
2) Zimmern: Nationality and Government, 123.
3) Enkeldoorn and Schools Commission, 90.

pe te verkry.[1] „Ons kerk het dadelik gereageer en voor sy Eksellensie die vergadering verlaat het, het 'n kerkvader, ds. A.A.Louw van Morgenster, een van die belangrikeste kanale aangewys waardeur dié beter verstandhouding, waarna elke reggesinde Rhodesiër verlang, verkry kan word. Ds. Louw het 'n beroep op die owerheid gedoen, in belang van samewerking, om Afrikaanssprekende kinders tenminste dieselfde geleentheid om deeglik opgelei te word, te bied as wat hulle Engelssprekende medeleerlinge aangebied word naamlik om in die elementêre stadium deur medium van hulle moedertaal onderrig te word. Ons herhaal, dat ons kerk van haar kant nie op haar laat wag het om een van die <u>SEKERSTE</u> paaie tot samewerking aan te wys nie."[2] Maar ook dié keer is die weg, so aangewys, geïgnoreer. Een blad het byvoorbeeld gemeen „dat aangesien die ondervindinge in Ierland, Kanada en die Unie van Suid-Afrika nie volgens verwagting is nie, onderwys deur 'n ander medium as Engels vir die land onwenslik is."[3] Daarop het die Zambesi Ringsblad dan ook gevra of die blad moedertaalonderwys met 'n beleid van lands-tweetaligheid verwar het, en aangetoon dat „niemand hier om tweetaligheid gevra het nie, maar slegs om ons kinders in die <u>elementêre</u> stadium deur moedertaalmedium te onderrig, en ons vra dit omdat ons van ons kinders ook „good Rhodesians" wil maak."[4] Die betrokke Ringsblad skets dan die onbillikheid van die owerheid om moedertaalonderwys in belang van die hele volk in die staat toe te laat in onomwonde taal. Daar is gewys op die opvoedkundige menings insake moedertaalonderwys en op die feit dat alle ouers in alle lande van die wêreld die kind laat onderwys in die taal van daardie kind en ouer. „Wat is die posisie van die Afrikanerouer en kind? As ons ons kinders <u>deeglik</u> wil voorberei om gelykop die lewenstryd met kinders van ander volksgroepe te kan voer, waar moet ons hulle heen stuur? Volgens die weekblad is toestande in die Unie onbevredi-

---
1) Zambesi Ringsblad, Oktober 1945.
2) Idem.
3) Idem.
4) Idem.

gend en daarom moet moedertaalonderwys, selfs in die begin, nie hier geduld word nie. Ons vra weer - Waarheen? Moet die Afrikanerkind se kans om sukses in die kortstondige lewe te behaal, dan versper en ingekrimp word, net omdat samewerking sulke skynbaar selfsugtige eise stel? Het die N.G.Kerk en Afrikaners dan verniet gearbei om hierdie streek 'n land te help maak, wat geleentheid vir alle nasies bied, en moet die taal van daardie kerk en volksgroep, die taal van so baie wat die heer Rhodes sonder voorwaardes hierheen verwelkom het, omdat hy hulle nie net as goeie vegsmanne beskou het nie, maar ook as baanbrekers - moet daardie taalonderwys nou as onwenslik gebrandmerk word? Ons verlang samewerking, maar kan dit net geskied deur 'n eensydige onderwysbeleid? Moet ons kinders minder geleentheid ontvang om deeglik opgelei te word, omdat hulle Afrikaners is? As samewerking werklik verlang word, en ons verlang werklik daarna, moet die volle prys deur ons en die welvaart van ons kinders betaal word? Kan samewerking dan nie eerder verkry word deur 'n mate van toegewing van beide kante nie, of moet slegs die Afrikaner onvoorwaardelik saamwerk?.....Ons hoop dat die Owerheid, as hulle samewerking verlang, die wenk sal aanvaar van 'n kerkvader, wat Rhodesië toe gekom het, om die Groot Boodskap van liefde en vrede vir alle nasies te verkondig, en wat seker nie deur sy werk iets anders as vrede en samewerking beoog nie."[1)]

Die kern van die hele saak kan nie anders verklaar word nie as: „Een der grootste hindernissen tusschen ons schuilt in de wêreld-machtsdroom, in de vleiende gedachte van het Imperialisme, welke in de grond van onzen ziel sluimert. Wij wenschen wellicht alleen een vriendschappelijken verkeer ....doch wij kunnen ons dien moeilijk voorstellen zonder de heerschappij van onze eigen natie.......Hoe meer wij van onze eigen macht en bekwaamheid houden, des te meer worden wij van den boozen geest van het chauvinisme en imperialisme bezeten."[2)]

1) Zambesi Ringsblad, Oktober 1945, 2.3.
2) Aangehaal deur A.Ringelberg: De Stryd Voltooid, 66.

Vir al die naturelle en gekleurde bevolkingsgroepe het die owerhede deur wetgewing bepaal dat daar aparte skole sal wees,[1] en die wetgewing, het die eerste Minister verklaar, „gives us the machinery for separating these various racial groups when there are sufficient numbers of any particular group to justify establishing a school, so that as far as is humanly possible we intend, and I am sure my successors will intend, to give these various racial groups the maximum of separation and proper surroundings from their racial point of view. For instance if there were sufficient Malays in any particular district, we would have a school for Malays. If there were a sufficient number of people who are a cross of the first generation, they could have a half-caste school if they liked to call it that."[2]

As die staat in sy eie belang al hierdie groepe afsonderlik wil behandel, in watter verband een parlementslid, Ian Wilson, verklaar het: „the United Party (die regerende party die afgelope 15 jaar lank) stands for a square deal for all sections of the community."[3], is dit moeilik om enige regverdiging te vind vir 'n beleid wat die Afrikaner sy moedertaalonderwys, sy groepeie, volkseie onderwys misgun. Daarom is die kerk allesins geregverdig in sy stelling dat moedertaalonderwys die enigste oplossing van die probleem van die onderwys van die Afrikaanse kind in Rhodesië is. „National idiosyncracies are, of course, troublesome things to the administrative mind. The Prussian way is an easy way. It is inconvenient to have two official languages as in Belgium and South Africa, or even three, as in Switzerland, but such inconvenience is the price of toleration. It is the price the world must pay, and pay gladly and with understanding, for the richness and variety of a real international civilisation."[4] En hoeveel makliker behoort dit nie te wees waar die Afrikaner geensins Afri-

1) Education Act. 1938, clause 13.
2) Vgl. Hansard, 3.10.1938, 2634.
3) Vgl. Ian Wilson: General Election Pamphlet: Inodzi, Penhalonga, 15.9.1948.
4) Zimmern: a.w., 96.

kaans as tweede offisiële taal verlang nie, maar slegs die geleentheid deur die onderwys tot volle ontwikkeling van sy persoonlikheid. "One cannot have co-operation without a proper recognition of individuality ......When a people suffer from unrealized emotional expression they develop complexes which distroy their natural poise.They become unsure of themselves and unable to co-operate. If the principle of individuality is violated, that of co-operation fails."[1)]

4. SAMEVATTING EN SLOT.

Die Afrikaners in Rhodesië vorm 'n erkende volksgroep wie se kinders minstens 'n kwart van die skoolbevolking uitmaak. Hulle is die grootste en belangrikste minderheidsgroep. Daar bestaan geen regverdiging dus vir die staat om die Afrikaanse volksgroep nie te wil erken nie aangesien hulle 'n aparte volk is en wil wees en deur die geskiedenis getoon het dat hulle dit ook kan wees. Bewus van 'n eie roeping het daardie volk hom geskaar om sy belangrikste volksinstelling in Rhodesië, die N.G.Kerk, wat opgetree het waar en wanneer daardie volk in die verlede gevaar geloop het om die weg en wese van sy Godgegewe roeping byster te raak. Daardie gevaar, het die Kerk besef, bestaan wel in Rhodesië op onderwysgebied waar die kind nie die reg en voorreg geniet om deur middel van sy moedertaal ingelei te word tot die beginsels van kennis en wetenskap nie, waar Engels die enigste medium is ook vir die Afrikaanse kind selfs wanneer hy die dag vir die eerste keer met dikwels net die kennis van sy moedertaal en geen kennis van Engels nie, die skool besoek.

Die kerk het hom vergewis van die noodsaaklikheid van onderwys in die moedertaal soos deur alle opvoedkundiges van oor die hele wêreld bepaal is, en ook van die nadelige gevolge wat andersinds op die kind inwerk wanneer hy met 'n vreemde taal moet begin. Hy word 'n verstandelike en geestelike sukkelaar wat weens vertra-

---

1) Fletcher: Education and Colonial Development, 25.

ging ook van die beter opvoedkundige fasiliteite verstoke bly.

En dit alles omdat deur 'n wetgewing wat verouderd, ongeregverdig, ongerymd is, die staat in sy eie imperialistiese belange die Afrikaner wil probeer verengels ten alle koste - ten koste van die skending van daardie landsbepaling self, ten koste van die internasionale wetgewing soos deur die Volkereband bepaal, ten koste van die vernaamste beginsels van die opvoedkunde, ten koste van die godsdiens van die kind, sy geskiedenis, wat gefundeer en vasgelê is in die volkstaal en - kultuur, ten koste van die staat self. En daarom tree die Kerk dan ook onverbiddellik en beslis op teen so'n onderwysbeleid, en wil deur 'n gesonde stelsel van moedertaalonderwys die kind beskerm teen daardie verengelsing en wat dit alles impliseer. Maar meer nog: hom deur middel van sy eie taal opvoed om getrou te wees aan sy kerk, sy volk, sy God en homself, en om so nie alleen die pedagogiek selfstandig te laat besluit nie, maar te verseker dat daardie Kerk en Volk nie in Afrika en Rhodesië waar hulle 'n besondere taak volgens Gods Bestel het om te vervul, verder geskaad sal word of heeltemal tot niet sal gaan nie. Daarom beoog die kerk dan ook dat 'n onderwysstelsel deur die staat gewaarborg sal word wat in al sy verskillende stadia sal probeer om van eksklusiwiteit en bevoorregting ontslae te raak, en gewillig sal wees om alle opvoedkundige en historiese feite, opvoedkundig, en nie polities nie, te vertolk en sodoende „realize that it is in the nature of simple justice that all should have the same chance, and so far as may be, it will seek to provide it."[1] Hoe so'n sisteem opgebou kan word, word in die volgende hoofstuk in breë trekke beskryf.

---

1) Norwood: The English tradition of Education, 243.